# Die multiversiteit: ’n Ideologiekritiese studie van Clark Kerr se pluralistiese universiteitsidee.

**D.V. CORREIA**

**12791083**

Verhandeling voorgelê ter *gedeeltelike* nakoming vir die graad *Magister Philosophiae* in Filosofie aan die Potchefstroom Kampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. Michael Heyns

November 2014

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

# Voorwoord

Die studie sou nie moontlik gewees het sonder al die ondersteuning wat in die tyd ontvang is nie. Ek wil my vrou Elbie, my ouers en skoonouers bedank vir hulle onvoorwaardelike ondersteuning. Alleen sou ek nie hierdie studie nie kon voltooi nie.

Hiermee saam wil ek Mnr. en Mev. van der Kooy bedank vir die taalversorging wat dikwels op kort kennisgewing gedoen is. Vir prof. Michael Heyns wil ek bedank vir die kwaliteit van die leiding wat hy gegee het te midde van 'n besige skedule. Elke keer as raad benodig is daar sinvolle en rigtinggewende leiding gegee.

Ek is ook dank verskuldig aan diegene wat lank voor die studie by my belangstelling in die Christelike Filosofie aangewakker het. Hier wil ek graag dr. Wikus Buys en prof. Bennie van der Walt uitsonder.

Dan is dit net gepas dat ek die Here bedank vir die gawes, geleenthede en genade wat Hy ryklik geskenk het. Daarsonder sou dit nie moontlik gewees het om die studie te voltooi nie. Aan Hom al die eer.

D.V. Correia

Junie 2014

# Opsomming

Die multiversiteit is ŉ term wat Clark Kerr in 1963 gebruik het om die pluralistiese karakter van die Amerikaanse universiteit te beskryf. In dié studie is daar gepoog om aan te toon dat ŉ pluralistiese begronding van die universiteit ruimte laat vir ideologiese beïnvloeding. Terwyl die pluralisme voorgee om geen waardeoordele te hê nie, word die teendeel hiervan in die geskiedenis van die Amerikaanse universiteite waargeneem. Daar moet in ag geneem word dat die pluralisme in Amerika binne ŉ sekulêre milieu ontstaan het. Binne die omgewing is die religieuse begrondinge van die universiteit bevraagteken en dit lei daartoe dat die meeste Amerikaanse universiteite Christelike waardes met sekulêre waardes vervang het. Daar word in die studie geargumenteer dat die sekulêre vakuum[1] wat geskep is ruimte laat vir die ontwikkeling van ideologieë.

Een van die kenmerke van ideologieë is hulle totalitêre invloed. Terwyl Kerr uitgaan van ŉ pluralistiese standpunt eindig hy met spore van verskeie ideologieë in sy universiteitsmodel. Die identifisering van die ideologieë wys daarop dat daar waarskynlik teenstrydighede teenwoordig is in Kerr se universiteitsmodel. Die kernteenstrydigheid is dat Kerr enige totaliserende religieuse begronding van die universiteit probeer vermy, maar in die proses ŉ slagoffer word van drie leidende ideologieë. Vanuit Kerr se 1963-geskrif "*The Uses of the University*" is daar sterk spore geïdentifiseer van die geloof in voortdurende vooruitgang, nasionalisme en ekonomisme.

In Kerr se beskrywing van die geskiedenis van die universiteit kom hy tot die gevolgtrekking dat die universiteit genoodsaak word om voortdurend aan te pas by die tye. Die geloof in voortdurende vooruitgang speel hier ŉ leidende rol. Die noodsaak van verandering word deur Kerr so sterk beklemtoon dat hy dikwels praat van die "imperatiewe van verandering". Die veranderinge word in ŉ ewolusionistiese sin beskou as noodsaaklik vir 'n universiteit se oorlewing. Kerr distansieer hom om dié rede van die historiese eenheidstrewe van die universiteit. Die eenheid van die universiteit is voorheen gekenmerk deur die woord *uni* van *uni*-versiteit. Daar word geargumenteer dat die universiteit nie meer ŉ gemeenskap van dosente en studente is nie, en dat daar nie meer iets soos eenheid in die wetenskap moontlik is nie. Kerr se oplossing is om eerder die pluralistiese begronding van die universiteit te omhels, juis omdat dit volgens hom meer bevorderlik is vir vooruitgang. Kerr noem die postmoderne Amerikaanse universiteit om hierdie rede ŉ multi-versiteit. Hy onderskei die Amerikaanse multiversiteit van ouer Duitse en Engelse universiteitsmodelle, met die oogmerk om aan te toon dat die Amerikaanse universiteit

---

[1] Hiermee word die ruimte wat voorheen deur tradisionele religieë gevul was bedoel.

op die voorpunt van verandering staan. Daar sal geagumenteer word dat die strewe na voortdurende vooruitgang ideologies bepaal is.

Die nasionalistiese motief van die Amerikaanse universiteit kan nie losgemaak word van die geskiedenis van die Amerikaanse universiteit nie. Vanaf die Tweede Wêreldoorlog en die einde van die Koue Oorlog was die Amerikaanse universiteit vir ŉ tydperk van ongeveer 50 jaar intens betrokke by navorsing in sake van nasionale belang. In dié tyd word die taak van nasionale diens tot ŉ hooftaak van die universiteit verhef. Kerr beskryf hoe die staat se betrokkenheid te midde van verskeie probleme tog voordelig was vir Amerika as ŉ nasie.

Na die skielike einde van die Koue Oorlog het die Amerikaanse universiteite al hoe meer betrokke geraak by die sakewêreld. Hoewel die kommersialisering van universiteite eers sedert die einde van die Koue Oorlog spoed opgetel het, het Kerr reeds in 1963 voorspel dat universiteite toenemend die vorm van ŉ besigheid sal vertoon. Hy beskryf die universiteit as ŉ kennisindustrie wat die doel het om kennis op ŉ groot skaal te produseer. Die ekonomiese motief word hier verhef tot een van die hooftake van die universiteit.

In hierdie studie is daar gepoog om aan te toon dat die pluralistiese universiteitsmodel wat Kerr voorstaan nie vry is van ideologiese beïnvloeding nie. Tog is daar nie een religieuse vertrekpunt wat aan die hoof van die multiversiteit staan nie. Daar is eerder sprake van verskeie potensiële ideologieë wat dreig om die universiteit permanent te verander.

Die ideologie van voortdurende voortuitgang dreig om die universiteit van sy historiese wortels te vervreem. Wanneer die universiteit, in diens van die Amerikaanse nasionalisme, diens aan die nasie as sy hoogste taak beskou, het dit byvoorbeeld uitgeloop op die vervaardiging van genoeg kernwapens om die aarde tien maal te vernietig. Waar die universiteit strewe om volgens besigheidsnorme ingerig te word, het dit ŉ dehumaniserende uitwerking op dosente en studente.

Dit alles dui daarop dat daar vandag ŉ groot gevaar bestaan dat die universiteit op ideologiese wyse vir eie gewin misbruik kan word deur die samelewing, deur die nasie en deur die sakewêreld. In Kerr se boek "*The Uses of the University*" skryf hy optimisties oor die verskeie nuwe gebruikers van die universiteit. In hierdie studie word daar meer pessimisties gewys op die gevare van ideologiese beïnvloeding wanneer die universiteit toelaat dat ander aan haar voorskryf wat haar eintlike taak en roeping in die wêreld is.

## Sleutelterme

Multiversiteit

Universiteit

Vooruitgangsgeloof

Nasionalisme

Ekonomisme

Ideologie

Clark Kerr

Pluralisme

# Inhoudsopgawe

**1. INLEIDING ... 1**

**1.1 Die term “multiversiteit” ... 1**

**1.2 Religieuse pluralisme ... 2**

**1.3 Drie leidende ideologieë ... 2**

1.3.1 Vooruitgangsgeloof ... 2

1.3.2 Amerikaanse nasionalisme ... 4

1.3.3 Ekonomisme ... 4

**1.4 Voorlopige samevattende vermoede ... 5**

**1.5 Probleemstelling ... 5**

**1.6 Sentrale teoretiese stelling ... 5**

**1.7 Subvrae ... 6**

**1.8 Doelstelling ... 6**

1.8.1 Doelwitte ... 6

**1.9 Hoofstukindeling ... 7**

**1.10 Metode ... 7**

**1.11 Bydrae tot die studie ... 7**

**1.12 Literatuurverkenning ... 8**

**2. CLARK KERR SE LEWE EN NALATENSKAP ... 9**

**2.1 Opvoeding en opleiding ... 9**

**2.2 ’n Meesterplan vir hoër onderwys ... 10**

## Inhoudsopgawe (vervolg)


**2.3 The Uses of the University (1963) ..... 11**

**2.4 Berkeley studenteopstande van 1964 ..... 11**

**2.5 Bedanking ..... 11**

**2.6 Carnegie-kommissie en -raad. ..... 11**

**2.7 Terug by Berkeley ..... 12**

**2.8 Wyse waarop Kerr se boek behandel word ..... 12**

**3. GOUDZWAARD SE IDEOLOGIEKRITIESE BENADERING ..... 13**

**3.1 Inleiding ..... 13**

**3.2 Oorsig ..... 13**

**3.3 Geskiktheid van Goudzwaard se benadering ..... 14**

**3.4 Destutt de Tracy se opvatting van ideologie ..... 15**

3.4.1 Ontstaan in verligtingstydperk ..... 15

3.4.2 Invloede ..... 15

3.4.2.1 John Locke (1632-1704) ..... 15

3.4.2.2 Etienne Bonnot de Condillac (1715-1780) ..... 16

3.4.2.3 Epistemologiese grondslag ..... 16

3.4.3 Lewe ..... 16

3.4.4 Betekenis ..... 17

3.4.5 Samelewingsveranderende term ..... 17

3.4.5.1 Wetenskap ..... 17

## Inhoudsopgawe (vervolg)


3.4.5.2 Onderwys ........ 18

3.4.5.3 Politiek ........ 18

3.4.5.4 Pejoratiewe nalatenskap ........ 20

**3.5 Goudzwaard se ideologiekritiese benadering ........ 20**

3.5.1 Definisie ........ 20

3.5.2 Kenmerke ........ 21

3.5.3 Ontwikkeling van ideologieë ........ 21

3.5.4 Ses fases in die ontwikkeling van ideologieë ........ 22

3.5.5 Obsessiewe nastreef van 'n doelwit ........ 23

3.5.6 Ideologieë en afgodery ........ 24

3.5.6.1 Teïstiese kritiek ........ 24

3.5.6.2 Onderskeid tussen religie en kultuur ........ 24

3.5.6.3 Magsverandering ........ 25

3.5.7 Ontwikkelingsgang van afgodery en ideologie ........ 26

3.5.8 Totalitarisme ........ 27

3.5.9 Die doel heilig die middele ........ 27

3.5.10 Moderne afgodery ........ 28

**3.6 Samevatting ........ 28**

**4. VOORTDURENDE VOORUITGANG ........ 29**

**4.1 Inleiding ........ 29**

## Inhoudsopgawe (vervolg)

**4.2 Die geskiedenis van die universiteit ..... 29**

4.2.1 Die idee van ŉ universiteit (Middeleeuse universiteit) ..... 29

4.2.2 Die idee van ŉ moderne universiteit ..... 31

4.2.3 Die idee van ŉ multiversiteit ..... 32

**4.3 Kerr se voorkeur vir vooruitgang ..... 33**

4.3.1 Die rol van die president ..... 33

4.3.2 Pluralisme ..... 34

4.3.3 William James se invloed ..... 35

4.3.4 Pluralisme en ideologieë ..... 37

**4.4 Ideologiekritiese beoordeling ..... 38**

4.4.1 Hedendaagse kritici ..... 38

4.4.2 Die Berkeley studente-opstande van 1964 ..... 40

4.4.3 Is daar werklik geen alternatief nie? ..... 41

4.4.4 Is die Amerikaanse universiteit werklik besig om vorentoe te beweeg? ..... 43

**4.5 Samevattende kritiek ..... 43**

**5. AMERIKAANSE NASIONALISME ..... 45**

**5.1 Inleiding ..... 45**

**5.2 Nasionalistiese trekke in Kerr se universiteitsbeskouing ..... 45**

5.2.1 "Federal Grant University" ..... 45

5.2.1.1 Toename in staatsubsidie sedert 1930 ..... 45

## Inhoudsopgawe (vervolg)


5.2.1.2 Oneweredige verdeling van fondse ........ 46

5.2.1.3 Staatondersteuning sedert die Tweede Wêreldoorlog ........ 46

5.2.1.4 "GI Bill" ........ 47

5.2.2 Nasionalistiese motief ........ 48

5.2.3 Probleme met staatsubsidie ........ 49

5.2.4 Voordeel van staatsubsidie ........ 49

5.2.5 Die universiteit in diens van die staat ........ 50

5.2.6 Samevatting ........ 50

**5.3 Ideologiekritiese beoordeling ........ 51**

5.3.1 Inleiding ........ 51

5.3.2 Ideologie van gewaarborgde veiligheid ........ 51

5.3.3 Volwaardige ideologie ........ 52

5.3.4 Amerikaanse nasionalisme ........ 52

5.3.5 Universiteit en die ideologie van nasionalisme ........ 54

**5.4 Bevinding ........ 55**

**6. EKONOMISME ........ 56**

**6.1 Inleiding ........ 56**

6.1.1 Verklaring van die term "ekonomisme" ........ 56

6.1.2 Werkwyse ........ 56

**6.2 Kerr se ekonomistiese beskrywing van die universiteit ........ 56**

## Inhoudsopgawe (vervolg)


6.2.1 Deur die oë van ’n ekonoom ........ 56

6.2.2 Groter rol van administrasie ........ 57

6.2.2.1 Vermindering van fakulteitsmag ........ 57

6.2.3 Groei in die administratiewe deel van die universiteit ........ 57

6.2.4 Sakekonsultante ........ 58

6.2.5 Die universiteit binne die ekonomie ........ 58

6.2.6 Kennisfabriek of kennisindustrie? ........ 59

6.2.6.1 Meganistiese opvatting van die universiteit ........ 59

6.2.7 Die Berkeley studente-opstande van 1964 ........ 60

6.2.8 Kennis as produk ........ 61

6.2.9 Gevolgtrekking ........ 61

**6.3 Ekonomistiese universiteit ........ 62**

6.3.1 Resente publikasies ........ 62

**6.4 Ideologiekritiese beoordeling ........ 62**

6.4.1 Die ideologie van materiële welvaart ........ 62

6.4.2 Tirannie van die vrye mark ........ 64

6.4.3 Totalitêre invloed van die vrye mark op die universiteit ........ 64

6.4.4 Invloed op dosente ........ 65

6.4.5 Invloed op studente ........ 67

**6.5 Gevolgtrekking ........ 68**

# Inhoudsopgawe (vervolg)

6.5.1 Paradoksale universiteit ........ 68

6.5.2 Grand narrative van ekonomisme ........ 68

6.5.3 Reduksionistiese opvatting van die universiteit ........ 69

**7. SAMEVATTING ........ 70**

**BIBLIOGRAFIE ........ 73**

# 1. INLEIDING

## 1.1 Die term "multiversiteit"

Wanneer Clark Kerr die moderne Amerikaanse universiteit beskryf, kom hy tot die gevolgtrekking dat hierdie universiteit in praktyk, maar ook prinsipieel, verskil van vroeëre universiteitsmodelle. Hy stel dat daar nie meer een totalitêre visie is wat elke faset van die universiteitswese deurdring nie (Kerr, 1972a:104-105). Dit verklaar waarom hy die *uni* van universiteit na *multi* verander. Multiversiteit gee uiting aan die idee dat daar nie meer sprake is van een sentrale besielende gedagte wat elke aspek van die universiteit deurdring nie. Dus word die term gebruik om aan die pluralistiese karakter van die postmoderne Amerikaanse universiteit reg te laat geskied.

Verder gebruik Kerr dié term om die Amerikaanse universiteit van vroeëre Britse en Duitse universiteitsmodelle te onderskei. Hy maak dit duidelik dat die Amerikaanse universiteit nie meer hoef te strewe om soos Oxford of Berlyn te wees nie, maar dat dit eerder die model wil wees waarna ander lande se universiteite moet strewe. Om aan te dui dat die Amerikaanse universiteit op die voorpunt is, gebruik Kerr die volgende vergelyking. Die Middeleeuse universiteit word vergelyk met ŉ primitiewe en afgeleë klooster waar die klerus die leke onderrig. Die moderne universiteit word op sy beurt vergelyk met ŉ klein stad met een sentrale industrie. Laastens word die multiversiteit met ŉ groot stad met verskeie industrieë vergelyk waar die groot stad na die moderne Amerikaanse universiteit verwys (Kerr, 1963b:31). Laasgenoemde beeld moet nie met ŉ multi-universiteit verwar word nie. ŉ Multi-universiteit is ŉ universiteit met verskillende kampusse waar elke kampus ŉ unieke samebindende doelstelling het. Hierteenoor verwys die term "multiversiteit" na ŉ veelheid van doelstellings wat op een enkele kampus teenwoordig is - elke kampus het hiervolgens vele doelwitte, vele magsentrums en vele kliënte (Kerr, 1972a:103).

Die multiversiteit wat Kerr beskryf, vertoon in dié opsig verskeie ooreenkomste met die postmoderne tyd. Die belangrikste hiervan is die reaksie teen enige sentrale totaliserende mag. Lyotard (1984:xxiv) verwoord hierdie sentiment en die toepassing daarvan op die universiteit soos volg:

> *"I define postmodern as incredulity towards metanarratives ... To the obsolescence of the metanarrative apparatus of legitimation corresponds, most notably, the crisis of metaphysical philosophy and of the university institution which in the past relied on it."*

Hoewel Kerr in baie opsigte konsekwent bly aan ŉ anti-totaliserende en pluralistiese vertrekpunt, wil dit voorkom of hy homself nie totaal kan losmaak van verskeie totaliserende ideologieë nie. Soos hieronder verduidelik sal word, is daar spore van ŉ ideologiese navolging van die

vooruitgangsgeloof, nasionalisme en ekonomisme in Kerr se universiteitsidee te vinde. Daar word egter nie in die studie gesê dat Kerr se universiteitsidee 'n ideologie op sigself is nie. Daar word ook nie in die studie gepoog om die Amerikaanse universiteit af te kraak nie. Daar sal slegs ondersoek word of daar spore van bepaalde totaliserende ideologieë in Kerr se pluralistiese universiteitsidee teenwoordig is, met die doel om te ondersoek of Kerr konsekwent bly aan sy pluralistiese vertrekpunt.

## 1.2 Religieuse pluralisme

Voordat daar voortgegaan word om Kerr se weergawe van pluralisme te kritiseer, is dit belangrik dat die leser moet opmerk dat daar verskillende nuanserings van pluralisme is. Mouw & Griffioen (1993:17) maak 'n onderskeid tussen religieuse en ontiese pluralisme. Met die onderskeid word daar erkenning gegee aan sosiale en kulturele pluraliteit, maar daar word nie verval in 'n religieuse relativisme nie.

In hierdie studie word Kerr gekritiseer, omdat die ontiese pluraliteit wat in die skepping verteenwoordig word, verhef word tot 'n religieuse pluralisme. Daar word nie ontken dat die geskape werklikheid uit 'n veelheid bestaan nie en dat die verskeie vakgebiede 'n bepaalde pluraliteit moet weerspieël nie. Die pluralisme waarteen daar gewaarsku word, is 'n religieuse pluralisme wat ontken dat daar enige vorm van eenheid in die doelstelling van die universiteit mag wees.

Die verwantskap tussen religieuse pluralisme en die ontstaan van ideologieë word verder uitgelig in afdeling 4.3.4. Dit kom kortliks daarop neer dat religieuse pluralisme vanweë sy sekulêre oorsprong 'n ideale geleentheid bied vir ideologieë om daaruit te ontwikkel.

## 1.3 Drie leidende ideologieë

Hierbo is genoem dat daar spore van drie ideologiese totaliseringe in die denke van Kerr opgemerk kan word. In hierdie studie sal daar van Goudzwaard se ideologiekritiese benadering gebruik gemaak word. Die benadering word in die sentrale teoretiese stelling bespreek. Die volgende inleidende opmerkings oor die spore van die drie genoemde ideologieë word hierna kortliks bespreek:

### 1.3.1 Vooruitgangsgeloof

Goudzwaard kritiseer in *"Idols of our Time"* Westerlinge se geloof in voortdurende vooruitgang. Hy bring die geloof in voortdurende voortuitgang in verband met die "Ideologie van materiële welvaart" (Goudzwaard, 1984:53).

Dit is opmerklik dat vooruitgang 'n leidende rol speel in Kerr se beskouing van die universiteit. Die vooruitgang wat Kerr beskryf, is so belangrik dat dit met tye selfs noodsaak dat vrede opgeoffer moet word ter wille van vooruitgang*:*

> *"Unfortunately peace and progress are more frequently enemies than friends; and since, in the long run, progress is more important than peace to a university, the effective mediator must, at times, sacrifice peace to progress" (Kerr, 1963b:28-29).*

Hierdie voorkeur vir vooruitgang ten koste van vrede hou verband met Kerr se beskouing dat die werklikheid eerder pluralisties as monisties beskou moet word. Volgens Kerr is pluralistiese universiteite meer geskik vir vooruitgang as 'n monistiese universiteit, omdat dit meer aanpasbaar is in 'n voortdurend veranderende wêreld. Om dit te verduidelik kan die volgende twee aanhalings van Kerr (1972a:104-105) gegee word:

> *"By contrast monistic universities, based on the Bible, or the Koran, or the Communist Manifesto, or the Great Books can test loyalty more precisely, can settle disputes more on principle, can limit their functions more readily. But they also tend to be more static in a dynamic world, more intolerant in a world crying for understanding and accommodation to diversity, more closed to the unorthodox person and idea, more limited in their comprehension of total reality."*

> *"Should the model of the university be based more on productive conflict or on doctrinal unity, on the interaction of disparate entities or on the integration of fully compatible parts? The multiversity is based more on conflict and on interaction; the monistic university more on unity and integration."*

Die soort konflik wat in 'n pluralistiese instelling teenwoordig is, word deur Kerr as 'n kernbestanddeel vir voortdurende vooruitgang geag. Aangesien die soort konflik nie so sterk in 'n monistiese universiteit figureer nie, verkies Kerr die pluralistiese universiteitsmodel.

Die stelling dat die pluralistiese universiteit meer produktief is as 'n monistiese universiteit is, is 'n aanvegbare stelling. Presies 'n jaar na Kerr se 1963 boek waarin hy die bogenoemde opmerkings gemaak het, breek die studente-opstande[2] van 1964 uit. Die studente het gevoel dat die universiteit 'n besigheid geword het en dat hulle op grond hiervan benadeel word. Mario Savio, die leier van die *Free Speech Movement,* het in 1964 die volgende vergelyking gemaak: *"(He) compared the multiversity to a 'firm,' Kerr to a 'manager', faculty to a 'bunch of employees', and students to 'raw material'."* (Schrum, 2012:532). Die vraag kan gevra word of die produktiewe konflik waarvan Kerr gepraat het, nie dalk bygedra het tot 'n onproduktiewe studenteopstand nie. Wanneer vrede summier ter wille van vooruitgang opgeoffer word soos Kerr (1972a:109) blykbaar

[2] Ook bekend as die "*Berkeley Riots".*

voorstaan, moet daar ondersoek ingestel word of hier nie ook van ideologiese trekke sprake is nie.

### 1.3.2 Amerikaanse nasionalisme

Dit wil voorkom of die Amerikaanse nasionalisme ŉ baie prominente rol speel in Kerr se idee van die multiversiteit. Na die Tweede Wêreldoorlog het die Amerikaanse regering se invloed op die universiteit deur middel van groot navorsingsprojekte geweldig toegeneem. Die sogenaamde *Federal Grant Universities* het op grond van massiewe regeringstoelae aansienlik vinniger as ander universiteite in Amerika gegroei. Op grond van die groot subsidies het dit daartoe gelei dat navorsing oor sake van nasionale belang prioriteit geniet het bo die universiteit se eie kernbedrywighede. Kerr (1963a:65-66) verwoord hierdie wesenlike verandering soos volg:

> *"So many hopes and fears of the American people are now related to our educational system and particularly to our universities – the hope for longer life, for getting into outer space, for a higher standard of living; our fears of Russian of Chinese supremacy, of the bomb and annihilation, of individual loss of purpose in the changing world. For all these reasons and others, the university has become a prime instrument in national purpose. This is new. This is the essence of the transformation now engulfing our universities."*

"Nasionale diens", waarop Kerr hom beroep, kan op sigself wel as ŉ legitieme doel gesien word. Goudzwaard meen egter dat ŉ legitieme doelwit in ŉ ideologie verander sodra die doelwit elke moontlike weg daartoe regverdig (Goudzwaard *et al.*, 2007:35). Waar die doel die middele heilig, sien Goudzwaard die kenmerke van ŉ egte ideologie. In hoe ŉ mate nasionale diens ŉ ideologie geword het waarin Amerikaanse universiteite vasgevang is (volgens die beskrywing en positiewe oordeel van Kerr), moet ondersoek word. Goudzwaard *et al.* (2007:82) se stelling *"when a national flag is honored as the expression of what gives ultimate meaning, it can become a symbol of idolatry"*, sal hier leidinggewend wees.

### 1.3.3 Ekonomisme

Kerr merk op dat die universiteit tot ŉ groot mate die eienskappe van ŉ besigheid oorgeneem het. Hy praat onder andere van studente as 'kliënte' (Kerr, 1963b:33), dosente as 'entrepreneurs' (Kerr, 1963b:15; Kerr, 2001a:199,209) van kennis as ŉ 'produk' en van die universiteit as die 'kennisindustrie' (Kerr, 1963a:66; Kerr, 1963c:xii). Dit hou verband met die bewuswording van universiteite se bydrae tot die bevordering van ŉ land se ekonomiese groei. Buiten die bewuswording van die universiteit se groeiende verantwoordelikheid om ekonomiese groei te bevorder, het dit doelwitte eie aan die sakewêreld as sy eie doelwitte stelselmatig oorgeneem.

Faktore wat hiertoe bygedra het, was:

- Geweldige groei in studentegetalle.
- Die subsidie wat die staat vir nagraadse onderrig gegee het.

Dus het universiteite al hoe meer studente probeer akkommodeer, en al hoe meer klem op nagraadse onderrig begin plaas ter wille van finansiële voordeel. Die kwaliteit van voorgraadse onderrig het hieronder skade gely. Hoewel ’n groter aantal studente beter is vir ’n universiteit se begroting, is groter klasse nie noodwendig beter vir die kwaliteit van onderrig nie.

Weereens sou daar vanuit die ideologiekritiese benadering van Goudzwaard kommentaar gelewer kan word oor die ideologie van ekonomisme en die uitwerking daarvan op die karakter van die universiteit.

### 1.4 Voorlopige samevattende vermoede

Aan die een kant vind Kerr (1972a:104-105) aansluiting by die anti-totaliserende pluralistiese/postmoderne wêreldbeeld wat volgens hom meer reg doen aan die verskeidenheid wat in die werklikheid te vinde is. Aan die ander kant flankeer Kerr met modernistiese en totaliserende ideologieë soos die vooruitgangsgeloof, nasionalisme en ekonomisme. Die teenstrydige vertrekpunte dui op ’n spanning en selfs inkonsekwentheid in Kerr se denke.

### 1.5 Probleemstelling

Tot watter mate is Kerr se idee van die multiversiteit deur totalitêre ideologieë beïnvloed?

### 1.6 Sentrale teoretiese stelling

Goudzwaard (1984:18) gee die volgende beskrywing van ’n ideologie waaruit dit duidelik blyk dat ’n ideologie iets verwerpliks is, omdat die totaliserende element daarvan ’n religieuse botoon voer: *“Ideology means an entire system of values, conceptions, convictions and norms which are used as a set of tools for reaching a single, concrete, all-encompassing societal end.”* Wanneer ’n ideologie op die mees gevorderde stadium van sy ontwikkeling kom, verkry ’n ideologie ’n totalitêre karakter (Goudzwaard *et al.*, 2007:36).

Daar kan spore van ten minste drie volwaardige ideologieë in Kerr se uiteensetting van die idee van die multiversiteit opgemerk word. Dit bring ’n onhoudbare spanning in sy denke na vore, omdat ideologieë lei tot totaliserende denke wat Kerr juis probeer vermy in sy poging om ’n blik te gee op die pluralistiese karakter vir die universiteit van die toekoms.

Die teenwoordigheid van die drie ideologieë sou geïnterpreteer kon word as ŉ bevestiging van die pluralistiese karakter van die postmoderne universiteit. Die gelyktydige teenwoordigheid van meerdere ideologieë is egter nie noodwendig ŉ aanduiding van ŉ anti-totaliserende pluraliteit nie. Goudzwaard (1984:80-81) dui aan dat ideologieë dikwels met mekaar saamwerk tot ŉ gemeenskaplike totalitaristiese doel. Soms werk ideologieë teen mekaar, maar in die geval van Kerr wil dit voorkom of die drie ideologieë met mekaar saamwerk sonder dat daar sprake is van ŉ ooglopende interne konflik.

Daarom sal daar in die studie geargumenteer word dat die drie monistiese ideologieë wat in Kerr se pluralistiese universiteitsidee voorkom, inderdaad in stryd is met die pluralistiese grondslag van sy denke. Hier moet bygevoeg word dat dit wel voorkom of die nasionalistiese ideologie die botoon voer, maar nie tot so ŉ mate dat die ander ideologieë as ŉ onderafdeling daarvan gehanteer hoef te word nie. Elkeen van die drie ideologieë vertoon unieke kenmerke wat dit regverdig om hul afsonderlik te bespreek. Dit bring ons by die vrae wat ons graag in die studie wil beantwoord.

## 1.7 Subvrae

(1) Watter rol speel voortdurende vooruitgang in Kerr se denke? Tot watter mate is hier sprake van ideologiese trekke?
(2) Tot watter mate figureer nasionalistiese trekke in Kerr se universiteitsidee?
(3) Tot watter mate vertoon Kerr se ekonomistiese beskrywing van die universiteit ideologiese trekke?

## 1.8 Doelstelling

Die doel van die studie is om uit te wys dat Kerr se pluralistiese universiteitsidee op dubbelsinnige wyse beïnvloed word deur verskeie ideologieë. Met dubbelsinnig word bedoel dat ideologiese trekke die pluraliteit wat ŉ kenmerk van die multiversiteit behoort te wees, ondermyn word deur verskeie totaliserende elemente.

### 1.8.1 Doelwitte

(1) Om te bepaal tot watter mate die ideologie van vooruitgang Kerr se universiteitsbeskouing beïnvloed het.
(2) Om te bepaal hoe en tot watter mate die ideologie van die Amerikaanse nasionalisme Kerr se universiteitsidee beïnvloed het.

(3) Om te bepaal tot watter mate die ekonomistiese ideologie Kerr se universiteitsbeskouing beïnvloed het.

(4) Om te bepaal tot watter mate Kerr getrou gebly het aan sy pluralistiese vertrekpunt.

## 1.9 Hoofstukindeling

| Hoofstuk | Beskrywing |
|---|---|
| 1 | Inleiding |
| 2 | Lewe en nalatenskap van Clark Kerr |
| 3 | Die ideologiekritiese benadering |
| 4 | Voortdurende vooruitgang |
| 5 | Amerikaanse nasionalisme |
| 6 | Ekonomisme |
| 7 | Finale samevatting en oordeel |

## 1.10 Metode

Die studie sal by wyse van ŉ literatuurstudie gedoen word. Die 1963-weergawe van *"The Uses of the University"* sal intensief geanaliseer word. Bykomend sal Kerr (2001c:vii-x) se eie 10-jaarlikse refleksies bygereken word wat in die bygewerkte 2001-weergawe van dieselfde boek verskyn. In *Social Sciences History* van 2012 verskyn daar ná vyftig jaar ’n spesiale uitgawe wat handel oor Kerr se 1963-boek. Sommige van die artikels sal ook verreken word.

Ten einde die ideologiese trekke in die boek te verreken, sal gebruik gemaak word van die ideologiekritiese benadering wat deur Goudzwaard ontwikkel is.

## 1.11 Bydrae tot die studie

Daar sal gepoog word om ŉ kenmerk en knelpunt van die huidige pluralistiese beskouing van die universiteit grondig te bekyk deur een van die seminale tekste in hierdie verband, naamlik Kerr (1963e:1-93) se "*The Uses of the University"* te analiseer. Goudzwaard se ideologiekritiese benadering sal gebruik word vir hierdie doel. Die bedoeling is dus om ŉ Reformatoriese stem

(Goudzwaard se ideologiekritiese benadering kan as outentiek Reformatories beskryf word) in die debat oor Kerr se boek te laat hoor.

Hoewel die studie vanuit ʼn Reformatoriese perspektief aangepak is daar gepoog is om verskeie skrywers buite die Reformatoriese tradisie te raadpleeg. Waar bepaalde toonaangewende skrywers nie geraadpleeg is nie, kan dit daaraan toegeskryf word dat die skrywer alleenlik probeer het om bepaalde tendense uit te wys.

### 1.12 Literatuurverkenning

*Google Scholar, Ebsco Host, Web of Science, JSTOR* en die NWU biblioteekkatalogus is almal geraadpleeg waar die soekterme *multiversity, university, Clark Kerr, progress, nationalism, en* ekonomisme onder andere gebruik is.

# 2. CLARK KERR SE LEWE EN NALATENSKAP

## 2.1 Opvoeding en opleiding

Clark Kerr is in 1911 gebore op ’n plaas in Stony Creek, Pennsylvania. Sy ouers het by hom ’n lewenslange liefde vir leer en waardering vir harde werk aangekweek. Dit het alles bygedra daartoe dat Kerr een van die mees oorspronklike opvoedkundige denkers in Amerika geword het (Bragg & Laanan, 2010:79). Buiten sy ouers se invloed het die tersiêre instelling, waar Kerr afgestudeer het, ’n merk op sy denke gelaat. In 1928 skryf Kerr in by die Kwaker-geaffilieerde Swarthmore Kollege. Voordat Kerr die Kollege verlaat neem hy die Kwaker-geloof aan. Die Kwakers staan algehele godsdiens en gewetensvryheid voor (Meijer, 2010:227). Volgens Stuart (1980:13) het Kerr by die Kwakers aangesluit omdat hy aansluiting gevind het by hul waardes: *“Kerr felt a strong affinity for the values he found at Quaker Swarthmore: pluralism, pragmatism, principled action, and the balance between the autonomous individual and the group consensus.”* Pragmatisme en pluralisme vind aanklank by Kerr (1972b:136-137) en vorm ’n goue draad in Kerr se geskrifte sowel as sy dade.

Na Swarthmore voltooi Kerr sy meestersgraad by Stanford in 1933 . Later in dieselfde jaar skryf hy in vir ’n doktorsgraad by Kalifornië se Berkeley-kampus en voltooi dit ses jaar later in 1939. Hierna vertrek hy om in Europa te studeer. Hy studeer vanaf 1935 tot en met 1939 eers by die Skool vir Internasionale Verhoudings in Genève en daarna tweemaal by die bekende Londense Skool vir Ekonomie. Direk na Kerr se terugkoms in Amerika word hy ’n assistent-professoraat by Stanford aangebied. Hierna is Kerr vanaf 1940 -1945 betrokke by die Universiteit van Washington waar hy later as ’n medeprofessor in Ekonomie aangestel word (Bragg & Laanan, 2010:80). Terwyl Kerr ’n medeprofessor is, raak hy betrokke by arbeidsgeskille wat ontstaan tydens die Tweede Wêreldoorlog. Buiten sy gewone doseerwerk, is hy gedurende sy loopbaan betrokke by meer as 500 loononderhandelings (Mattingly, 2012:474).

In 1945 keer Kerr terug na sy *alma mater* Berkeley waar hy medeprofessor in Ekonomie word. Kerr word spoedig vanaf die fakulteit na die administrasie van die universiteit verplaas. Wat hiertoe bygedra het, was die besondere omstandighede in 1949-1950, toe alle dosente gedwing was om ’n getrouheidseed af te lê. Die doel van die eed was om alle lede van die Kommunistiese Party van enige doseerpos te weerhou. Kerr ontlont die delikate situasie suksesvol met behulp van sy loononderhandelingsvaardighede met die gevolg dat Kerr deur die administrasie en ander hooggeplaastes raakgesien word. Op grond van Kerr se sukses hiermee word hy in 1952 as die eerste kanselier van die Universiteit van Kalifornië se Berkeley kampus aangestel (Bragg & Laanan, 2010:80). Kerr se sukses stop egter nie hier nie. Die Berkeleykampus is in 1958 in ’n

nasionale peiling as die derde beste kampus in Amerika geklassifiseer. Toe R.C. Sproul in 1958 vervang moet word, is Kerr aangewys as die volgende president[3] van die Universiteit van Kalifornië waar hy tot 1967 gedien het (Bragg & Laanan, 2010:81). Dit is hier by Kalifornië waar Kerr verskeie probleme wat universiteite gedurende hierdie tyd in die oë staar op ʼn baie kreatiewe manier oplos.

## 2.2 ʼn Meesterplan vir hoër onderwys

Daar is in 1960 al voorspel dat die aantal studente van 225 000 sal verdriedubbel in ongeveer vyftien jaar. Die redes vir die groei in studentegetalle was ʼn groei in geboorte- en immigrasiesyfers (Anon, 1960b:46). Die probleem was nie net dat baie meer studente in die toekoms sou aandring op ʼn geleentheid om te studeer nie, maar dat die regering nie sou kon bekostig om die universiteite ten volle te subsidieer nie. Dit is hierdie situasie wat die *Master plan for Higher Education in California* (Anon, 1960b) tot stand gebring het. In die dokument is daar voorstelle gemaak oor hoe die groei in studentegetalle geakkommodeer kan word te midde van die hoë kostes van onderwys. Kerr word vandag geag as die meesterbrein van die dokument (Bragg & Laanan, 2010:81).

Hy gebruik sy kennis van ekonomiese beginsels om ʼn oplossing te vind vir die komende krisis. Kerr kom vorendag met die idee van hoëgehalte onderrig teen ʼn lae koste. Hoewel kennisproduksie baie hoë kostes het, sien hy in dat die reproduksie van kennis heelwat goedkoper kon wees: *"Knowledge costs a great deal to produce, less to reproduce. Thus it only pays to produce knowledge if through production it can be put into use better and faster."* (Kerr, 1972b:124).

Die *California Master Plan*, soos dit later bekend gestaan het, het verder die doel gehad om te sorg dat niemand op grond van ʼn onvermoë om te betaal van universitêre opleiding uitgesluit sal word nie (Bragg & Laanan, 2010:81). Die idee van gratis onderwys is ʼn onwerklike en onpraktiese droom. Kerr beweeg egter baie nader aan die ideaal deur alle onderrig grootskaals goedkoper te maak. Op 27 April 1960 word die aanbevelings, wat in die meesterplan bevat is as die *Donohoe Act* gepubliseer as die amptelike beleid van Kalifornië se onderwysstelsel. Dit word die *Donohoe Act* genoem ter ere van Dorothy Donohoe wat in dieselfde jaar oorlede is (Anon, 1960a).

---

[3] Die president verwys na die hoogste posisie wat iemand kan beklee in die administratiewe deel van ʼn universiteit. Volgens Kerr (1972b:40) moet die president toegang tot elke gebied van die universiteit hê, om sy invloed so ver as moontlik te laat geld.

Deur middel van die "*California Master Plan"* kry Kerr dit reg om die onderwyswetgewing vroegtydig te wysig met die doel om voorsiening te maak vir die toevloei van studente in die komende jare. Die aanvaarding van die wetgewing bring verskeie veranderinge by die Universiteit van Kalifornië mee.

### 2.3 The Uses of the University (1963)

In 1963 word Clark Kerr genooi om die gasspreker te wees by Harvard Universiteit se jaarlikse *Godkin* lesings. In die lesings word die term "multiversiteit" deur Kerr gebruik om die postmoderne Amerikaanse universiteit te beskryf. Die lesings word later in 1963 gepubliseer deur Harvard se universiteitsdrukkery onder die titel "*The Uses of the University".* In die boek argumenteer Kerr dat die universiteit nie meer 'n homogene instelling is met een hoofdoel nie, maar eerder 'n pluralistiese instelling met verskeie doelwitte (Bragg & Laanan, 2010:81).

### 2.4 Berkeley studenteopstande van 1964

Skaar 'n jaar na die uitgawe van *"The Uses of the University"* in 1963 vind die studenteopstande van 1964 plaas. In die opstande is daar geprotesteer teen die wyse waarop die universiteit bestuur word. Clark Kerr is persoonlik aanspreeklik gehou vir die wyse waarop die universiteit van Kalifornië verander het. Die gevolge van die opstande was van so aard dat Kerr besluit het om 1967 te bedank.

### 2.5 Bedanking

Kerr bedank in 1967 as president na verskeie mislukte onderhandelings met die bestuur, fakulteitpersoneel en studente. Die destydse goewerneur van Kalifornië, Ronald Reagan, aanvaar sy bedanking sonder om te skroom (Bragg & Laanan, 2010:81).

### 2.6 Carnegie-kommissie en -raad.

Slegs vyf dae na Kerr se bedanking word hy aangestel as voorsitter van die *Carnegie Commission on Higher Education* waar hy tot 1973 dien. Die kommissie het die taak gehad om 'n grootskaalse evaluasie van Amerika se hele onderwysstelsel te doen om op grond daarvan verbeteringe voor te stel. Vanaf 1974 tot 1979 dien Kerr as voorsitter van die *Carnegie Council on Policy Studies in Higher Education* gedien. Die Carnegie-kommissie en -raad het altesaam meer as 175 dokumente die lig laat sien, waarvan Kerr die outeur van die meeste was (Bragg & Laanan, 2010:80-81). Die dokumente het 'n groot invloed op beleidmakers sowel as universiteite uitgeoefen. Kerr het hierdeur 'n noemenswaardige invloed gehad op die wyse waarop Amerikaners tot vandag toe oor Hoër Onderwys dink.

## 2.7 Terug by Berkeley

In 1980 keer Kerr terug na Berkeley waar hy sy doktorale studies onderneem het en later as professor dien. Hier skryf hy ter nagedagtenis 'n reeks getiteld "*The Gold and the Blue" (Kerr, 2001b)* waar hy terugkyk op die goeie en die slegte jare wat hy by die Universiteit van Kalifornië gedien het (Bragg & Laanan, 2010:82) In 2003 sterf Kerr in die rype ouderdom van 92.

## 2.8 Wyse waarop Kerr se boek behandel word

Ter wille van die leser wat die studie wil volg, kan genoem word dat die drie temas wat in hierdie studie gehanteer word, oorvleuel met die eerste drie hoofstukke van Kerr se boek. In hoofstuk 4 van die studie wat handel oor die vooruitgangsgeloof word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van hoofstuk 1 van Kerr, waarin hy die geskiedenis van die Amerikaanse universiteit bespreek. In hoofstuk 5 wat handel oor die nasionalisme word daar hoofsaaklik staatgemaak op hoofstuk 2 van Kerr se boek, wat handel oor die *Federal Grant University,*. In hoofstuk 6 van die studie wat handel oor ekonomisme word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van hoofstuk 3 van Kerr se boek, waar hy van die universiteit as 'n kennisindustrie praat.

# 3. GOUDZWAARD SE IDEOLOGIEKRITIESE BENADERING

## 3.1 Inleiding

In hierdie studie word daar gebruik gemaak van die ideologiekritiese benadering wat deur Goudzwaard ontwikkel is. Om te verstaan waar Goudzwaard se ideologiekritiese benadering inpas, is dit nodig om 'n kort oorsig oor ander opvattings van ideologie te gee.

## 3.2 Oorsig

Ideologie bestaan uit twee Griekse woorde naamlik "ιδεα" (idee) en "λογος" (rede, logika, wetenskap). Hoewel die woord ideologie vandag 'n oorwegend negatiewe betekenis het, is dit aanvanklik as 'n positiewe term gebruik. Ideologie is reeds in 1796 as 'n sinoniem vir "wetenskap van idees" beskou (Kennedy, 1979:353). Die term "ideologie" is geyk deur Destutt de Tracy (1754-1836) wat in die Verligtingstydperk geleef het. Reeds in De Tracy se tyd het die term 'n pejoratiewe betekenis verkry, as gevolg van Napoleon wat die *Idèologues* daarmee gebrandmerk het[4].

Hoewel Karl Marx (1818-1883) die term ideologie by De Tracy gekry het, het hy iets totaal anders daarmee bedoel as De Tracy. Kennedy (1979:368) merk op dat Marx deur die bestudering van De Tracy se hoofwerk *Elémens d'idéologie* waarin De Tracy se opvatting van private eiendomsbesit verdedig word, die term ideologie vereenselwig met die belange van die Kapitalisme . Marx beskou ideologie om die rede as 'n versluieringsmeganisme wat die kapitalistiese modus van produksie en die sosiale verhoudings wat daarmee verband hou, intakt hou. Marx verskil verder met De Tracy in die opsig dat Marx nie geglo het dat idees die werklikheid bepaal nie, maar dat mense se idees bepaal word deur die sosio-ekonomiese werklikheid waarin hulle leef (Hawkes, 2003:88).

Karl Mannheim (1893-1947) het 'n neutrale vertolking van die begrip ideologie voorgestel. Die primêre doel by Mannheim was nie om een idee bo alle ander idees te verhef nie (De Tracy) of om ander idees as foutief te bestempel nie (Napoleon, Marx). Mannheim het eerder probeer om ideologiekritiek op sy eie denke toe te pas. Die primêre doel van sy benadering was om te verstaan hoekom ander mense dink soos hulle dink. Die gevaar van Mannheim se posisie is dat dit op 'n relatiwistiese standpunt uitloop (Heyns, s.j.:7-8).

---

[4] Afdeling 3.3.5.4.

Ná Mannheim het daar binne die postmoderne denke vrae begin ontstaan of daar van ideologie gepraat mag word of nie. Binne die postmoderne raamwerk is 'n skeptiese houding teenoor enige "grand narrative" ingeneem, omdat een weergawe van die waarheid nie méér geldig as 'n ander weergawe daarvan mag wees nie. Dit gevolge van die postmoderne standpunt is dat alle narratiewe 'n gelyke staanplek gegee moet word en dat daar met hierdie radikale pluralisme van standpunte saamgeleef word (Heyns, s.j.:10).

Hiermee is daar 'n kort oorsig gegee oor hoe die betekenis van die term "ideologie" deur die geskiedenis gebruik is. Weens die omvang van die studie kan daar nie in diepte ingegaan word op die verskeie opvattings van ideologie nie. Vervolgens sal daar meer aandag aan Goudzwaard se ideologiekritiese benadering gegee word.

### 3.3 Geskiktheid van Goudzwaard se benadering

Daar kan 'n paar redes gegee word waarom Goudzwaard se benadering gebruik word om Clark Kerr se universiteitsidee te kritiseer.

- Eerstens het Goudzwaard se ideologiekritiese benadering 'n waardevolle bydrae gemaak om prominente Westerse ideologieë vanuit 'n Reformatoriese raamwerk te ontmasker. Die ideologieë van nasionalisme en vooruitgang word byvoorbeeld beide deur Goudzwaard *et al.* (2007:61-98) indringend bespreek.
- Tweedens word die verskillende fases wat ideologieë deurloop deur Goudzwaard *et al.* (2007:52-56) verduidelik. Die verskillende fases is van kardinale belang in dié studie omdat daar gepoog gaan word om te bepaal tot watter mate Kerr se universiteitsidee beïnvloed is deur bepaalde ideologieë.
- Derdens tref Goudzwaard *et al.* (2007:39-41) 'n verband tussen die praktyk van afgodery en moderne Westerse ideologieë. Veral insiggewend is dat Goudzwaard hier aantoon dat die mens wel by magte is om ideologieë tot stand te bring, maar dat die mens deur hulle beheer kan word, wanneer sulke ideologieë ten volle ontwikkel het..

In dieselfde trant sou daar gevra kan word of die universiteitsidee wat Kerr voorstel nie kan ontwikkel in 'n sisteem waaroor die mens geen beheer meer kan uitoefen nie. Voordat dié ideologiekritiese benadering gebruik word om Kerr se universiteitsidee te evalueer, sal daar in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n kort verduideliking te gee van die ideologiekritiese benadering.

## 3.4 Destutt de Tracy se opvatting van ideologie

### 3.4.1 Ontstaan in verligtingstydperk

Aangesien Goudzwaard aansluit by die definisie van Destutt de Tracy vir sy eie definisie van ideologie, is dit nodig om Destutt de Tracy se opvatting van ideologie te bespreek. Destutt de Tracy se opvatting van ideologie het tydens die Verligtingstydperk ontstaan. Die Verligtingstydperk is ŉ tydperk waarin die mens weens die geweldige vooruitgang van die mensdom al hoe minder die nut van godsdiens raakgesien het. Ironies genoeg het die verligtingstydperk nie die einde van religie veroorsaak nie. Verligtingsdenkers het uitgegaan van bepaalde vertrekpunte wat self ŉ religieuse oorsprong gehad het. Dit is belangrik om raak te sien dat Destutt de Tracy se opvatting van ideologie binne ŉ bepaalde religieuse raamwerk ontstaan het.

### 3.4.2 Invloede

Locke (1632-1704) en Etienne Bonnot de Condillac (1715-1780) het volgens Hawkes (2003:60) die grootste invloed op De Tracy se denke uitgeoefen. Die Engelse empiriste waarvan Bacon en Locke deel was, het op hul beurt ŉ groep Franse empiriste, genaamd die *Philosophés,* beïnvloed. Condillac, Holbach en Helvetius was van die bekendste Franse filosowe uit dié groepering. Vollenhoven (2005:33) vertel dat Locke vanaf 1675-1679 in Frankryk gewoon het, omdat hy uit Engeland moes vlug. In die tyd het die Franse *Philosophés* waarskynlik met Locke in aanraking gekom. Die kenteorie van Locke en Condillac sal vervolgens kortliks weergegee word. Daar sal spesifiek aandag gegee word aan die aspekte waarby De Tracy aansluiting gevind het.

#### *3.4.2.1 John Locke (1632-1704)*

In ŉ poging om die beperking van die menslike denkvermoë te bepaal, kom Locke tot die gevolgtrekking dat kennis beperk is tot idees. Hierdie idees het nie ŉ bestaan van hul eie soos die van Plato se ideewêreld nie, maar word deur menslike ervaring gegenereer. Menslike ervaring bestaan uit twee aspekte, naamlik sensasie en refleksie. Sensasie het hier betrekking op die mens se sintuiglike ervaring en refleksie op die mens se nadenke oor sintuiglike ervarings. Locke het verder die leer van die aangebore idees verwerp en gestel dat die mens sonder enige aangebore idees gebore word (Stumpf, 1966:280). Al die kennis wat ŉ mens het, word deur middel van sy sintuiglike ervaring en refleksie daaroor tot stand gebring. Locke beperk die reikwydte van die waarheid tot dit wat die mens met sy sintuie kan ervaar. Enige transendente openbaring word hiermee by die wortel afgesny. Vollenhoven (2005:33) kom tot die

gevolgtrekking dat Locke ŉ immanente waarheidsbegrip handhaaf. Volgens Locke is alle ware kennis beperk tot dit wat die mens waarneem met sy sintuie.

#### *3.4.2.2 Etienne Bonnot de Condillac (1715-1780)*

Condillac was aanvanklik ŉ leerling van Locke se empirisme. Vollenhoven (2005:90-91) merk op dat hy later oorgaan na ŉ meer sensualistiese opvatting van Locke se kenteorie. Waar refleksie by Locke bepalend was vir die regte interpretasie van die sensasie, het suiwer sensasie by al die Franse *Philosophés* insluitend Condillac die botoon gevoer. Gevolglik het die *Philosophés* tot die oortuiging gekom dat alle idees ŉ materiële oorsprong het. Die sensualistiese verstaan van Locke is volgens Hawkes (2003:51) aan ŉ verkeerde verstaan van Locke toe te skryf.

Condillac het verder gepoog om die oorsprong van alle idees te herrangskik deur hulle oorsprong na te gaan. Hy het vanuit die materialistiese filosofie ŉ nuwe genealogie van idees opgestel. De Tracy het later in Condillac se spore gevolg waar hy sy eie genealogie van idees opgestel het. Die materialistiese benadering het by Condillac daartoe gelei dat alle kennis wat nie fisies waargeneem kan word nie, uitgesluit is. Condillac se materialistiese genealogie het byvoorbeeld geen plek vir die leer van die menslike siel gehad nie (Hawkes, 2003:51).

#### *3.4.2.3 Epistemologiese grondslag*

De Tracy se kritiek teen ander denke is vanuit ŉ empiristiese grondslag gegee. Hy sluit in dié opsig aan by die empirisme van Locke en die materialisme van Condillac. Kennedy (1979:356-357) merk self op dat die wetenskap van idees wat De Tracy "*Idéologie*" genoem het, op die dogma van materialisme gebaseer is. De Tracy beskou alleenlik kennis wat deur sintuiglike ervaring verkry is as waar.

### **3.4.3 Lewe**

Destutt de Tracy (1754-1836) was ŉ invloedryke staatsman, filosoof en opvoedkundige hervormer (Goudzwaard *et al.*, 2007:32; Hawkes, 2003:60; Kennedy, 1979:353-368). De Tracy het in die tydperk ná afloop van die Franse revolusie geleef. Vandag is De Tracy daarvoor bekend dat hy die term ideologie geyk het. Hoewel die term reeds in De Tracy se tyd ŉ betekenisverandering ondergaan het, wys Goudzwaard *et al.* (2007:32) daarop dat daar vandag nog by moderne ideologieë ŉ groot mate van ooreenstemming met De Tracy se oorspronklike bedoeling met die term is. Hy beskou De Tracy se opvatting van ideologie as die klassieke definisie daarvan. Aangesien Goudzwaard in sy Ideologiekritiese benadering nou aansluit by De Tracy, sal daar vasgestel moet word:

- wat De Tracy met ideologie bedoel het, en
- hoe die betekenis van die term verander het.

### 3.4.4 Betekenis

Die term ideologie het ontstaan as ŉ neologisme wat as ŉ plaasvervanger vir metafisika en sielkunde moes dien (Kennedy, 1979:354-355). In die sin kan ideologie as ŉ modewoord beskou word. Die doel van die woord was om uitgediende of onhoudbare woorde te vervang en homself in hul plek te stel. Hoewel De Tracy later deur Napoleon beskuldig is van ŉ metafisiese spekulasie, het De Tracy alle kennis, wat nie na die sintuiglike ervaring van die mens herlei kon word nie, afgewys. In dié sin kan daar na De Tracy as ŉ empiriese denker verwys word (Hawkes, 2003:60).

Hoewel ideologie ŉ samestelling is van twee Griekse woorde wat "wetenskap van idees" beteken, het De Tracy nie gebly by die letterlike betekenis nie. Daar was iets opgesluit in die term wat volgens De Tracy die mag besit het om die hele wêreld te verander (Kennedy, 1979:358).

> *"Ideology was in the minds of its founders, more than the Greek translation of 'science of ideas'. It was a political and social ideology as well..." (Kennedy, 1979:358).*

### 3.4.5 Samelewingsveranderende term

Die wetenskap genaamd ideologie mag nie net by teoretiese sake bly staan het nie. Die kennis wat hierdeur ontgin is, moes die samelewing verander. Die verandering moes tot stand gebring word deur die waardes van die Franse Revolusie, naamlik vryheid, gelykheid en broederskap, op elke terrein van die samelewing te laat geld. Die Franse *Idéologues* waarvan De Tracy deel was, het besondere klem op die waarde van vryheid geplaas. Vryheid van denke, vryheid van die pers, vryheid van die individu en sekularisasie moes op elke terrein van die samelewing tot hul reg kom.

#### *3.4.5.1 Wetenskap*

In die wetenskap het dit beteken dat teologie, wat sedert die Middeleeue as koningin van die wetenskap geheers het, onttroon is deur *idéologie*[5]. Vanuit ŉ empiriese vertrekpunt was daar nie meer ŉ geloofwaardige staanplek vir die teologie onder die wetenskappe nie. De Tracy het verder gegaan deur teologie tot ŉ vorm van sonaanbidding te reduseer en dit ŉ onderafdeling van

---

[5] Waar ideologie met ŉ aksent op die eerste "*e"* van die woord gebruik word, verwys dit na die Franse weergawe daarvan.

astronomie te maak (Kennedy, 1979:355,359). De Tracy het ŉ nuwe hiërargie in die wetenskap daargestel, met *idéologie* heel bo-aan.

Die taak van die nuwe wetenskap was om die oorsprong van alle idees te ondersoek. Die ondersoek na die oorsprong van idees herinner ons aan Condillac wat ook probeer het om ŉ genealogie van idees vanuit ŉ materialistiese vertrekpunt op te stel. Die feit dat *idéologie* die taak gehad het om die oorsprong van alle wetenskappe te ondersoek, het aan die wetenskap van *idéologie* seggenskap bo die ander wetenskappe gegee. Hawkes (2003:60) maak in dié verband die opmerking dat *idéologie* as ŉ metawetenskap ontstaan het, omdat dit as ŉ wetenskap van die wetenskappe gefunksioneer het. Dit het daartoe bygedra dat die terrein van die *idéologie* so wyd soos die wetenskap self gestrek het. Reeds in die onbeperkte mandaat van dié nuwe wetenskap het die gevaar van ideologievorming geskuil.

#### *3.4.5.2 Onderwys*

Die beste manier om nuwe idees te versprei is deur middel van onderwys. Terwyl De Tracy vanaf 1799-1800 die minister van openbare onderrig was, het hy die onderwys gebruik om die belang van ideologie in elke vakgebied te beklemtoon. Ideologie het selfs prioriteit geniet in die onderrigproses. Leerlinge moes eerstens in die hoofwetenskap van *idéologie* ingelei word, voordat hulle met die ander wetenskappe kon kennis maak. *Idéologie* is in dié sin beskou as die sleutel tot die regte verstaan van die ander wetenskappe. Die prioriteit wat *idéologie* in die onderrigproses geniet het, het gepaard gegaan met ŉ definitiewe opvoedkundige doelwit. Kinders moes byvoorbeeld leer om nie die foute van die verlede te herhaal nie. Hiermee kan ons duidelik aflei dat De Tracy met *idéologie* die denke van die jong geslag wou verander. *Idéologie* was in dié opsig werklik rewolusionêr.

> *"As a counsellor of Public Instruction in 1799-1800, Tracy drafted circulars for the professors of the directory's central schools; in their circulars he stressed the crucial role of Idéology in each subject to be studied by the young elite of the French nation. History for example was to be taught from Enlightenment texts only after firm introduction in the true principles of Idéology and legislation which will protect the students from past moral and metaphysical errors." (Kennedy, 1979:356)*

Vir die doeleindes hierdie studie is dit belangrik om daarvan kennis te neem dat De Tracy die onderwys gebruik as die voermiddel vir sy *idéologie*.

#### *3.4.5.3 Politiek*

Napoleon Bonaparte het aanvanklik die *idéologues* ondersteun, maar het weens verskeie redes vyandig gesind teenoor hulle geraak. Die wetenskap van *idéologie* was baie meer as ŉ blote

teoretiese wetenskap. *Idéologie* het gepoog om politieke verandering te bring. Die politiese doel van *idéologie* blyk duidelik uit die volgende informasie. Twee maande voordat De Tracy sy hoofwerk *Eléments d'idéologie* geskryf het, was hy besig om aan 'n dokument te werk met die doel om 'n teorie op die gebied van die morele en politiese wetenskap daar te stel. Die bedoeling van *idéologie* was om kennis daar te stel wat praktiese toepassingswaarde gehad het (Kennedy, 1979:355).

Napoleon het agtergekom dat die leerstellings van die *idéologues* sy eie bewind in gevaar kon stel, omdat die *idéologues* volgens Napoleon hul nie aan enige gesag wou onderwerp nie. *Idéologie* was dus nie net daarmee tevrede om op die troon van die wetenskap en die onderwys te sit nie, maar wou ook op politieke terrein heers. Op grond hiervan is die leerstellings van die *idéologues* deur Napoleon as metafisiese spekulasie afgewys in 'n poging om hulle in onguns by die Franse volk te bring. Die bekende kritiek van Napoleon teen die *idéologues* dat hulle net "dromers en windsakke" is, moet ons nie metafisies of idealisties interpreteer nie. Hawkes (2003:61) merk op dat die *idéologues* se leerstellings uiters relevant was met betrekking tot destydse politieke sake. Om presies te wees, was dit die *idéologues* se verwerping van die staat se gesag en hul republikeinsgesindheid wat hulle in onguns by Napoleon gebring het (Kennedy, 1979:354-355).

Die gevolg hiervan was dat die *idéologues* en hul leerstelling in onguns gebring is by die Franse volk. Napoleon het *idéologie* blameer vir die onstuimigheid in Frankryk sedert hy met sy leër uit Rusland moes terugval:

> *"We must lay the blame for the ills which our fair France has suffered on ideology, that shadowy metaphysics which subtly searches for first causes on which to base the legislation of peoples, rather than making use of the laws known to the human heart and of the lessons of history. These errors must inevitably and did in fact lead to the rule of bloodthirsty men" (Kennedy, 1978:215).*

In die staatskoerant van 1829 is daar 'n openlike aanval teen die laaste uitgawe van *Eléments d'idéologie* van De Tracy geloods, omdat dit die eeu-oue orde van die staat en die kerk wou omverwerp (Kennedy, 1979:362). De Tracy is later onder 'n skrikbewind van Napoleon in die gevangenis gewerp. Volgens Hawkes (2003:59) is De Tracy slegs deur die Thermidorse reaksie van 1794 van die guillotine gered.

De Tracy was nie 'n moordenaar nie. Hy het ook nie iets gedoen wat hierdie soort optrede verdien het nie. Hoekom, kan mens vra het Napoleon so drasties opgetree? Die rede is dat Napoleon besef het dat die rewolusionêre gedagtes van De Tracy 'n gevaar vir sy eie bewind ingehou het. Hy moes dringend 'n plan maak om die *idéologues* en hulle leerstellings uit die weg te ruim.

#### *3.4.5.4 Pejoratiewe nalatenskap*

Sedert Napoleon se aanval op die *Idéologues* het die term ideologie ŉ pejoratiewe gebruikswoord geword. Dit is verkeerdelik deur Napoleon gebruik om die *Idéologues* as metafisiese wensdenkers te bestempel. Die *Idéologues* was immers teen alle metafisika gekant. Wat Napoleon wel raakgesien het, was dat daar ŉ totaliserende element in die wetenskap genaamd *idéologie* teenwoordig was. Die totaliserende element het gedreig het om alle sosiale strukture om te keer. Waar *idéologie* deur De Tracy as ŉ positiewe term gebruik is, het dit op grond van Napoleon se kritiek ŉ skeldwoord geword waarmee totalitêre denksisteme afgewys word.

## 3.5 Goudzwaard se ideologiekritiese benadering

### 3.5.1 Definisie

Vanuit De Tracy se opvatting kan daar drie punte uitgelig word wat deel vorm van die klassieke definisie van ideologie (Goudzwaard *et al.*, 2007:33). Dit is:

- die verabsolutering van ŉ bepaalde politiese- of samelewingsdoelwit,
- die herdefiniëring van huidige waardes, norme en idees,
- die daarstelling van ŉ standaard waarvolgens die middele, gekies kan word wat die beste aan die gestelde doel beantwoord.

Goudzwaard vat dit saam in een sin wanneer hy die volgende sê:

> *"In its original sense, ideology means an entire system of values, conceptions, convictions and norms which are used as a set of tools for reaching a single, concrete, all-encompassing societal end" (Goudzwaard, 1984:18).*

Van der Walt (1999:184) sluit nou aan by Goudzwaard se definisie. Hy definieer ideologie soos volg:

> *" ŉ Ideologie, wat gewoonlik in ŉ situasie van bedreiging ontstaan, is ŉ vervanging van die ware religie, met ŉ allesoorheersende doel om die hoogste ideaal te bereik, en in die proses mag enige magsmiddel gebruik word, norme aangepas word, offers geëis en ŉ spesiale vyandsbeeld gepropageer word."*

Vir die doeleinde van hierdie studie sal daar deeglik rekening gehou word met die kenmerke van ideologieë. Dié kenmerke maak dit makliker om ŉ ideologie uit te ken.

### 3.5.2 Kenmerke

Vanuit die bogenoemde definisie formuleer Van der Walt (1999:184-193) sewe kenmerke wat hier net puntsgewys genoem word: (1) Ideologieë ontstaan in ŉ situasie van bedreiging, (2) dien as vervanging van die ware religie, (3) streef na ŉ allesoorheersende doel, (4) tydelike sekerhede word verabsoluteer, (5) magsmiddele word misbruik (die doel heilig die middele), (6) norme word aangepas en (7) offers word gevra.

Uit die twee definisies kan die volgende kenmerke van ideologieë afgelei word (Goudzwaard, 1984:18; Van der Walt, 1999:184):

- Ideologieë ontstaan dikwels in tye van onderdrukking.
- Ideologieë vertoon ooreenkomste met die praktyk van afgodery.
- Ideologieë kom voor in ŉ omvattende denksisteem.
- Ideologieë is gerig op ŉ spesifieke doelwit.
- In die nastreef van die doelwit word daar ŉ instrumentele of utilistiese rol aan beginsels en waardes toegeken.
- Die totalitêre sy van ŉ ideologie sorg op sy beurt daarvoor dat geen aspek van die werklikheid onveranderd gelaat word nie.
- ŉ Ideologie wil ŉ alleenheerser wees, sonder enige vyande en teëstanders.

### 3.5.3 Ontwikkeling van ideologieë

Ideologieë begin klein en neig om groot en omvattend te word. Dit is nie altyd moontlik om ŉ ideologie in sy beginfase te identifiseer nie omdat die doelwitte wat in ŉ ideologie gestel word dikwels ooreenkom met legitieme doelwitte. Die verskil tussen ŉ legitieme doelwit en ŉ ideologie lê in die wyse waarop hierdie doelwitte nagestreef word. Goudzwaard *et al.* (2007:38-39) noem vier dominante doelwitte wat almal die potensiaal het om in ŉ volwaardige ideologie te ontaard, maar op sigself as legitieme doelwitte beskou kan word. Die volgende tabel dui in die linkerkolom legitieme doelwitte volgens Goudzwaard aan. In die regterkolom word voorbeelde genoem van hoe hierdie doelwitte al in die geskiedenis in ideologieë ontaard het.

| Legitieme doelwitte | Ideologie uit geskiedenis |
|---|---|
| Weerstand teen uitbuiting, onderdrukking en onmenslike magte wat die daarstelling van ŉ beter samelewing teëstaan | Revolusie, bv. Franse Revolusie. |
| Oorlewing van ŉ volk, kultuur, groep, geloof deur middel van die behoud van vryheid en kulturele identiteit | Nasionalisme of die ideologie van identiteit, bv. Nazisme, apartheid. |

| | |
|---|---|
| Nastreef van die geleentheid om op ’n volhoubare basis welvaart te skep | Ekonomisme, materiële welvaart, bv. kapitalisme en kommunisme. |
| Beskerming van jouself; jou kinders en medemense teen enige aanval van buite af | Gewaarborgde sekuriteit of die hedendaagse sekurokrasie (beheptheid met sekuriteit). |

Om aan te dui hoe maklik ’n legitieme doelwit in ’n ideologie kan verander, identifiseer Goudzwaard ses stappe van ideologievorming.

### 3.5.4 Ses fases in die ontwikkeling van ideologieë

Goudzwaard *et al.* (2007:52-53) identifiseer ses fases waarin ’n legitieme doelwit in ’n volwaardige ideologie ontaard. Goudzwaard se ses fases kan as ’n heuristiese model gebruik word om te bepaal hoe ver ’n ideologie gevorder het. Die fases is (1) geboorte, (2) verwesenliking, (3) hervorming, (4) oorheersing, (5) terrorisering, en (6) ontnugtering. Ter wille van duidelikheid sal elkeen van die fases kortliks bespreek word. By elke fase word ’n voorbeeld uit die geskiedenis genoem.

**Geboorte**

In dié stadium word die oortuiging gebore dat ’n radikale verandering nodig is. Mense begin besin oor die wyse waarop hierdie doel bereik kan word. Later ontwikkel die oortuiging dat die doel so belangrik is dat dit ten alle koste nagestreef moet word (Goudzwaard *et al.*, 2007:52).

- Voltaire en Rousseau gee aan terme soos “gelykheid” en “vryheid” nuwe revolusionêre betekenisse.

**Verwesenliking**

Idees kry gestalte in die vorm van mense wat bereid is om selfs met geweld te sorg dat die vooropgestelde doel bereik word. Die doel van die Franse Revolusie was om ’n samelewing daar te stel waar “vryheid”, “gelykheid” en “broederskap” voorop gestel word terwyl die doel van die kommunistiese revolusie in Rusland was om ’n klaslose samelewing daar te stel. Vir die Nazi’s in Duitsland was die doel die koms van die “Derde Ryk” waartydens alle uitheemse invloede uit die weg geruim moes word. Op die stadium maak revolusionêre idees hulle verskyning in die openbare sfeer (Goudzwaard *et al.*, 2007:53).

- In 1789 word die absolute gesag van die koning in Frankryk met ’n eed tot niet verklaar.
- In 1917 neem Lenin beheer oor in Moskou.
- In 1933 word Adolf Hitler verkies as rykskanselier.

**Hervorming**

Gedurende die hervormingstadium moet ou norme en waardes met nuwes vervang word om die gestelde doel te bereik (Goudzwaard *et al.*, 2007:53). Dit is tydens dié stadium dat onderwysinstellings deur die staat gebruik word om die landsburgers te oortuig van hulle saak. Skole en universiteite word gebruik as voermiddels om die nuwe waardes en norme by die jeug tuis te bring.

- In Nazi-terme is daar geleer dat die *Übermensch* en die *Untermensch* van mekaar onderskei behoort te word. Die leerstelling het eers in leerboeke voorgekom, voordat dit later op die moord van miljoene Jode uitgeloop het.

**Oorheersing**

Gedurende dié stadium verkry die middele selfstandigheid teenoor hulle makers. In die hervorming-stadium kan daar nog oor die middele regeer word, maar in die oorheersingsfase begin die middele die oorhand kry oor die wat hulle tot stand gebring het.

**Terrorisering**

In die terroriseringstadium toon ŉ ideologie sy ware aard. Daar ontstaan ŉ besef dat die aanvanklike doelwit nie meer haalbaar is nie, maar daar word doodeenvoudig aangegaan omdat daar reeds te ver op die pad gevorder is om om te draai (Goudzwaard *et al.*, 2007:54).

- Vir die Nazi's was dit die tyd van die konsentrasiekampe.

**Ontnugtering**

Hierna volg die besef dat die 'groot plan' nie gaan werk nie. Die rede hiervoor is dat ideologieë openlik bots met die realiteit van die geskape werklikheid (Goudzwaard *et al.*, 2007:55).

- Hitler pleeg selfmoord, omdat hy geen ander uitweg sien nie.

Hierdie ses stappe verskaf ŉ nuttige riglyn om te bepaal hoe ver ŉ bepaalde ideologie gevorder het. In die ontwikkelingsgang van ideologieë is daar een konstante: Dit is dat die gestelde doelwit op ŉ obsessiewe wyse nagestreef word.

### 3.5.5 Obsessiewe nastreef van ŉ doelwit

Reeds is daar gestel dat die verskil tussen ŉ legitieme doelwit en ŉ ideologie nie te vinde is in die doelwitte self nie, maar in die wyse waarop ŉ legitieme doelwit nagestreef word. Ideologieë streef legitieme doelwitte na, maar op ŉ obsessiewe wyse. Die obsessiewe wyse kom veral na vore in

die wyse waarop die mens dinge in die skepping neem en dit aanbid asof dit God is. Om die punt duideliker te maak, gaan daar kortliks verwys word na die verband wat Goudzwaard tussen afgodery en ideologie raaksien. Goudzwaard *et al.* (2007:39-41), Hawkes (2003:15-19) en Van der Walt (1999:169-183) sien almal opmerklike ooreenkomste tussen die praktyk van afgodery in die Ou Testament en die ontstaan van moderne ideologieë raak. Hawkes (2003:15-28) begin sy boek *Ideology* met 'n afsonderlik hoofstuk oor die praktyk van afgodery. Van der Walt (1999:169-192) bespreek die verband in meer diepte. Hy beskou ideologieë as hedendaagse afgode of ontspoorde lewensvisies.

### 3.5.6 Ideologieë en afgodery

#### *3.5.6.1 Teïstiese kritiek*


Die praktyk van afgodery word in die Ou Testament afgekeur wanneer die skepping vergoddelik of verabsoluteer word. Die afwysing van die praktyk van afgodery in die Ou Testament moet toegeskryf word aan 'n teïstiese lewensvisie. Volgens die teïsme moet God van sy skepping onderskei word, maar mag Hy nie daarvan geskei word nie. Dit beteken onder andere dat 'n goddelike krag nie aan die skepping toegeskryf mag word nie, terwyl God nie op 'n aardse of menslike wyse verklaar of bedink mag word nie. Afgodery vind plaas wanneer die mens 'n deel van die skepping aanbid op die wyse waarop die enigste ware God aanbid behoort te word. Hierdeur word God op 'n aardse manier vertolk en aanbid. Dit veroorsaak 'n skeeftrekking van die werklikheid.

#### *3.5.6.2 Onderskeid tussen religie en kultuur*

Die reformatoriese filosoof Stoker het in die verband 'n handige onderskeid getref tussen religie en kultuur. Waar die mens op 'n totalitêre wyse 'n aardse doelwit nastreef, vind afgodery plaas.

> *"Want eerstens rig die mens hom in sy godsdiens vertikaal, na Bo, na die Oorsprong van alle dinge, na God, die Algenoegsame, Almagtige, Skepper, Onderhouer, Bestierder, en Voleinder van alle dinge, die Wetgewer vir alles wat Hy geskape het. Met sy kultuurvorming daarenteen rig die mens hom horisontaal na die skepping, sy medeskepsels (stof, plant, dier en mens), die skepping wat onselfgenoegsaam, afhanklik, eindig, tyds en beperk is, en wat in alles onder die wetsorde van God staan. Tweedens gee die mens hom in sy godsdiens onvoorwaardelik en totalitêr aan God oor met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en al sy kragte. As die mens hom op hierdie wyse oorgee aan sy kultuuraktiwiteit, maak hy daarvan 'n afgod; en dit mag nie. Derdens dien die mens God in sy godsdiens, maar heers hy in sy kultuuraktiwiteit." (Stoker, 1967:127)*

Dit kan skematies voorgestel word.




Die afgodery waarna Stoker verwys, is nie net godsdienstige afgodery nie. Die mens kan ŉ afgod van sy kultuurarbeid maak. Wanneer die mens hom op ŉ totalitêre wyse aan sy eie kultuurarbeid oorgee, vind die eerste stappe van afgodery plaas. Die totalitêre strewe na ŉ bepaalde aardse doelwit toon ooreenkomste met die obsessiewe nastreef van ŉ bepaalde doelwit. Wanneer ŉ aardse doelwit obsessief nagestreef word, skuil daar ŉ groot gevaar van ideologievorming.

#### *3.5.6.3 Magsverandering*

Wanneer Goudzwaard die noue verwantskap tussen afgodery en ideologie bespreek, wys hy dat daar by albei sprake van ŉ magsverandering is. Die magsverandering vind plaas waar die mens, wat aanvanklik mag aan die afgod of ideologie verleen, later daardeur beheer word. Die mens wat oor sy kultuuraktiwiteit moet heers, word later beheer deur dit wat hy self tot stand gebring het. Om dit te verduidelik verwys Goudzwaard *et al.* (2007:41-42) na die wyse waarop tegnologie wat deur die mens tot stand gebring word met tyd die mensdom begin beheer. Hier is sprake van ŉ rolverandering waar die mens wat die idee na vore bring, later beheer word deur dieselfde idee wat hy na vore gebring het. Hierdie rolverandering word in Psalm 115 beskryf (Bybel, 1953):

> *"Hulle afgode is silwer en goud, ŉ werk van mensehande. Hulle het ŉ mond, maar praat nie; hulle het oë, maar sien nie; ore het hulle, maar hoor nie; hulle het ŉ neus, maar ruik nie; hande, maar hulle tas nie; voete, maar hulle loop nie; hulle gee geen geluid deur hul keel nie. Die wat hulle maak, sal net soos hulle word – elkeen wat op hulle vertrou." (Ps. 115:4-8)*

In Psalm 115 word die uitwerking van afgodery beskryf op die mense wat afgode aanbid. Afgode is die werke van mensehande, en het geen lewe in hulself nie. Tog probeer die mens aan die beelde lewe gee deur aan hulle gesigte, hande en voete te gee. Ten spyte van al die mens se pogings om aan die beelde van hout en klip lewe te gee, is die beelde nie by magte om enige iets te doen of te vermag nie. Die magteloosheid van die afgode wat deur die mens gemaak word, verander egter op 'n misterieuse wyse in die magteloosheid van die wat die afgode aanbid. Dit is wat Goudzwaard bedoel met die rolverandering wat hy beskryf. Die wat aanvanklik mag aan die afgod verleen het, word nou deur die mag van die afgod oorweldig.

Vrees speel in dié verhouding 'n hoofrol. Goudzwaard (2007:40-41) meen dat die een wat die afgod aanbid, nou vrees vir enige misstap en die straf wat daarmee gepaard gaan. Psalm 115 verduidelik in kort hoe die mens wat die afgod geskep het, na gelang van tyd daardie afgod begin vrees. Die vrees is nie 'n gesonde vrees vir God nie (Spr. 1:7), maar 'n vrees vir pyniging deur die afgod. Die verhouding van vrees tussen die afgod/ideologie en die mens staan in kontras met die liefdevolle verbondsverhouding tussen God en die mens. Die kern van Goudzwaard se kritiek teen die moderne samelewing is dat die moderne mensdom - onbewus daarvan - 'n slaafse navolgers van verskeie ideologieë geword het. Hy sien baie ooreenkomste tussen die Westerse samelewing en die volk Israel wat in Egipte 'n slaaf was. Daar is egter ook 'n groot verskil. Die volk Israel het geweet dat hulle slawe was, terwyl dit vir Goudzwaard voorkom asof die Westerse wêreld nie besef dat ideologieë 'n kragtige invloed op hulle uitoefen nie. Goudzwaard probeer die Westerse samelewing bewus maak van die ideologieë waardeur dit gevange geneem is.

### 3.5.7 Ontwikkelingsgang van afgodery en ideologie

Daar moet egter deeglik daarvan kennis geneem word dat Goudzwaard nie afgodery gelykstel aan ideologieë nie. Hoewel die ooreenkomste hier uitgelig is, mag daar verskeie verskille wees. Goudzwaard bied hierdie punte van vergelyking aan in 'n poging om stapsgewys aan te dui hoe 'n ideologie ontwikkel en mag oor die mens verkry. Die ooreenkoms tussen die ontstaan van afgodery en ideologievorming kan in die volgende tabel aangedui word:

| | **Afgodery (Goudzwaard *et al.*, 2007:40-41)** | **Ideologie (Goudzwaard *et al.*, 2007:43)** |
|---|---|---|
| Stap 1: | Die mens neem iets uit die skepping, plaas dit op 'n hoë plek en verklaar dit heilig. | Mense ken aan iets uit die skepping 'n verhoogde status toe. |
| Stap 2: | Offers word gebring in die hoop dat die afgod aan die mens welvaart, beskerming en voorspoed sal skenk. | Mense offer bepaalde dinge op ter wille van dit waaraan hulle 'n verhoogde status toegeken het. |
| Stap 3: | Rolveranderinge vind plaas, waar die afgod mag oor die mens verkry. | Ideologie verkry mag oor mense en hulle volg dit slaafs na. |

Die volgende ooreenkomste tussen afgodery en ideologie kan puntsgewys opgesom word:

- Die mens is aanvanklik in beheer en bring die afgod/ideologie tot stand.
- Die mens verleen beperkte mag aan die afgod/ideologie.
- ’n Rolverandering vind plaas waarna die mens deur die afgod/ideologie beheer word.
- Na die rolverandering word die verhouding tussen die mens en die afgod/ideologie deur vrees gekenmerk.

### 3.5.8 Totalitarisme

Afgodery ontstaan wanneer die mens homself op ’n totalitêre wyse toewy aan dit wat tot die skepping behoort. Die mens kan hom aan afgode toewy, maar dan wy hy homself toe aan konsepte van God wat deur die mens uitgedink is. Die mens kan homself verder aan sy beroep, besittings, seks, geld, ensovoorts op so ’n wyse toewy dat hy daarvan ’n afgod maak. Totalitêre neigings ontstaan wanneer een aspek van die werklikheid verabsoluteer word of obsessief nagestreef word. Totalitarisme is ’n verdere kenmerk van ideologieë. Die ironie daarvan is dat ideologieë wat deur mense geskep word, die potensiaal besit om te ontaard in ’n totalitêre sisteem wat die mens beheer.

### 3.5.9 Die doel heilig die middele

Aangesien ideologieë deur absolute doelwitte gedryf word, kan die middele wat gebruik moet word om die doelwitte te bewerkstellig na willekeur verander word. Waar die doel die middele tot die doel regverdig, sien Goudzwaard (1984:23-24) ’n duidelike onderskeid tussen ’n legitieme doelwit en ’n ideologie raak. In die geval van Destutt de Tracy het die Christelike geloof, tesame met bepaalde waardes en norme, in die weg gestaan van die verdere uitbreiding van die nuwe waardes van die Franse Revolusie, naamlik: vryheid, gelykheid en broederskap (Goudzwaard *et al.*, 2007:33; Kennedy, 1979:355,358). Om dié rede moes daar ’n middel gesoek word om almal wat nie saamgaan met die Franse Revolusie nie, uit die weg te ruim. Die guillotine is ontwerp om almal wat die revolusie teëgestaan het, te vermoor (Goudzwaard *et al.*, 2007:33). Hier is geen normgebaseerde benadering gevolg nie, maar wel die weg wat op die vinnigste en effektiefste manier moontlik van alle teëstanders ontslae kan raak.

### 3.5.10 Moderne afgodery

Daar is egter diegene wat meen dat die eeue oue praktyk van afgodery nie meer van toepassing is op die moderne samelewing nie. Die kritiek is gebaseer op die veronderstelling dat die waarheid voortdurend besig is om saam met die tyd te verander. Wanneer die ooreenkomste tussen die praktyk van afgodery en die ontstaan van ideologieë in aanmerking geneem word, waarsku Goudzwaard teen die bogenoemde beswaar.

> *"But that view is dangerously superficial. Nothing in the pattern of traditional idol worship suggests that an idol is by definition a static object of a striking piece of wood or stone. Further, earlier we saw that all modern ideologies have mythical backdrops or aspects. We may therefore not exclude the possibility that even the most modern or postmodern ideology may be related in various ways to forms of contemporary idolatry." (Goudzwaard et al., 2007:41).*

## 3.6 Samevatting

Vanuit die bogenoemde oorsig sal daar gepoog word om op 'n genuanseerde wyse te bepaal in hoe verre daar spore van ideologieë teenwoordig is in Kerr se universiteitsidee. Weereens moet daar genoem word dat die benadering nie gevolg word met die doel om afbreuk aan Kerr se bydrae tot die universiteitswese te doen nie. Goudzwaard se kritiek op hedendaagse Westerse ideologieë word slegs gebruik as 'n hulpmiddel om moontlike ideologieë in Kerr se universiteitsbeskouing te identifiseer. Daar sal gevolglik gevra word tot watter mate daar trekke van die ideologie van voortuitgang, nasionalisme en ekonomisme in Kerr se universiteitsbeskouing teenwoordig is.

# 4. VOORTDURENDE VOORUITGANG

## 4.1 Inleiding

"History moves faster than the observer's pen" (Clark Kerr)

In hierdie hoofstuk moet bepaal word hoe groot rol voortdurende vooruitgang in Kerr se denke gespeel het. Daar sal vir die doel hoofsaaklik gebruik gemaak word van hoofstuk 1 van "*The Uses of the University"*, omdat Kerr die geskiedenis van die Amerikaanse universiteit in dié hoofstuk bespreek. Uit Kerr se interpretasie van die geskiedenis blyk dit dat voortdurende vooruitgang vir hom ŉ uiters belangrike rol speel. Daar sal ook verwys word na die naskrif van die 1972-weergawe van "*The Uses of the University"* (Kerr, 1972b). Hierin verdedig Kerr ŉ pluralistiese begronding van die universiteit omdat dit volgens hom meer bevorderlik is vir vooruitgang. Daar kan egter gevra word of voortdurende vooruitgang so ŉ dominante rol by Kerr speel dat dit ideologiese trekke vertoon en tot watter mate sy universiteitsbeskouing daardeur beïnvloed is.

## 4.2 Die geskiedenis van die universiteit

In Kerr se beskrywing van die geskiedenis van die universiteit word daar keer op keer melding gemaak van die tyd wat konstant aan die verander is. Uit Kerr se interpretasie van die geskiedenis wil dit voorkom of die universiteit nie anders kan as om verander te word deur die tydgees waarbinne dit staan nie. Die universiteit word hiervolgens ŉ weerspieëling van die tydgees. Dit was nie altyd die geval nie. Die Middeleeuse universiteit het grotendeels krities gestaan teenoor die heersende tydgees.

### 4.2.1 Die idee van ŉ universiteit (Middeleeuse universiteit)

Kerr begin by die Middeleeuse universiteit om daarmee aan te dui hoe baie die universiteit al sedertdien verander het. Hy skep die indruk dat die Middeleeuse universiteit ŉ pragtige ideaal was, maar nie meer relevant is in die moderne tyd nie. Die naam *universitas magistrorum et scholarium* het reeds in die 13e eeu in Parys voorgekom. Die onderstaande afbeelding is ŉ embleem van die universiteit van Parys (Stellingwerff, 1971:135) In die illustrasie kan gesien word dat die intieme band tussen meesters en studente op die voorgrond gestaan het. Dit word veral in die prent aan die regterkant uitgebeeld Daar is ŉ een-tot-een verhouding sigbaar waar die dosent "*magister"* die leerling "*disciple"* onderrig.



In die Romeinse reg het die woord *"universitas"* korporasie beteken. Hiermee is die gemeenskapskarakter van die universiteit beklemtoon (Venter, 1978:5). Die universiteit is in die sin bedoel om ŉ gemeenskap van dosente en studente te wees. Duvenhage (1977:3) voeg hier by dat die onderrig moeilik sou kon plaasvind as dosente en studente nie "werklik mekaar se lede was nie".

Die Middeleeuse universiteit het volgens die gildestelsel gefunksioneer. Groepe van eendersdenkendes het rondom hulle vakgebiede gildes gevorm. Studente kon nie self aanmeld by die gilde van hulle keuse nie. Hulle moes gewerf word. Op die wyse het die gildes ŉ groot mate van eenvormigheid in hulle onderskeie vakgebiede gehandhaaf. Hiermee saam is daar ook uitgegaan van die gedagte dat die wetenskap ŉ geheel vorm waarin al die vakgebiede verskeie aspekte van die wetenskap uitlig. Daar is in die opsig van die "*universitas scientarium*" gepraat, wat die eenheid van die wetenskap bedoel het (Popma, 1969:9; Stellingwerff, 1971:145). Wat in ieder geval duidelik is, is dat die eenheidsgedagte baie sterk na vore getree het binne die Middeleeuse universiteitsgedagte.

Een van die mees prominente verdedigers van die historiese karakter van die universiteit was kardinaal John Henry Newman. Hy het ŉ boek geskryf met die titel *"The idea of a University*". Newman was ten gunste van ŉ liberale universitêre opvoeding waar die vorming van die mens deur middel van die bestudering van klassieke tekste op die voorgrond gestaan het. Newman het *"liberal knowledge"* as die essensiële eienskap van die universiteit beskou. Sy beskouing van kennis het daarvan uitgegaan dat alle kennis aan mekaar verbind is, omdat dit alles deur God gemaak is (Newman, 1852:99). Kennis was vir Newman nie ŉ middel tot ŉ hoër doel nie, maar vir hom kon die nastreef van kennis ŉ doel op sigself wees.

> *"Knowledge is capable of being its own end. Such is the constitution of the human mind, that any type of knowledge if it be really such, is its own reward" (Newman, 1852:103).*

Met die opkoms van die natuurwetenskappe het vrae ontstaan oor die nut van 'n liberale[6] universiteit. Kerr het byvoorbeeld gladnie met Newman se beskouing van kennis saamgestem nie. Kennis was vir Kerr iets wat bruikbaar moes wees. Die feit dat kennis as 'n doel op sig self beskou kon word, het Newman se universiteitsidee in Kerr se oë ongeloofwaardig gemaak. Hy het Newman as 'n idealis beskou. Kerr (1963b:3) was meer oortuig van die sofiste se beskouing van kennis wat die praktiese toepassingswaarde van alle kennis beklemtoon het. Volgens Kerr se interpretasie van die geskiedenis was die universiteit wat Newman beskryf het, reeds besig om uitgedien te raak, selfs nog terwyl hy in 1852 die lesings gegee het. Die Duitse Von Humboldt-model sou spoedig die liberale universiteit van Newman vervang. Hierdie veranderinge het aanleiding gegee tot die koms van die moderne universiteit.

> *"This beautiful world was being shattered forever even as it was being so beautifully portrayed. By 1852, when Newman wrote, the German universities were becoming the new model. The democratic and scientific revolutions were all well underway in the Western world. The gentleman 'at home in any society' was soon to be at home in none. Science was beginning to take the place of moral philosophy, research the place of teaching" (Kerr, 1963b:3-4).*

### 4.2.2 Die idee van 'n moderne universiteit

Teenoor die ideale universiteit van Newman wat die standhouer van ewige waarhede was, het Abraham Flexner (1930) 'n boek geskryf met die titel "The idea of a Modern University" waarin hy gesê het dat die universiteit hom nie uit sy betrokke tydsomstandighede kan uitlig nie. Die universiteit is nie 'n uitdrukking van waarhede uit ander tye nie, maar moet 'n uitdrukking van eietydse waarhede wees wat 'n invloed op die hede en die toekoms uitoefen. So het die klem verskuif na die ontdekking van "nuwe waarhede" teenoor die handhawing van ewige waarhede. Die spesialis het die plek van die generalis ingeneem. Dit was hierna vir enige individu nie meer moontlik om waarlik 'n meester op sy vakgebied te wees nie, omdat kennis so vinnig uitgebrei het.

Teen 1930 het baie Amerikaanse universiteite al baie ver wegbeweeg van die moderne universiteit af. Die moderne universiteit wat Flexner beskryf het, was intussen besig om wesenlike veranderinge te ondergaan. Die universiteit het teen die tyd reeds soveel funksies en kursusse bygekry dat die moderne universiteit ook besig was om uitgedien te raak. Die probleem wat

---

[6] Met liberaal word daar nie na 'n vrysinnige universiteit verwys nie, maar na die klassieke universiteitsmodel waarin die menswetenskappe op die voorgrond gestaan het.

Flexner raakgesien het, was dat die universiteit besig was om sy eenheid prys te gee. Ten spyte van verskeie veranderinge wat reeds teen die tyd plaasgevind het, het Flexner nog aan die gemeenskapsgedagte van die universiteit probeer vashou.

Daar moet egter baie noukeuring gelet word op die wyse waarop Kerr die veranderinge beskryf wat die moderne universiteit getref het. Hy beskryf dit op 'n wyse wat die indruk skep dat die universiteit in 'n konstante reis teen tyd vasgevang is. Daar is definitief sprake van voortdurende vooruitgang in Kerr se beskrywing van die geskiedenis van die universiteit.

> *"The 'Modern university' was nearly as dead in 1930 when Flexner wrote about it, as the old Oxford was in 1852 when Newman idealized it. History moves faster than the observer's pen." (Kerr, 1963b:6)*

Kerr (1994:47) se kritiek teen Flexner was dat hy aan die Duitse Von Humboldt-model vasgehou het, terwyl 'n unieke Amerikaanse model na vore getree het. Flexner het probeer vashou aan die geskiedenis, terwyl Kerr opgemerk het dat 'n splinternuwe Amerikaanse universiteitsmodel die pas sou aangee in die toekoms.

### 4.2.3 Die idee van 'n multiversiteit

Die evolusie van die universiteit vind sy hoogtepunt, aldus Kerr, in die verskyning van die multiversiteit. Kerr tref in die verband die volgende vergelyking:

> *"The 'Idea of a University' was a village with its priests. The 'Idea of a Modern University' was a town – a one industry town – with its intellectual oligarchy. 'The idea of a Multiversity' is a city of infinite variety" (Kerr, 1963b:31).*

In die vergelyking is dit duidelik dat die evolusie van die universiteit sy hoogtepunt vind in die multiversiteit. Hoewel daar nog aanhangers van die Middeleeuse en moderne universiteitsgedagtes is, meen Kerr dat hulle aan die verlede probeer vasklou. Hy is van oortuiging dat die vorm van die universiteit nie losgemaak kan word van die tydgees waarbinne dit tot stand gekom het nie.

Ter illustrasie van die punt word daar verwys na 'n opmerking van Kerr waarin hy bepleit dat ander lande se universiteitsmodelle nie verabsoluteer moet word nie.

> *"The controversies (oor die beste universiteitsmodel - vc) are still around the faculty clubs and student coffee houses; and the models of Oxford and Berlin and modern Harvard all animate segments of what was once a 'community of masters and students' with a single vision of its nature and purpose. These several competing visions of true purpose, each relating to a different layer in history, a different web of forces, cause the malaise in university communities of today" (Kerr, 1963b:8).*

Die skilderye van Oxford en Berlyn en Harvard wat in Amerikaanse universiteite se teekamers hang, word nie as ideale modelle beskou wat Amerikaanse universiteite moet nastreef nie. Volgens Kerr is die Amerikaanse universiteite op die voorpunt van die geskiedenis, en behoort ander wêreldlande se universiteite eerder die Amerikaanse model na te streef. Vir dié wat strewe na modelle wat in die verlede lê, is dit volgens Kerr ʼn strewe na ʼn tydgleuf in die geskiedenis wat reeds verby is. Kerr sê hiermee in amper soveel woorde dat die universiteit ʼn weerspieëling van die tydgees behoort te wees. Die universiteit staan nie bo die tyd uit nie, maar is in elke besondere tydgleuf ʼn refleksie van die heersende tydgees.

Verder moet ons byvoeg dat Kerr nie die woord multiversiteit op ʼn willekeurige wyse gebruik nie. Hy gebruik dit tereg om die pluralistiese karakter van die postmoderne Amerikaanse universiteit te beskryf. Die term postmodernisme was nog nie alom bekend toe Kerr in 1963 *"The Uses of the University"* geskryf het nie. Kerr (2001a:206,216-217) praat wel van die "*postmodern university*" in latere geskrifte waarin hy die tradisionele universiteit met die postmoderne universiteit kontrasteer. Vanuit Kerr se eie geskrifte sou dit dus nie verkeerd wees om die multiversiteit as ʼn postmoderne vorm van die universiteit te beskryf nie.

Om beter te verstaan hoe belangrik vooruitgang vir Kerr was, gaan ons die rol bespreek van die president van die universiteit, soos Kerr dit beskou het. Kerr het die president van die universiteit beskou as iemand wat vooruitgang moet inisieer en bevorder.

## 4.3 Kerr se voorkeur vir vooruitgang

### 4.3.1 Die rol van die president

*President* is ʼn titel wat gegee word aan die persoon wat die hoogste posisie by die Amerikaanse universiteit beklee. Die president was ʼn figuur met onbeperkte mag. Hy kon werklik dikteer wat in die universiteit moes gebeur. In die geskiedenis van die Amerikaanse universiteitswese was daar verskeie leidende figure wat geroepe was om sterk leiding te neem in die tye wat hulle aan die stuur was. Kerr sonder Hutchins, Lowell, en Elliot uit as besondere leiersfigure. Hy noem hierdie persone die reuse, omdat hulle op ʼn outokratiese wyse verskeie veranderinge moes implementeer.

Soos die universiteite al hoe groter geword het, het dit al hoe moeiliker geword vir een persoon om ʼn hele universiteit te bestuur. Kerr kom tot die gevolgtrekking dat die tyd van die reuse uitgedien is en dat die presidente in die toekoms eerder die rol van ʼn bemiddelaar of ʼn inisiatiefnemer moet speel. Die inisiatief wat geneem word, moet volgens Kerr twee spesifieke

doelwitte nastreef, naamlik vrede en vooruitgang. Van dié twee doelwitte ag Kerr vooruitgang as die belangrikste.

> *"Unfortunately peace and progress are more frequently enemies than friends; and since, in the long run, progress is more important than peace to a university, the effective mediator must, at times, sacrifice peace to progress" (Kerr, 1963b:30).*

Dit is duidelik dat Kerr as ervare loononderhandelaar terme gebruik wat uit die arbeidsomgewing kom. Verder word dit uit die laaste aanhaling duidelik dat Kerr vooruitgang as 'n ononderhandelbare beginsel verdedig. Hy waarsku selfs dat die leierskap van die universiteit uit gematigdes moet bestaan, omdat konserwatiewes wat aan die stuur van die universiteit staan die vooruitgang daarvan bedreig.

Vooruitgang was vir Kerr so 'n belangrike beginsel dat dit wil voorkom asof hy pragmaties selfs 'n ontologie verkies wat die beste daarby inpas. Kerr vind aansluiting by die pluralisme omdat hy van oortuiging is dat die pluralistiese begronding van die universiteit meer bevorderlik is vir vooruitgang.

### 4.3.2 Pluralisme

In die 1972 heruitgawe van "*The Uses of the University*" verskyn 'n naskrif wat Kerr in daardie selfde jaar geskryf het. Die naskrif is geskryf om misverstande reg te stel wat na die eerste uitgawe van die boek ontstaan het. Sommige het byvoorbeeld multiversiteit as 'n multi-universiteit verstaan, waar verskillende kampusse van een universiteit verskillende doelstellings het. Kerr maak dit duidelik dat hy met multiversiteit 'n enkelkampusfenomeen in gedagte gehad het. Die multiversiteit is 'n eenkampusfenomeen waar 'n pluraliteit van doelstellings terselfdertyd teenwoordig is (Kerr, 1972a:103). Hy het daarmee probeer sê dat die universiteit nie meer beskou kan word as een homogene gemeenskap van dosente en studente wat een enkele doelwit nastreef nie.

> *"What I meant by the word was that the modern university was a "pluralistic" institution, pluralistic in several senses: in having several purposes, not one; in having several centers of power, not one; in serving several clienteles, not one. It worshipped no single God; it constituted no single, unified community; it had no discretely defined set of customers. It was marked by many visions of the Good, the True, and the Beautiful, and by many roads to achieve these visions; by power conflicts; by service to many markets and concern for many publics. It might have been called a pluralistic university; or a conglomerate university - making an analogy to business; or, as some Germans now do, the comprehensive university; or a number of other things. What I wanted to do was to mark the contrast with a more nearly single-purpose institution having a more monistic spirit, a more monolithic leadership, and a single clientele - whether the older Oxford concentrating on teaching, run by the faculty, and serving would-be gentlemen or the older Berlin concentrating on research, run by the chair professors, and serving new knowledge" (Kerr, 1972a:103-104).*

Aangesien die samestelling van die samelewing verander het, was die universiteit gedwing om daarmee saam te verander.  Die verskil tussen die universiteit en die multiversiteit kan in die volgende tabel saamgevat word.

| | **Universiteit** | **Multiversiteit** |
|---|---|---|
| **Doel** | Een doel | Verskeie doele |
| **Studente** | Homogene groep | Diverse groep |
| **God** | Een God | Sekulêr of verskeie geldige godsdienste |
| **Leierskap** | Duidelike visie | Geen duidelike visie.  Bemiddelaar tussen verskeie partye. |
| **Diens aan gemeenskap** | Indirekte taak[7] | Primêre taak |
| **Samewerking met besigheidsektor** | Nadat studies voltooi is. | Tydens studies word projekte gebind aan bepaalde besighede se projekte. |

Tot op hierdie punt is daar merendeels ingegaan op Kerr se *beskrywing* van die multiversiteit. Kerr gaan m.i. verder as dit.  Hy bied ook 'n *regverdiging* vir die multiversiteit in die vorm van sy keuse vir 'n pluralistiese begronding daarvan.  Terwyl die *uni*-versiteit uitgaan van die eenheidsgedagte, gaan die *multi*-versiteit uit vanuit die veelheidsgedagte.  Kerr se keuse vir 'n pluralistiese begronding van die universiteit blyk op pragmatiese gronde te berus.  Volgens Kerr is die pluralistiese omgewing, wat teenwoordig is by die multiversiteit, meer produktief as by 'n monistiese universiteit.  Dus vind Kerr meer aanklank by die pluralistiese ontologie, omdat dit volgens hom meer bevorderlik vir vooruitang is.  Hy vind hiermee aansluiting by William James (die vader van die pragmatisme).

### 4.3.3 William James se invloed

Kerr sluit by William James se beskouing van pluralisme aan wanneer hy verduidelik wat hy met die term "multiversiteit" bedoel.  Volgens James word die heelal die beste beskryf in pluralistiese terme.  James ontken nie dat daar een wêreld is nie, maar ontken wel dat die wêreld een doel het (James, 1925:142).

---

[7] Die universiteit lewer nog 'n diens aan die gemeenskap, maar eers wanneer graduandi afgestudeer het. Gemeenskapsbetrokkenheid en samewerking met die besigheidsektor vind hoofsaaklik na afstudering plaas.

Kerr sluit aan by James se pluralisme omdat pluralisme vir hom nouer aansluit by die werklikheid as monisme. Die monistiese benadering soek enkele beginsels waarmee die verskeidenheid in die samelewing in 'n harmoniese eenheid saamgebind kan word. Die voordeel van dié benadering is dat dit 'n vorm van verstandelike gerustheid verskaf. Dit bied 'n duidelike basis op grond waarvan besluite geneem kan word. Verder bied dit 'n duidelike riglyn oor hoe besluite oor teenwoordige en toekomende sake geneem behoort te word (Kerr, 1972a:104-105).

Ten spyte van die voordele van die monistiese benadering tot die werklikheid, kies Kerr nie daarvoor nie. Hy verkies 'n pluralistiese benadering om die volgende redes:

- Die multiversiteit is aan geen enkele geloof getrou nie.
- Die multiversiteit beperk sy taak nie tot een enkele funksie nie.

Waar die universiteit voorheen deur interne kohesie gekenmerk is, het baie universiteite meer begin praat van 'n blote saambestaan op dieselfde kampus (*coexistence*[8]). Kerr erken ook die swakpunte van die pluralistiese universiteit. By dié universiteit is dit baie moeiliker om konflikte op te los as by die monistiese universiteit waar daar 'n vaste beginsel is op grond waarvan verskille opgelos kan word. Kerr stel dit soos volg:

> *"By contrast, monistic universities, based on the Bible, or the Koran, or the Communist Manifesto, or the Great Books can test loyalty more precisely, can settle disputes on principle, can limit their functions more readily" (Kerr, 1972a:104).*

Ten spyte van hierdie voordele is daar een punt van die monistiese universiteit waarmee Kerr homself veral nie kan vereenselwig nie. Dit is dat die monistiese universiteit nie ten gunste is van voortdurende vooruitgang nie. Dié soort universiteite ag dit soms nodig om 'n meer konserwatiewe benadering te volg. Kerr beskryf die probleme van die monistiese universiteit soos volg:

> *"But they also tend to be more static in a dynamic world, more intolerant in a world crying for understanding and accommodation to diversity, more closed to the unorthodox person and idea, more limited in their comprehension of total reality" (Kerr, 1972a:104-105).*

Kerr kies die pluralistiese universiteit om die volgende redes:

- Aanpasbaarheid in 'n voortdurend veranderende wêreld.

---

[8] Daar is 'n groot verskil tussen "*cohesion"* en "*coexistence"*. "*Cohesion*" plaas die klem op innerlike eenheid van hart en siel. Dit beskryf 'n kampus waar die diepste oortuiging van die studente op dieselfde doel gerig is. "*Coexistence"* beskryf 'n kampus waar 'n klomp studente met verskillende doele, deur eksterne omstandighede genoodsaak word om op die selfde kampus klas te loop.

- Meer verdraagsaam teenoor diversiteit.
- Meer oop teenoor onortodokse opinies.
- Meer oop ten opsigte van hul visie van die werklikheid.

Kerr (1972a:106) argumenteer verder dat die universiteit eerder op produktiewe konflik as op leerstellige eenheid gebaseer moet word.

### 4.3.4 Pluralisme en ideologieë

Hoewel pluralisme en ideologie vyande behoort te wees omdat pluralisme alle totaliseringe van die werklikheid verwerp, wil dit voorkom of daar 'n verband tussen die vorming van ideologieë en die pluralistiese lewens- en wêreldbeskouing is. Die rede hiervoor is dat die pluralisme wat voorgee om geen voorkeur aan 'n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing te gee nie, wel aanklank vind by die ideologie van voortdurende vooruitgang.

Ringenberg (2006:113-144) dui in dié verband aan hoe die meeste van die Amerikaanse universiteite, wat histories 'n protestantse oorsprong het, sedert die helfte van die 19de eeu sekulêr geword het. In dieselfde tydgleuf het Amerika ook meer pluralisties geword. Ringenberg (2006:120) berig dat daar in die tyd verskeie nuwe ideologieë binne die sekulêre en pluralistiese omgewing ontstaan het. Waarom het daar juis verskeie ideologieë in die tyd ontstaan?

Goudzwaard verskaf 'n verduideliking hiervan in sy hantering van Nietzsche se "*Myth of the Madman*". Hiervolgens is die mensdom, nadat hy God doodgemaak het, oorweldig deur die besef van die leemte waarvoor hy nou staan. Aangesien die hele geskiedenis van die mensdom op die geloof in God gegrond is, roep die dood van God die mens op om die oop spasies met nuwe narratiewe te vul. Binne die nuwe oop spasie word daar ruimte gebied vir nuwe ideologieë om te ontwikkel.

> *"It must create a new narrative from which to make sense of things. People must design a different horizon than the one that has been wiped out. It is precisely this spiritual vacuum that modern Western ideology, by fits and starts, has filled and continues to fill. Western ideology is the perilous adventure of projecting a new story, a new meaning, a new certainty, a new spirit in a world severed from God" (Goudzwaard et al., 2007:37).*

Die sekulêre omgewing funksioneer in dié sin as 'n teelaarde vir nuwe ideologieë. Van der Walt (1999:202) praat in die sin van sekularisme as 'n "fabriek van ideologieë".

> *"Wat ek hiermee wil duidelik maak, is dat sekularisme nie beteken dat die mens nou in niks glo nie maar dat hy in enigiets glo. Daarom is dit die groeibodem vir enige soort ideologie. Soos 'n verkleurmannetjie verander hy sy kleur, afhangende*

*van die land en mense waaronder hy hom bevind. En as een ideologie uitgedien is, is hy dadelik met 'n volgende gereed. Sekularisme, die veelkoppige monster!"*

*"Ook in hierdie verband het ons 'n sirkelgang: sekularisme bring ideologieë voort, en die verskillende ideologieë dryf op hulle beurt weer die proses van versekularisering verder" (Van der Walt, 1999:202).*

Wat hier van sekularisasie gesê word, kan ook van Kerr se pluralistiese begronding van die universiteit gesê word. Wanneer Kerr kies om die universiteit 'n pluralistiese grondslag te gee, maak hy die deur oop vir die moontlike beïnvloeding deur verskeie ideologieë. Die handhawing van 'n pluralistiese lewens- en wêreldbeskouing is nie self 'n ideologie nie, maar dit maak die deur oop vir die vorming van verskeie nuwe ideologieë.

Dit herinner aan die gelykenis wat die Here Jesus vertel het oor 'n onreine gees (Bybel, 1953).

*"En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie. Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag" (Matt. 12:43-45).*

Dit kan dan ook op die universiteit toegepas word. Waar die universiteit in sekularisme verval, word die ruimte wat voorheen deur 'n bepaalde godsdienstige verbintenis vervul is 'n vakuum wat dien as 'n teelaarde vir die vorming van nuwe ideologieë. In hierdie studie word daar gepoog om aan te toon hoe Kerr se pluralistiese begronding van die universiteit, onderskeidelik aanleiding gegee het tot die bevordering van die ideologie van voortdurende vooruitgang, nasionalisme en ekonomisme. Daar sal vervolgens bepaal word in watter mate Kerr se voorkeur vir vooruitgangsgeloof ideologiese spore vertoon.

## 4.4 Ideologiekritiese beoordeling

### 4.4.1 Hedendaagse kritici

Filosofiese aanhangers van vooruitgang stel dat die menslike toestand deur die loop van die geskiedenis stelselmatig verbeter het. Die vooruitgangsgeloof het sy oorsprong in die Verligtingstydperk en het veral in die 19de eeu gefloreer. Na twee wêreldoorloë, die *holocaust* en die eerste atoombom het 'n baie meer skeptiese houding teenoor die toestand van die mensdom ontwikkel (Lange, 2011:1). Hedendaagse kritici van vooruitgang meen dat die menslike toestand nie verbeter het nie en hulle handhaaf 'n meer skeptiese houding teenoor die mensdom se verwagting van vooruitgang.

Jared Diamond en Ronald Wright word deur Lange uitgesonder onder die hedendaagse kritici van vooruitgang. Beide Diamond en Wright kom tot die gevolgtrekking dat verandering nie ŉ konstante progressiewe lyn toon nie, omdat die geskiedenis bewys dat die mensdom al verskeie kere tot ŉ drastiese stilstand gekom en selfs grootskaalse agteruitgang beleef het. Volgens hulle is ŉ globale inmekaarsinking ŉ werklike gevaar.

Wright kom byvoorbeeld na bestudering van die val van verskeie koninkryke (Ur, Maya, Rome en "*Easter Island*") tot die gevolgtrekking dat ons eintlik meer skepties moet staan teenoor die mensdom se geloof in voortdurende vooruitgang. Mislukkings vind volgens hom plaas wanneer 'n samelewing in ŉ "*progress trap*" beland.

> *"Failures occur when societies enter a progress trap. A progress trap is a practice that drives environmentally unsustainable growth and is difficult to halt once it is in motion" (Lange, 2011:31).*

In aansluiting by Diamond beskryf Lange hoekom die geloof aan voortdurende vooruitgang nie volhoubaar is nie.

> *"Assume the growth of a society is determined by its ability to exploit the natural resources that it possesses. Assume that it will exploit them to its full potential. As the society grows, its ability to exploit its environment increases, which in turn causes it to develop further. Growth is not constant but accelerating. The society grows exactly up to the point at which its resources are depleted. At that moment, the rate of development and the level of development are at a maximum. Immediately afterwards, with the material foundation of society gone, a dramatic collapse occurs. Not only does past growth not mean future growth, the trajectory is virtually discontinuous at the moment of collapse" (Lange, 2011:30).*

Hoewel Lange dit hier sê met betrekking tot die uitbuiting van natuurlike hulpbronne, kan gevra word of die geloof in voortdurende vooruitgang nie kan lei tot uitbuiting van menslike hulpbronne nie, veral wanneer dit op die universiteit toegepas word. As die universiteit daarna streef om op ŉ volgehoue basis vooruitgang te bewerk, wat sal die langtermynuitwerking hiervan op die dosente en die studente wees? As die universiteit soos ŉ besigheid bedryf word, hoe lank sal die dosente en studente daarmee kan uithou?[9] Dat daar baie ontevredenheid oor Kerr se nuwe universiteitsmodel was, kom duidelik na vore in die 1964 studente-opstande. Die vooruitgang in terme van groei in getalle, meer staatsubsidie, en meer klem op nagraadse studie wat Kerr beplan het, was nie volhoubaar nie, omdat die agteruitgang van die kwaliteit van voorgraadse onderrig

[9] Hieroor meer in hoofstuk 6.

tot so 'n mate skade gely het dat dit een van die hoofknelpunte was tydens die studente-opstande van 1964.

### 4.4.2 Die Berkeley studente-opstande van 1964

Indien dit wel waar is dat voortdurende vooruitgang ideologies bepaal is, sou ons kan verwag dat die multiversiteit een of ander tyd 'n bestaanskrisis sou bereik. Skaars 'n jaar na Kerr se boek in 1963 verskyn, vind die studente-opstande van 1964 plaas op die Berkeley kampus (waar Kerr voorheen as kanselier gedien het). Die studente-opstande van 1964 het daartoe bygedra dat Kerr in 1967 deur Ronald Reagan afgedank is as president van die Universiteit van Kalifornië (Soo & Carson, 2004:235). Die multiversiteit was inderdaad in 'n bestaanskrisis gedompel.

Volgens Mario Savio, die spreekbuis van die studente en leier van die *Free Speech Movement,* het die universiteit geweldige agteruitgang beleef onder Kerr se administrasie. Volgens hom het voorgraadse onderrig skade gely omdat die dosente te min was in verhouding met die groot aantal studente. Dit wil ook voorkom of daar 'n verlange by Savio was na 'n meer persoonlike verbintenis tussen dosent en student - 'n verbintenis wat vroeër in die "*universitas magistrorum et scholarium*" hoog op prys gestel is. Hier volg 'n paar insiggewende uittreksels uit Savio se poging om die studente se stem te laat hoor:

> *"The internal derive primarily from the style of the factory-like mass miseducation of which Clark Kerr is the leading ideologist. There are many impersonal universities in America; there is probably none more impersonal in its treatment of students than the University of California."*
>
> *"Now for those problems which have their origin within the university: the tale which follows is strictly true only for undergraduates in their first two years; there are some improvements during the second two years; but only graduate students can expect to be treated tolerably well."*
>
> *"It is surprising at first, after taking a semester of undergraduate courses here, except in the natural sciences or mathematics, to realize how little you have learned."*
>
> *"The teacher whom you will have to strain to see while he lectures will be very seldom available for discussion with his students; there is usually an hour set aside, in the course of each week, during which all of the students who want to speak with him will have to arrange to do so. In the face of physical impossibility, there are generally few such brave souls. If more came, it would make little difference; this system is rarely responsive to individual needs. There are too few teachers, and too little time ... the bulk of the professor's time (other than the six or eight hours spent in the classroom each week) is devoted to "research" or spent with graduate students. The moral of the piece is: if you want to get an education, you will have to get it yourself."*
>
> *"We should ask not whether such intellectual cacophony and bureaucratic harassment are appropriate at universities, for certainly they are not, but rather,*

> *whether these local "plants" in what Clark Kerr calls the "knowledge industry" deserve the name university at all" (Savio, 1965:2-5).*

Dit wil voorkom of studente weer gesmag het na meer persoonlike kontak en bemoeienis deur dosente in hul voorgraadse jare. Met die nuwe klem op nagraadse onderrig (meer hieroor in hoofstuk 5) het voorgraadse onderrig agteruitgegaan. Kerr (1963d:49) het die probleme met voorgraadse onderrig erken, maar meen dat dit onafwendbaar is dat die fokus na nagraadse onderrig moes verskuif.

> *"There seems to be a 'point of no return' after which research, consulting, graduate instruction become so absorbing that faculty efforts can no longer be concentrated on undergraduate instruction as they once were"*

Kerr wat wel bewus was van die kritiek teen die nuwe klem op nagraadse onderrig. Hy het egter nie ingesien hoe die probleem, waarvoor hy medeverantwoordelik was, opgelos kon word nie.

### 4.4.3 Is daar werklik geen alternatief nie?

*"Inevitability"* was die gevolgtrekking wat Kerr in sy vroeëre studies oor arbeidsverhoudinge gemaak het, naamlik dat daar progressie moet wees vanaf die klassestryd in die rigting van pluralistiese verhoudings (Soo & Carson, 2004:234). Op die terrein van die universiteit het dit beteken dat daar progressie moet wees om aan te pas by die veranderende tye en al die nuwe eise wat aan universiteite gestel word. Dit wil voorkom of vooruitgang vir Kerr onvermydelik was. Dit kom na vore in sy interpretasie van die geskiedenis van die universiteit, hoe hy die rol van die president beskou het, en in sy keuse vir die pluralistiese uitgangspunt ter wille van vooruitgang. Verder is dit kommerwekkend dat Kerr (1963b:10) dit waag om universiteite soos Yale en Princeton agterlik te noem, omdat hulle in sy se oë te stadig was om verandering te implementeer.

As ons Kerr se universiteitsbeskouing wil verstaan, moet ons sy beskouing van tyd reg verstaan. Die mens is volgens hom in 'n konstante stryd teen tyd vasgevang waar hy homself meestal een tree agter bevind.

> *"The president of the multiversity must be content to hold its constituent elements loosely together and to move the whole enterprise another foot ahead in what often seems an unequal race with history" (Kerr, 1963b:30-31).*

Op grond daarvan dat die mens heeltyd 'n stap agter die tyd is, moet hy voortdurend streef na vernuwing en vooruitgang. Keer op keer herhaal Kerr (1963a:66,71,79) dat die universiteit nie die "imperatiewe" van die geskiedenis kan ontsnap nie. Bloot die feit dat Kerr van "*imperatives of history"* praat, bevestig dat vooruitgang vir Kerr noodsaaklik is. Dit word onderstreep met die titel van 'n publikasie genaamd "*Higher Education cannot escape history"* (Kerr *et al.*, 1994).

Die universiteit is hiervolgens vasgevang in 'n konstante strewe na vooruitgang. Die strewe na vooruitgang word 'n obsessie met nuwighede. Nuwe kennis en nuwe navorsing kry dan voorkeur bo die ou kennis. Vooruitgang is op sigself 'n legitieme doelwit, maar wanneer vooruitgang 'n doel op sigself word verkry dit 'n ideologiese karakter. Wanneer 'n universiteit ter wille van vooruitgang groot opofferings maak, soos die kwaliteit van voorgraadse onderrig, dan is daar inderdaad ideologiese trekke hierin te vinde.

Volgens Goudzwaard (2007:25) kan vooruitgang so sterk aangehang word dat daar geen alternatief ingesien kan word nie. Wanneer dit gebeur, verkry vooruitgang 'n ideologiese greep op die aanhangers daarvan. Relatief min sien in dat 'n blindelingse aanvaarding van vooruitgang die mens van sy vryheid beroof om daarteen te kies. Dit is op die punt waar die rolverandering waarteen Goudzwaard waarsku, raakgesien kan word. Waar die mens nie meer in staat is om teen die ideologie van vooruitgang te kies nie, het hy 'n slaaf geword van 'n idee wat hy tot stand gebring het.

Hoewel Kerr wel bewus was van al die probleme van die multiversiteit het hy genoodsaak gevoel, selfs gedwing gevoel, om bloot daarby in te val. Volgens hom was dit nie 'n keuse wat hy self gemaak het om vir die model te kies nie, maar eerder die "imperatiewe van die tyd" wat hom daartoe gedwing het.

> *"The Idea of a Multiversity' has no bard to sing its praises; no prophet to proclaim its vision; no guardian to protect its sanctity. It has its critics, its detractors, its transgressors. It also has its barkers selling its wares to all who will listen - and many do. But it also has its reality rooted in the logic of history. It is an imperative rather than a reasoned choice among elegant alternatives" (Kerr, 1963b:6).*

Wanneer die mens binne sy betrokke tydgees die vermoë verloor om daarteen te kies, kan hier inderdaad van 'n soort slawerny gepraat word. Die mens word op 'n deterministiese wyse gedwing om wat ook al die tydgees oplewer slaafs te aanvaar. Dit wil in die verband voorkom of die dwang wat Kerr beleef wel ideologies bepaal is. Kerr gaan uit van die veronderstelling dat die toestand van die mensdom besig is om stelselmatig te verbeter. Hierdie is egter 'n hoogs aanvegbare stelling na al die gruweldade van die mensdom in die twintigste eeu. Sou daar nie ook 'n saak uitgemaak kan word dat die mensdom geweldige agteruitgang beleef het in die laaste eeu nie? Wanneer die mens nie anders kan as om te kies ten gunste van vooruitgang nie, loop hy/sy wel gevaar om vooruitgang blindelings te aanvaar saam met die veronderstellings waarop dit gegrond is.

### 4.4.4 Is die Amerikaanse universiteit werklik besig om vorentoe te beweeg?

In die laaste tyd is daar verskeie skrywers wat hulle kommer oor die Amerikaanse universiteit uitgespreek het. Dit is nie net vanuit Christelike kringe nie, maar ook sekulêre skrywers het in die laaste tyd hulle bedenkinge aan die lig laat kom. Allan Bloom se *'Closing of the American Mind'* in 1987 het 'n groot debat oor die toestand van die Amerikaanse onderwysstelsel ontketen. Volgens Adrian (2003:15) is die postmoderne Amerikaanse universiteit vasgevang in 'n geweldige krisis rakende sy doelstelling en missie. Boonop is die multiversiteit van Kerr baie vatbaar vir politiese misbruik, juis op grond van gebrek aan 'n duidelike normatiewe doelstelling (Adrian, 2003:24). Die doelloosheid, politiese misbruik, oordrewe navorsingsgerigheid, tesame met die morele verval en baie ander probleme word deur baie beskou as tekens van die universiteit se agteruitgang.

Die punt is dat verskeie skrywers verskillende maatstawwe gebruik om sukses en vooruitgang te meet. Die maatstaf wat Kerr gebruik het om die universiteit se vooruitgang te meet, was gekoppel aan ekonomiese standaarde (Soo & Carson, 2004:234).

Na die ekonomiese insinking van 2008 is daar opnuut vrae gevra of die Amerikaanse universiteitsmodel wat so afhanklik was van staatsgelde en voortdurende ekonomiese groei, nog houdbaar was. Baie van die universiteite het ná die gebeure selfs oorweeg om te privatiseer. Dit bring Bernstein (2012:474-475) daartoe om vyftig jaar na Kerr se bydrae, te vra of die universiteitsmodel van Kerr nog bestaansreg het, veral in tye van ekonomiese druk. Indien die universiteit homself te nou aan die regering of sakewêreld koppel, loop die universiteit die gevaar om saam onder te gaan wanneer die staat of markte onder druk verkeer. Die koppeling is wel finansieel voordelig in tye van vooruitgang, maar in tye van agteruitgang sal dit meebring dat die universiteit waarskynlik saam met sy vennote ondergaan.

## 4.5 Samevattende kritiek

Die Westerse geloof aan voortdurende vooruitgang kan nie onkrities aanvaar word ten opsigte van die universiteit nie. Kerr probeer aan die een kant 'n pluralistiese vertrekpunt verdedig omdat dit volgens hom nie voorkeur gee aan enige godsdiens nie. Min besef Kerr dat die geloof aan voortdurende vooruitgang, 'n mitiese element bevat. In Kerr se pluralistiese universiteitsmodel word ruimte gelaat vir die ideologie van vooruitgang om te ontwikkel. Die onkritiese aanvaarding van voortdurende vooruitgang is dan in dié sin ideologies bepaal. Goudzwaard (2007:35-36) haal vir Ronald Wright aan om die punt te staaf:

> *“Our practical faith in progress has ramified and hardened into an ideology - a secular religion which, like the religions that progress has challenged, is blind to certain flaws in its credentials. Progress therefore has become "myth" in the anthropological sense ... an arrangement of the past, whether real or imagined, in patterns that reinforce a culture's deepest values and aspirations” (Wright, 2004:11).*

Wanneer die voorstanders van vooruitgang verkondig dat daar geen alternatief is as om die dogma van vooruitgang (in die woorde van Lange) te omhels nie, is daar inderdaad van ’n ideologie sprake. Aangesien “vooruitgang” so ’n leidende rol in Kerr se denke speel, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat Kerr se idee van ’n multiversiteit wel besmet is met die ideologie van vooruitgang.

> *“Yet despite the fact that the processes of progress exhibit such damaging shadow sides, leaders today insist that their further implementation is simply inevitable. They rule out resistance or protest in advance. Subscribing to the dictum ‘There is no alternative’ (TINA), they recommend them to us as the inescapable consequences of our changing world" (Goudzwaard et al., 2007:25).*

Die beskouing van vooruitgang word tereg deur Goudzwaard as kenmerkend van ’n ideologie beskryf. Waar daar geen alternatief behalwe vooruitgang is nie, is ’n mens inderdaad vasgevang deur die ideologie van vooruitgang.

# 5. AMERIKAANSE NASIONALISME

## 5.1 Inleiding

In dié hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die besondere taak van nasionale diens wat Kerr aan die universiteit toeken. Die opskrif van Kerr se tweede hoofstuk is "*The realities of the Federal Grant University*". In die hoofstuk bespreek hy die harde werklikheid van staatsondersteuning van universiteite in Amerika. Ten spyte van die verskeie probleme wat met die aanvaarding van staatsondersteuning gepaard gegaan het, hou Kerr nogtans vol dat staatsondersteuning tog goed was vir die land in geheel. Daar sal in dié hoofstuk ondersoek word tot watter mate nasionale diens die universiteit se eie prioriteite ter syde geskuif het en die eie take van die universiteit vervang het. Dit wil voorkom asof die Amerikaanse universiteit bloot 'n verlengstuk van die staat geword het.

Nadat Kerr se eie opvatting hieromtrent ondersoek is, en indien daar bevind is dat die nasionalistiese trekke wel teenwoordig is, sal kritiek gegee word deur gebruik te maak van Goudzwaard se kritiese evaluering van die ideologieë van identiteit en gewaarborgde veiligheid wat albei in hul kerne nasionalistiese ideologieë is.

## 5.2 Nasionalistiese trekke in Kerr se universiteitsbeskouing

In hierdie afdeling sal vanuit *"The Uses of the University"* bepaal word of daar wel nasionalistiese trekke teenwoordig is in Kerr se universitititeitsbeskouing. Hoewel die saak hoofsaaklik in hoofstuk 2 van sy boek bespreek word, sal daar ook verwys word na spesifieke gedeeltes uit hoofstuk 1 en 3.

### 5.2.1 "Federal Grant University"

#### *5.2.1.1 Toename in staatsubsidie sedert 1930*

Die rol wat die staat in Amerikaanse universiteite speel, kan nie losgemaak word van die geskiedenis van Amerikaanse universiteite nie. Staatsondersteuning het 'n lang geskiedenis in Amerika waarvan ons 'n paar historiese bakens kan noem. Ringenberg (2006:202) noem die *Northwest Ordinance* (1787), die *Morril Act* (1862) en die *Hatch Act* (1887). Die onderskeie wetgewings het die doel gehad om regeringsondersteuning te bied aan hoër opleiding. Ná die Groot Depressie van 1930 vind daar 'n groot toename in regeringsondersteuning plaas. Waar die regering se bydrae in 1930 skaars 9% van die totale kostes van hoër onderwys was, het dit teen die middel van die 1970's tot 45% van die totale kostes gestyg. Die geweldige toename van

regeringsondersteuning in dié tydperk kan hoofsaaklik toegeskryf word aan toekenning van studiebeurse en aan staatsondersteunde navorsing.

#### *5.2.1.2 Oneweredige verdeling van fondse*

In hoofstuk 2 van Kerr se boek wy hy 'n hele hoofstuk aan die *Federal Grant University.* Met *Federal Grant University* verwys Kerr na die top twintig universiteite in Amerika wat tydens en ná die Tweede Wêreldoorlog groot bedrae staatsubsidie ontvang het. Die twintig universiteite het volgens Kerr (1963d:41) in 1961 altesaam 79% van die staatsubsidie ontvang, wat 'n baie oneweredige verdeling was. Dit het bepaalde ongelykhede in die Amerikaanse hoër onderwys-omgewing veroorsaak omdat die staatsubsidie hoofsaaklik op die beste universiteite gerig was. Die rede waarom daar byna uitsluitlik op die top-universiteite gekonsentreer is, is gegrond op navorsing wat deur die Amerikaanse regering vanaf 1960-1963 gedoen is. Die bevinding van die regering was dat die mees gesogte universiteite ook die geskikste was om deur die staat beïnvloed te word. Kerr (1963d:38) kom tot die gevolgtrekking dat die regering nie hulle geld wou mors op tweedeklas-universiteite nie.

Hoewel die regering aanvanklik subsidie baie oneweredig verdeel het, was dit volgens Kerr die produktiefste verhouding en in die beste belang van die staat om fondse nie eweredig tussen universiteite te versprei nie. Die gevolge van die regering se oneweredige verspreiding van staatsubsidie het gelei tot die vorming van mega-universiteite waarvan die Universiteit van Kalifornië die grootste geword het ná die Eerste Wêreldoorlog. Kerr voer 'n pleidooi dat die regering nie die fondse tussen die onderskeie universiteite eweredig moet verdeel nie, omdat dit sou beteken dat die Universiteit van Kalifornië minder subsidie van die staat sou ontvang.

Kerr bepleit dus dat die konsentrasie van talentvolle studente by een baie sterk universiteit meer voordelig is as om die poel van talent tussen 'n klomp klein universiteite te versprei (Kerr, 1963a:69). Die feit dat die regering se fondse tot en met die 1960's op 'n gesentraliseerde wyse versprei is, het ook beteken dat daar 'n groter invloed vanaf die kant van die regering uitgeoefen kon word. Die regering kon in hierdie tyd meer mag uitoefen oor 'n klein groep groot universiteite as wat hulle later kon uitoefen op 'n groot groep klein universiteite nadat die fondse ná die 1960's meer eweredig tussen die universiteite verdeel is.

#### *5.2.1.3 Staatondersteuning sedert die Tweede Wêreldoorlog*

Met die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog is universiteite in 'n sekere sin gedwing om by die oorlog betrokke te raak deur middel van oorlogsnavorsing. Daar was wel 'n groot verskil in die wyse waarop universiteite na afloop van die Tweede Wêreldoorlog betrokke gebly het by

oorlogsnavorsing. Universiteite het tydens die Eerste Wêreldoorlog net studente beskikbaar gestel vir militêre diens. Ná die einde van die oorlog het die universiteite voortgegaan met die normale take. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het universiteite nie voortgegaan met normale take nie, maar is hulle genoodsaak om voort te gaan met oorlogsnavorsing (Kerr, 1963d:36). Die rede hiervoor was die Koue Oorlog wat in 1947 begin het en tot en met 1991 aangehou het. Dus kon Amerikaanse universiteite na die Tweede Wêreldoorlog nie teruggekeer na 'n normale universiteitslewe nie, maar was dit nodig om die oorlogsnavorsing voort te sit. Dit is veral aangevuur deur die Russe se suksesvolle lansering van die Sputnik ruimtetuig (Mattingly, 2012:484). Dit is in dié tyd dat Amerikaanse universiteite gewoond geraak het aan groot bedrae regeringsondersteuning. Hierna het dit vir universiteite moeilik geword om die taak van die universiteit los van die staat se binne en buitelandse belange te bedink.

> *"The most influential outside purpose deriving from the state by far has been the pressure to contribute to war efforts. The university was mobilized, if briefly, during World War I; more totally during World War II; but even more significantly, for the long twilight period of the Cold War lasting until just about a decade ago. During these years universities grew accustomed to large government research grants ..." (Bellah, 2006a:425-426).*

Die abnormale praktyk om in oorlogstyd van universiteite gebruik te maak om die staat te beskerm, het op grond van die langdurigheid van die Koue Oorlog normatief geword. Dit het tot so 'n mate deel geword van Amerikaanse universiteite dat nasionale diens later tot een van die hooftake van die universiteit verhef is.

#### *5.2.1.4 "GI Bill"*

Wat hierop voorgebou het, was die *GI Bill* van 1945. Die *GI Bill* het vir elke soldaat wat in die Tweede Wêreldoorlog geveg het, die opsie gegee om op die staat se koste te gaan studeer as vergoeding vir hul militêre diens. Dit het daartoe gelei dat daar ná die Tweede Wêreldoorlog meer as twee miljoen soldate ingeskryf het vir tersiêre opleiding. Dit het die samestelling van die meeste kampusse in Amerika aansienlik verander. In 1946 het die helfte van alle studente in Amerika uit oorlogsveterane bestaan. In dié tyd het die *Veterans Administration*[10] ongeveer vier miljard dollar aan universiteite in Amerika uitbetaal. Die regering het egter besef dat finansiële vergoeding nie genoeg was om te vergoed vir al die veranderinge en uitbreidings wat die universiteite moes aanbring om die geweldige toename in getalle te akkommodeer nie. Hier moet ons in gedagte hou dat die getal ingeskrewe studente in 'n kort tydjie verdubbel het en dat die universiteite geweldige logistieke probleme in die gesig gestaar het. Om dié rede het die staat

---

[10] Die staatskantoor wat die studiegelde van die oorlogsveteraan moes uitbetaal.

grond, geboue en toerusting geskenk aan meer as 700 tersiêre instellings (Ringenberg, 2006:202-203).

### 5.2.2 Nasionalistiese motief

Kerr bespreek verder verskeie probleme wat veroorsaak is deur die wyse waarop die staatsubsidie in die era voor 1960 verdeel is. Die staat het in die tyd doodeenvoudig gereageer op die belange van die Amerikaanse nasie en die nodige ondersteuning gebied aan die universiteite wat die vinnigste en effektiefste in die staat se behoeftes kon voorsien. Soos reeds genoem is, het dié werkwyse 'n wanbalans in die hoër onderwys-omgewing veroorsaak. Kerr (1963d:42) noem die wanbalans 'n intuïtiewe wanbalans, omdat die toekenning van staatsubsidie nie op deeglike navorsing gebaseer is nie, maar eerder op dit wat die regering intuïtief as die nood van die nasie aangevoel het.

> *"For about twenty years now, Congress has been deciding in which general areas the partnership between the federal government and the universities should be developed. The areas chosen have been defense, scientific and technological progress, and health. Decisions have not been based on thorough study of national priorities. They have been made pragmatically, in response to the felt needs of the nation and of the people in accord with the possibilities of the times, and also, to an extent, in response to the urgings of very powerful lobbies. The atom was split, and could be used for war and peace. The 'cold war' followed World War II and neces-sitated further defense work. Health became a matter of great national concern. Possibilities for space exploration developed. Congress reacted quickly to each of these realities. Once Congress initiated a program, federal administrative officers turned to those universities best able to give immediate and effective assistance on the individual programs; or rather they turned to those scientists in the best position to respond quickly and efficiently - and those scientists were principally located in a limited number of institutions. These actions were not undertaken on the basis of any general review of institutional capacity or potential capacity, but on quick and ready apprehension of possibilities and response to them. The test was who could most effectively do the job at hand. The process was more intuitive than studied" (Kerr, 1963d:42).*

Baie van die take wat hier genoem word, het buite die tradisionele rol van die universiteit geval. Indien nasionale diens as deel het van die universiteit se taak beskou kon word, kon die universiteit wettiglik gebruik word om navorsing te doen oor sake wat buite sy tradisionele rol geval het. Kerr verskaf die nodige regverdiging vir die universiteit om nasionale diens as deel van sy taak te sien.

Wat hieruit duidelik na vore kom, is dat die regering kon besluit met watter navorsing die universiteite moes besig wees. Die regering het dit nie op 'n dwangmatige wyse gedoen nie, maar geld gebruik om die gewillige samewerking van die universiteite te verkry. Hoewel die

vennootskap tussen die regering en die universiteit baie produktief was, het daar verskeie probleme ontstaan op grond van die intuïtiewe wyse waarop die regering fondse toegeken het.

### 5.2.3 Probleme met staatsubsidie

Die probleme wat deur Kerr (1963d:41-51) genoem word, word hieronder opgesom en waar nodig kortliks verduidelik:

- Daar was soms voorwaardes gekoppel aan staatsubsidie. Indien 'n universiteit 'n staatsprojek weier, mag dit nadelige gevolge hê vir daardie universiteit.
- Die staatsagentskap is beskou as die nuwe "alma mater". Die lojaliteit van personeellede het verskuif na die staatsagentskap ten koste van hul lojaliteit aan die universiteit.
- Die sosiale- en geesteswetenskappe het skade gely omdat die grootste deel van die staatsubsidie aan die natuurwetenskappe toegeken is.
- Staatsgelde is gekonsentreer op die grootste universiteite.
- Navorsing het voorrang gekry bo onderrig.
- Werklike kostes van staatsprojekte was meer as die bedrag wat daarvoor begroot is, omdat
    - die universiteite die oorhoofse kostes self moes dra, en
    - eie prioriteite ter syde moes stel en voorrang aan prioriteite van die staat moes gee;
    - daar nie afsonderlik begroot is vir die gebruik van die universiteit se fasiliteite nie.
- Die groot bedrae geld het ook baie in versoeking gelei om korrupsie en bedrog te pleeg.

### 5.2.4 Voordeel van staatsubsidie

Ten spyte van al die probleme wat hierbo genoem is, meen Kerr tog dat universiteite grootliks gebaat het by staatsubsidie. Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat dit Amerika gehelp het om 'n "beter" nasie te word. Die nasionalistiese motief kom hier duidelik na vore.

> *"With all its problems, however, federal research aid to universities has helped greatly in meeting national needs. It has greatly assisted the universities themselves. The nation is stronger. The leading universities are stronger" (Kerr, 1963d:51).*

Kerr was wel bewus van die tradisionele taak van die universiteit. Hy besef ook dat nasionale diens nie deel is van die tradisionele taak van die universiteit nie. Dit verklaar waarom Kerr die sterk nasionale dienskarakter van die Amerikaanse universiteit as 'n nuwe taak beskou. Nog nooit tevore het die universiteit so 'n groot klem op nasionale diens geplaas nie. Nadat die universiteit en die staat besef het hoe vrugbaar die verhouding is, het dit vir Kerr duidelik geword dat nasionale diens deel behoort te wees van die universiteit se primêre taak.

> *"So many of the hopes and fears of the American people are now related to our educational system and particularly to our universities; the hope for longer life, for getting into outer space, for a higher standard of living; our fears of Russian or Chinese supremacy, of the bomb and annihilation, of individual loss of purpose in the changing world. For all these reasons and others, the university has become a prime*

> *instrument of national purpose. This is new. This is the essence of the transformation now engulfing our universities" (Kerr, 1963a:65).*

Die universiteit word deur Kerr beskou as een van die magtigste middele wat die staat kan gebruik om sy probleme op te los. Op die wyse word probleme wat die staat ervaar aan die universiteit opgedra om op te los. Die gebruikswaarde van die universiteit kom duidelik na vore in die opskrif van Kerr se boek "*The Uses of the University*". Kerr gebruik die titel om die optimistiese trant waarin die boek geskryf is, te verwoord. Hy noem ook dat hy nie werklik belang stel in die potensiële misbruik van die universiteit nie (Kerr, 1963c:xi). Vir die doeleindes van hierdie studie het ons wel belang daarby om die potensiële misbruik van die universiteit uit te wys. Wanneer die universiteit 'n instrument in die hand van die staat word, skuil daar 'n groot gevaar van staatsmisbruik. Volgens Kerr se beskrywing van die taak van die universiteit kan enige land die universiteit gebruik om enige navorsing in staatsbelang te doen solank dit aan hul nasionale motiewe voldoen,. In dié proses word die universiteit vervreem van sy eie prioriteite. Hoewel Kerr aandui dat die samewerking van die staat en die universiteit baie vrugbaar is, kan die vrugbare verhouding ook baie skadelik wees.

### 5.2.5 Die universiteit in diens van die staat

Die wyse waarop die nasionalistiese motief die universiteit raak, word duidelik wanneer Kerr die bestaan van leidende universiteite van die geskiedenis verbind aan die welvaart van die onderskeie lande. Volgens Kerr het die leidende lande van vorige eeue almal leidende universiteite gehad.

> *"Each nation, as it has become influential, has tended to develop the leading intellectual institutions of its world: Greece, the Italian cities, France, Spain, England, Germany, and now the United States. The great universities have developed in the great periods of the great political entities of history. Today, more than ever, education is inextricably involved in the quality of a nation. It has been estimated that over the last thirty years nearly half of our national growth can be explained by the greater education of our people and by better technology, which is also largely a product of the educational system" (Kerr, 1963a:65).*

Daar is op sigself nie fout met hierdie opmerking van Kerr nie. Waar dit egter universiteit se doel word om Amerika die leidende land in die wêreld te maak, dan word die nasionalistiese motief besonder duidelik. Dan bestaan die universiteit ter wille van die staat.

### 5.2.6 Samevatting

Dit wil dus voorkom of daar wel 'n sterk nasionalistiese element in die idee van die Amerikaanse universiteit teenwoordig is. Dit kan egter nie losgemaak word van die omstandighede van bedreiging wat Amerika sedert die Tweede Wêreldoorlog en daarna tydens die Koue Oorlog

ervaar het nie. Dat die Amerikaanse universiteit bepaalde nasionalistiese trekke vertoon, sal min mense oor stry. Die vraag wat gevra moet word, is of die nasionale gerigtheid van die universiteit dit vatbaar maak vir die ideologie van nasionalisme. In 'n poging om die vraag te beantwoord, sal Goudzwaard se kritiek oor die ideologie van identiteit en gewaarborgde veiligheid nou bespreek word.

## 5.3 Ideologiekritiese beoordeling

### 5.3.1 Inleiding

Die nasionalistiese strewe van die Amerikaanse universiteit het tydens die Tweede Wêreldoorlog en veral tydens die Koue Oorlog in die hand gespeel van die ideologie van nasionalisme en gewaarborgde sekuriteit. Nasionalisme[11] dui in die verband op die beskerming van die identiteit van 'n bepaalde gemeenskap, terwyl gewaarborgde veiligheid dui op die gemeenskap se strewe om sy eie veiligheid te verseker. Vir Kerr was dit onafwendbaar dat die Amerikaanse universiteite die regering moes bystaan in hul stryd teen al hul vyande sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die universiteit moes sy normale take laat vaar en tot redding van die land kom.

### 5.3.2 Ideologie van gewaarborgde veiligheid

Goudzwaard (2007:107-109) verduidelik hoekom die strewe na gewaarborgde sekuriteit in werklikheid 'n ideologie geword het. Skaars na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die Koue Oorlog aangebreek. Die Soviet Unie sowel as die VSA het in dié tyd met die hulp van Duitse wetenskaplikes 'n atoombom ontwerp. Hierna het Amerika en die Soviet Unie onderskeidelik probeer om meer atoombomme as die ander te maak. Daar was aanvanklik net gemik vir 'n wapen met die krag om die hele bevolking van die ander land met een slag uit te wis. Teen 1970 is dié wapenplafon bereik. Goudzwaard maak daarvan melding dat net een kernduikboot van Amerika die vermoë besit het om 160 Soviet stede uit te wis. Maar wat hierna gebeur is byna onbegryplik. Beide Amerika en Rusland het voortgegaan om soveel kernwapens te ontwikkel dat hulle gesamentlik die vermoë besit het om die wêreld tien maal te verwoes.

Die wapenwedloop het hierna tot ander lande in die wêreld versprei. Kernwapens het versprei oor die res van die wêreld, en tot vandag toe lewe baie in vrees vir die volgende kernbom. Asof dit nie genoeg is nie, is daar onder die *SALT-1*-konvensie onderlinge toestemming verleen aan Amerika en Rusland om twee kernbomme per dag te bou. Later is elkeen onder die *SALT-2*-

---

[11] Waar Goudzwaard tussen die ideologie van identiteit en gewaarborgde veiligheid onderskei, word die twee begrippe in die studie ingesluit onder die term nasionalisme.

konvensie toegelaat om drie en halwe kernbomme per dag te bou. Die wapenwedloop het nie hier geëindig nie. Dit het gestrek tot in die buitenste ruimte. President Ronald Reagan het ’n beroep gedoen op die wetenskaplike gemeenskap om ’n ondeurdringbare skerm in die buitenste ruimte te bou sodat geen aanval vanuit die buitenste ruimte op Amerika geloods kon word nie. Die skerm is egter nooit gebou nie.

Goudzwaard skryf die ontwikkeling toe aan die ideologie van gewaarborgde veiligheid. In ’n strewe na die legitieme doelwit is alle middele daartoe regverdig. Selfs die vervaardiging van genoeg kernwapens om die hele wêreld ’n hele paar keer te verwoes, is as geregverdig beskou.

### 5.3.3 Volwaardige ideologie

Dit is op dié punt dat Goudzwaard ’n volwaardige ideologie identifiseer. Aanvanklik het die mens beheer oor die tegnologie uitgeoefen deur die kernbom te ontwerp, maar later het die kerntegnologie as afgod oor die mens begin heers. Dit word veral duidelik waar beide die VSA en Rusland geen ander opsie ingesien het as om hul kernkrag ongebreideld te vermeerder nie. Die finale stap na afgodery was volgens Goudzwaard hier teenwoordig, omdat tegnologie in die wapenwedloop aanbid en nagevolg is as die enigste moontlike oplossing van die konflik.

> *“Instead, the progress of weapons technology determines the strategy. The final step of idol worship - the role reversal of idol and idol worshipper - was therefore also present. This reversal indicated that the range of the ideology was absolute. Though initially we thought ourselves able to use and control weapons technology, the reality was that increasingly it controlled us. We surrendered to the further testing and expansion of the arsenal of destruction, an arsenal that years earlier had eluded our grasp. A god arose, and fear and hypnosis were its tools of terror ... We trusted in this god for our security” (Goudzwaard et al., 2007:110).*

Dit is op dié punt dat die rolverandering waarvan Goudzwaard melding maak reeds plaasgevind het. Die mens wat verskeie wapens ontwikkel het, se optrede word nou grootliks deur vrees vir ’n kernoorlog bepaal. Dit bring ons by ’n volgende kenmerk van nasionalisme as ideologie.

### 5.3.4 Amerikaanse nasionalisme

’n Verdere kenmerk van die ideologie van nasionalisme is dat ’n spesifieke vyandbeeld beveg word. Wanneer ’n vyandbeeld gepropageer word, verskaf dit die nodige motivering om huidige norme om te buig en alle middele te gebruik om die vyand te vernietig. Religieuse taal speel in die verband ook ’n belangrike rol. Goudzwaard dui aan dat daar ’n sterk religieuse element in Amerika se stryd teen die Soviet Unie was. Bellah (2006b:285-302) voer in die verband aan dat die Amerikaanse nasionalisme ’n baie sterk religieuse onderbou het. Amerikaanse nasionalisme is vanweë sy Puriteinse wortels intiem verbind aan die koninkryksgedagte, waar die voorspoed

van Amerika direk aan die koninkryk van God verbind word. Dit bring mee dat Amerika in dié sin alle aanvalle wat op hom geloods word, as 'n aanval van die bose kan ervaar. Ná die aanval op Amerika (11 September 2001) het president George W. Bush byvoorbeeld 'n uitspraak gedoen wat die aanvalle teen Amerika met die bose vereenselwig het. Goudzwaard gee dit soos volg weer:

> *"Further, the all-encompassing desire for self-preservation can lead us to redefine good and evil, whereby good becomes whatever preserves us and evil becomes whatever threatens us. In the aftermath of September 11, did not President Bush declare, in a paraphrase of John 1:15, that 'the light [America] has shone in the darkness [the enemies of America], and the darkness will not overcome it?' These words have the echoes of a nationalist ideology" (Goudzwaard et al., 2007:83).*

Die laaste aanhaling onderstreep die religieuse onderbou van die Amerikaanse nasionalisme. Ideologieë word baie gevaarlik wanneer dit aan 'n bepaalde religieuse oortuiging gekoppel word. In die ideologie van apartheid het religieuse motivering 'n baie prominente rol gespeel. Wanneer die saak waarvoor gestry word as die saak van God uitgemaak word, kan enige middel ingespan word om die vyand uit die weg te ruim.

Wanneer die vyand met die demoniese vergelyk word en die eie ideologie met die goeie, lei dit daartoe dat totalitêre middele regverdig word om die vyand te bestry. In dié verband vra Goudzwaard of Amerika nie in die poging om die totalitêre ideologieë van sy vyande te bestry, self deur die totalitêre ideologie van nasionalisme gevange geneem is nie.

> *"Finally, the ideology of guaranteed freedom also formed an image of the enemy. The image became most obvious when the ideology legitimated the deployment of every military mean available because of the desire to battle a demon, the Communist ideology. Are not all means legitimate when resisting the devil? We no longer thought in terms of the possible mass destruction of Russian citizens, including innocent women and children. Instead, we thought only of smashing an intolerable demon. Against that demon we permitted ourselves to use the most hideous means of destruction. We fought totalitarian ends (Soviet Communism) with totalitarian means (weapons of indiscriminate, total destruction). But did we not then fall prey to an ideology no less totalitarian than Communism?" (Goudzwaard et al., 2007:111).*

Waar vyandige ideologieë nie vanuit 'n normatiewe basis bestry word nie, kan dit dikwels daartoe lei dat die pendulum van een kant na die ander kant toe swaai. In 'n poging om een ideologie te beveg, kan 'n mens vasgevang word deur 'n ander.

Dit is uit die bogenoemde duidelik dat die gedagte van gewaarborgde veiligheid in 'n ideologie verhard het tydens die Koue Oorlog se wapenwedloop. Die geweldige aantal kernwapens wat deur Amerika en die Soviet Unie in hierdie tyd vervaardig is kan baie moeilik op 'n ander manier verklaar word. Daar sal egter nog aangetoon moet word in hoe 'n mate dié ideologie aan die Amerikaanse universiteit verbind kan word.

### 5.3.5 Universiteit en die ideologie van nasionalisme

Die verbinding tussen die ideologie van nasionalisme en die universiteit is nie so moeilik om te maak nie. Wanneer Kerr die primêre taak van die universiteit beskou as om in sake van nasionale belang op te tree, is dit wat hy sê nie self ideologies nie, maar in die tyd wat Kerr as president van die Universiteit van Kalifornië opgetree het, het die nuwe gerigtheid wat Kerr ondersteun het daartoe aanleiding gegee dat die universiteit deur die staat gebruik kon word vir oorlogsnavorsing. Die universiteit is onder andere gebruik om die wapenwedloop teen die Sowjet-Unie voort te sit. Toe Kerr die universiteit as 'n nasionale instelling beskryf het wat primêr in belang van die staat *gebruik* kon word, het hy ruimte gelaat dat dit ook deur die staat *misbruik* kon word.

Nie almal het saamgestem met die gebeure by die Universiteit van Kalifornië nie. Robert Bellah wat betrokke was by die Universiteit van Kalifornië tydens die Koue Oorlog was nie ten gunste van al sy bedrywighede nie. Bellah wil nie sê dat die universiteit se betrokkenheid in die Koue Oorlog per definisie verkeerd was nie, maar wel dat die betrokkenheid in die Koue Oorlog die universiteit in 'n sekere sin onmondig gemaak het vir sy eie taak. Die universiteit was so besig met navorsing in die staat se belang dat hy nie meer oor sy eie taak kon besin nie.

> *"My point is not that academic mobilization for Cold War aims was in any simple sense wrong, but that it had a very unfortunate consequence. It led us to defend our institution in terms of an extrinsic contribution, a utility, a responsibility, if you will, to an extrinsic end. It muted our capacity to pay attention to our own intrinsic ends, even to ask the question: 'What is higher education for?' We lost the authority to speak of our own intrinsic values when we spoke so incessantly of our contribution to external ends, however good they might be" (Bellah, 2006:412-413).*

Bellah het wel 'n ernstige probleem met die universiteit se rol in die ontwikkeling van kernwapens en die universiteit se betrokkenheid by die instandhouding daarvan. Dit is op dié punt wat die universiteit se betrokkenheid by nasionale sake na sy mening te ver strek.

> *"But I must at once add that at the University of California, where at least at the Berkeley campus we never treated classics the way Stanford did, we undertook one of the greatest of all Cold War academic responsibilities, namely the running of the nuclear laboratories, including Los Alamos, where the atomic bombs were designed and produced, something which many faculty members, myself included, fought for years, but which still goes on, though the mission of the labs today, it is declared, is only to guarantee the functional effectiveness of existing bombs" (Bellah, 2006:412).*

Die betrokkenheid van die universiteit by die vervaardiging van kernwapens is 'n etiese vraagstuk wat allerhande vrae oor die perke van die staat se betrokkenheid by die universiteit na vore laat kom. Is die universiteit en die staat se uiters vrugbare verhouding nie in die opsig 'n dodelike kombinasie nie?

### 5.4 Bevinding

Die bevinding in die hoofstuk is dat daar wel sterk nasionalistiese trekke in Kerr se universiteitsbeskouing teenwoordig is. Op grond van die sterk nasionale gerigtheid van die universiteit word die rigting waarin die universiteit beweeg grootliks bepaal deur die rigting waarin die staat die universiteite stuur (Venter, 1978:29). Die nasionaalgerigtheid van die Amerikaanse universiteit was ook besonder vatbaar vir die ideologie van nasionalisme. Hiermee saam het Kerr se utilistiese beskouing van die universiteit, soos dit verwoord word in die titel van sy boek, dit vergemaklik dat die universiteit deur die staat gebruik en misbruik kon word vir byna enige doelwit. Hierdie verhouding blyk wel baie vrugbaar te wees, maar ook uiters gevaarlik. Dit laat ons net wonder wat kan gebeur as die universiteitsmodel wat Kerr beskryf in 'n land waar nasionalisme baie sterk figureer, soos Noord-Korea, gedupliseer word.

# 6. EKONOMISME

## 6.1 Inleiding

### 6.1.1 Verklaring van die term “ekonomisme”

Ekonomisme verwys na ’n verdere ontwikkeling van die neo-kapitalistiese ideologie waar die norme van die vrye mark op die hele samelewing toegepas word (Van der Walt, 2013:38). Hoewel die ideologie nie gewelddadig en bloedig soos die ideologie van nasionalisme is nie, beteken dit nie dat die ideologie onderskat moet word nie. Die wyse waarop die beginsels van die vrye mark op die hele samelewing toegepas word, vertoon totalitêre kenmerke. Wanneer daar deur die bril van ekonomisme na die samelewing gekyk word, kan die hele samelewing tot monetêre terme gereduseer word. Die mark word nie meer gesien as deel van die samelewing nie. Eerder word die samelewing as ’n deel van die globale mark beskou.

### 6.1.2 Werkwyse

Teen hierdie agtergrond sal die invloed van die ideologie van ekonomisme in Clark Kerr se universiteitsbeskouing ondersoek word. Kerr verkies ’n pluralistiese begronding van die universiteit omdat dit teen alle verabsoluterings van die werklikheid gekant is. Kerr merk egter nie op dat die ideologie van ekonomisme ook verskeie verabsoluterings van sy eie het nie. Dit blyk dus dat daar ’n teenstrydigheid in Kerr se denke hier teenwoordig is. Om dit te staaf, sal dit nodig wees om eerstens Kerr se ekonomistiese beskrywing van die universiteit weer te gee. Daarna moet bepaal word tot watter mate hierdie ideologie in Kerr se universiteitsbeskouing teenwoordig is. Laastens sal kritiek gelewer word met behulp van Goudzwaard se kritiek van die ideologie van materiële welvaart.

## 6.2 Kerr se ekonomistiese beskrywing van die universiteit

### 6.2.1 Deur die oë van ’n ekonoom

In Kerr se beskrywing van die universiteit het hy verskeie kere van ekonomiese terme gebruik gemaak. Die beskrywing is nie net gebruik om na die universiteit as instansie te verwys nie. Dit is ook op die mense toegepas. Studente word by tye kliënte genoem (Kerr, 1963b:33) en dosente moet aspireer om soos entrepreneurs op te tree (Kerr, 1963b:15; Kerr, 2001a:199,209). Voordat Kerr se beskrywing van die universiteit bespreek word, moet ons billikheidshalwe wel die volgende noem.

Kerr was ŉ professor in ekonomie. Dus was hy bekend met die ekonomiese terminologie. Hiermee saam het Kerr spoedig tot die administratiewe rol in die universiteit "gevorder". Daar sal egter nie gesê kan word dat Kerr ekonomiese terme gebruik om die universiteit te beskryf by gebrek aan beter terme nie. Kerr se beskrywing van die universiteit in ekonomiese terme moet daaraan toegeskryf word dat die universiteit self al hoe meer die eienskappe van die sakewêreld begin oorneem het. Volgens Soo and Carson (2004:225) was Kerr nie ŉ voorstaander van hardhandige bestuurspraktyke wat op die universiteit afgedwing word nie, maar wel dat hy op ŉ gereelde basis ekonomiese terme gebruik het om die universiteit te beskryf.

Dit wil wel voorkom of Kerr se beskrywing tot ŉ groot mate ook as regverdiging van die kommersialisering van die universiteit geïnterpreteer kan word. Dit hou grootliks verband met Kerr se geskiedenisbeskouing. Volgens Kerr is die universiteit in ŉ konstante reis teen tyd vasgevang en moet ten alle koste gewaak word teen agteruitgang. Die kommersialisering van die universiteit word deur Kerr (1963a:79) as ŉ imperatief van die tyd beskou, wat op ŉ pragmatiese wyse eerder omhels as vermy moet word.

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons Kerr se onkritiese uitkyk op die samesmelting van die universiteit met die industrie hanteer.

### 6.2.2 Groter rol van administrasie

#### *6.2.2.1 Vermindering van fakulteitsmag*

Die rol van die administrasie het geweldig toegeneem met die toename van studentegetalle. Kerr beskryf hoe die dosentegildes van die Universiteit van Parys, Oxford en Cambridge en Yale in Amerika eens op ŉ tyd baie gesag gehad het. Dosente kon besluit oor die toelating van studente, die kursusse wat aangebied word, die inhoud van eksamens en die toekenning van grade. In die tyd was gesprekke oor die universiteit se beleid baie belangrik, aangesien die beleid in die kurrikulum sou neerslag vind. Sedert die implementering van die vrye keuse kurrikulum het fakulteitsgesprekke oor die beleid van die universiteit al hoe minder plaasgevind (Kerr, 1963b:17). Die fakulteit het nie meer die mag gehad om te bepaal wat studente mag leer nie, maar studente kon nou self kies watter vakke hulle wou neem. Terwyl die fakulteit se mag in die tyd aansienlik verminder het, het die rol van die administrasie al hoe belangriker geword.

### 6.2.3 Groei in die administratiewe deel van die universiteit

Dit is vanselfsprekend dat die rol van die administrasie in verhouding met die grootte van ŉ universiteit sal toeneem. Wat wel raakgesien moet word, is dat die administratiewe deel van die universiteit weens die grootte van die universiteit baie van die take oorgeneem het wat aanvanklik

deur dosente waargeneem is. Kerr (1963b:22) noem hierdie verandering die "*managerial revolution"* en beskou dit as 'n onafwendbare dwangmaatreël wat die universiteit moes aanvaar.

### 6.2.4 Sakekonsultante

Kerr het nie net gesê dat 'n "*managerial revolution"* nodig was nie, maar dit was een van die eerste dinge wat hy toegepas het nadat hy in 1957 as president van die Universiteit van Kalifornië aangestel is.

In 'n poging om die universiteit se administrasie te verbeter het Kerr van sakekonsultante gebruik gemaak. Die maatskappy *Cresap, McCormick and Paget* wat maatskappye soos *Ford Motor Company* en *United Airlines* gediens het, is deur Kerr gebruik vir die doel. Die gebruik van sakekonsultante was nie 'n standaardprosedure in Kerr se tyd nie (Soo & Carson, 2004:225), maar het wel tot so mate toegeneem dat die rol van sakekonsultante in die Amerikaanse onderwysstelsel vandag nie geïgnoreer kan word nie.

Die gebruik van getoetste besigheidsnorme in die sakewêreld is sekerlik nie problematies nie. Die doel van besighede is immers om wins te maak. Waar getoetste sakepraktyke op die universiteit toegepas word, lei dit noodwendig daartoe dat die universiteit toenemend meer volgens maatstawwe eie aan die sakewêreld gemeet word. Uit bogenoemde kan ons aflei dat Kerr die kommersialisering van die universiteit ondersteun het en dit self aktief bevorder het deur van sakekonsultante gebruik te maak.

### 6.2.5 Die universiteit binne die ekonomie

Kerr se ekonomistiese beskrywing van dosente en studente (sien 6.4.1) hou verband met die universiteit se rol in die breër ekonomie. Kerr beskou die universiteit as 'n onderafdeling van die groter mark wat 'n kritiese bydrae kan lewer tot die groei van die ekonomie. Kerr (1963c:xi) maak melding daarvan dat daar 'n nuwe bewustheid ontstaan het oor die belangrike rol wat die universiteit in die bevordering van 'n land se ekonomiese groei kan speel. Hy verwys in dié verband na Fritz Machlup. Machlup het bereken dat kennisproduksie ongeveer 29% van Amerika se bruto binnelandse produk (BBP) uitgemaak het in die 1960's. Verder het Machlup gesê dat kennisproduksie twee keer vinniger groei as die res van die ekonomie (Kerr, 1963a:66).

Kennis word dus gesien as 'n iets wat geproduseer kan word en kan bydra tot ekonomiese groei. Kerr maak die volgende opmerking waar dit duidelik word dat kennisproduksie 'n middel word om ekonomiese groei te bevorder:

> *"What railroads did for the second half of the last century and what automobiles did for the first half of this century may be done for the second half of this century by the knowledge industry: that is to serve as the focal point for national growth" (Kerr, 1963a:66).*

Die ekonomistiese en nasionalistiese doelstellings vir die universiteit ontmoet mekaar op hierdie punt. Daar kan selfs hieruit afgelei word dat die ekonomistiese doelstelling 'n ondergeskikte rol speel - teenoor die nasionalistiese doelstellings. Dit is asof Kerr sê: "Ekonomiese groei moet deur die universiteit bevorder word, ter wille van 'n sterker Amerika". Hoe dit ook al sy, die universiteit speel in Kerr se oë 'n instrumentele rol in die bevordering van ekonomiese groei in belang van die land. Dit bring ons weer by die titel van Kerr se boek *"The Uses of the University*" waarin die utilistiese rol van die universiteit beklemtoon word.

Kerr verwys in die bogenoemde aanhaling na die universiteit as 'n "*knowledge industry".* Dit is die punt waarop Kerr sekerlik die meeste kritiek ontvang het. Wanneer Kerr (1963a:66) die universiteit in ekonomiese terme beskryf, praat hy van die universiteit as 'n kennisindustrie waarbinne kennis beskou word as 'n produk.

### 6.2.6 Kennisfabriek of kennisindustrie?

Oor Kerr se beskrywing van die universiteit as 'n kennisindustrie bestaan meningsverskille. Tydens die "*Free Speech Movement"* van 1964 is Kerr se kennisindustrie 'n kennisfabriek genoem. In twee latere geskrifte maak Kerr beswaar daarteen dat daar in sy woorde ingelees word dat hy die universiteit as 'n kennisfabriek beskou. Hy meen dat hy dit aanstootlik vind om die universiteit as navorsingsinstelling hiermee te vereenselwig (Kerr, 1995:159). Kerr (1972a:112) argumenteer dat hy Fritz Machlup van Princeton oor die bestaan van die kennis-industrie aangehaal het, maar dat sy kritici onregmatig die industrie in 'n *fabriek* verander het en later selfs die kennisaspek laat vaar het deur te sê dat hy poog om die universiteit in 'n fabriek te verander. Wat wel tot hierdie benaming kon bydra was Kerr se meganistiese opvatting van die universiteit.

#### *6.2.6.1 Meganistiese opvatting van die universiteit*

Kerr gebruik die woord meganisties om aan te dui dat die verskillende dele van die universiteit nie as een organisme aan mekaar verbind is nie, maar eerder deel is van een proses wat deur markmeganismes bymekaar gehou word.

> *"Flexner thought of a university as an 'organism'. In an organism, the parts and the whole are inextricably bound together. Not so the multiversity – many parts can be added and subtracted with little effect on the whole or even little notice taken or any blood spilled. It is more a mechanism – a series of processes producing a series of*

> *results – a mechanism held together by administrative rules and powered by money" (Kerr, 1963b:15).*

Kerr (1994:46) meen dat Flexner te veel klem op die eenheid van die universiteit geplaas het, ten koste van die pluralistiese realiteit van die universiteit. Op grond hiervan kon Kerr nie meer aanvaar dat die universiteit een liggaam is nie. Die universiteit was volgens Kerr ʼn pluralistiese instelling wat net deur administratiewe maatreëls en geld bymekaar gehou word. Dié beskouing is ver verwyderd van die gemeenskapsgedagte van die *"universitas magistrorum et scholarium".* Dit verbaas nie dat die studente teen die meganistiese opvatting van die universiteit in opstand gekom het nie.

### 6.2.7 Die Berkeley studente-opstande van 1964

Die studente wat deelgeneem het aan die studente-opstande in 1964 het wel aangevoel dat die universiteit in ʼn fabriek verander het. In die ervaring van die studente kan daar iets van die meganistiese opvatting van die universiteit raakgelees word.

> *"We said that the "machine" must stop. We said that we must put our bodies on the line, on the machinery, in the wheels and the gears and the "knowledge factory" must be brought to a halt ... It is as if we have become raw material in the strict inorganic sense" (Anon, 1965:220,221).*

Die ervaring van die studente van die universiteit was so negatief dat hulle dit nodig geag het om vir ʼn wyle die aandag van die bestuur van die universiteit te trek deur die universiteit deur middel van die opstande tot stilstand te dwing. Die optrede van die studente word nie hiermee regverdig nie, maar dat daar ʼn geweldige gevoel van verontmensliking onder die studente teenwoordig was, kom duidelik na vore in die bogenoemde aanhaling. Die studente het nie meer die universiteit beleef as ʼn gemeenskap nie, maar eerder as ʼn besigheid wat deur Clark Kerr bestuur word.

Volgens Mario Savio (1964b) die leier van die *Free Speech Movement,* was Clark Kerr die bestuurder van die universiteit, die fakulteitpersoneel, die werknemers, en die studente was niks anders as roumateriaal nie. Die boodskap wat hy duidelik aan die bestuur van die universiteit wou stuur was dat studente gevoel het dat hulle van hul menswaardigheid beroof is omdat die universiteit toenemend soos ʼn besigheid bestuur word.

Die beskrywing van die universiteit as ʼn industrie het gepaard gegaan met ʼn bepaalde beskouing van kennis.

### 6.2.8 Kennis as produk

Kerr sluit sy boek af deur te wys op die nuttigheid van kennis. Kennis is vir Kerr ŉ nutsmiddel. Kerr gebruik weereens ekonomieterme wanneer hy oor kennis praat, om sy punt te staaf:

> *"In the war of the ideological worlds, a great deal depends on the use of this instrument. Knowledge is durable. It is also transferable. Knowledge cost a great deal to produce, less to reproduce. Thus it only pays to produce knowledge if through production it can be put into use better and faster" (Kerr, 1963a:93).*

Op grond van die hoë kostes van universiteitsonderrig meen Kerr verder dat dit beter is om ŉ groot fabriek te hê wat kennis produseer as ŉ klomp klein fabrieke wat elkeen min kennis produseer. Winsgewendheid word hier as die norm gestel waaraan universitêre onderrig gemeet moet word. Dit is net betalend by ŉ universiteit indien die kennis wat geproduseer word, op ŉ groot skaal aan studente verkoop word. Kerr beskou kennis as ŉ produk wat verkoop moet word. Met die beskouing van kennis word kennis eintlik verskraal. Hoewel Kerr (1963c:xi) kennis baie hoog ag deur dié onsigbare produk as die magtigste middel in die besit van die universiteit te beskou, bly die beskouing van kennis beperk tot die ekonomiese nut daarvan. Kennis het hiervolgens nie waarde as dit nie ekonomiese waarde het nie.

### 6.2.9 Gevolgtrekking

Dit kom voor asof Kerr die beginsels van massaproduksie op die universiteit wil toepas. ŉ Groot verskil tussen ŉ gewone fabriek en "menslike hulpbronne", as ons die ekonomistiese beskrywing van die mens kan gebruik, is dat ŉ fabriek dieselfde item dag vir dag kan reproduseer. ŉ Universiteit produseer egter nie produkte nie, maar mense wat uiteenlopende verskille vertoon. Die menslike faktor in onderrig maak dat ŉ mens nie net ŉ eenvoudige vergelyking tussen die proses van massaproduksie en kennisproduksie kan maak nie.

Hoewel Kerr beswaar gemaak het teen die verandering van kennisindustrie na kennisfabriek, kan daar uit sy eie geskrifte wel afgelei word, dat die universiteit voorgestel kan word as ŉ fabriek wat kennis produseer. Kerr se meganistiese beskrywing van die multiversiteit en sy beskrywing van die massaproduksie van kennis kan inderdaad die indruk skep dat Kerr die universiteit as ŉ kennisfabriek beskou. Hierdie ekonomiese beskrywing van die universiteit lei tot ŉ reduksionistiese opvatting van die universiteit waarin die student en die dosent se menswaardigheid geminag word.

## 6.3 Ekonomistiese universiteit

Kerr se beskrywing van die universiteit as ŉ kennisindustrie bevat die meeste van die argumente wat vandag aangevoer word ten gunste van die kommersialisering van die universiteit. Met kommersialisering word die proses bedoel waarin die universiteit volgens ekonomiese norme ingerig word. Die term "kommersialisering" word in die volgende gedeelte gebruik as ŉ wisselvorm vir die verskynsel van "verekonomisering".

### 6.3.1 Resente publikasies

Dit wat Kerr vyftig jaar gelede gesê het, naamlik dat die samesmelting van die universiteit en die industrie onvermydelik is, word vandag al hoe meer beklemtoon in ŉ aantal eenstemmige publikasies (Etzkowitz *et al.*, 2000; Furht *et al.*, 2013; Malate, 2011; Mok, 2013; Thrift, 2013; Yusuf, 2007). Daar kan ook verskeie ander resente bronne hier bygevoeg word. Die tendens blyk egter oorwegend meer ten gunste van die kommersialisering van die universiteit te wees. Daar word in hoofsaak nie meer gevra of die universiteit gekommersialiseer mag word nie, daar word eerder gevra hoe dit gedoen moet word, soos die titel van die boek "*How Universities Promote Economic Growth?"* van Yusuf and Nabeshima (2007) getuig.

Die praktyk van kommersialisering het verskeie probleme aan die lig gebring. Die verhouding tussen die universiteit en die sakewêreld is nog nie uitgeklaar is nie (Garnsey, 2007). In die laaste tyd het daar wel ŉ aantal kritiese stemme hierteen opgekom (Fink, 2008; Holmwood, 2012; Moser, 2014). In Suid Afrika het Heyns (2013), Goosen (2011), Van der Walt (2013) en Venter (2006a) hulle kommer uitgespreek oor die kommersialisering van die universiteit.

Die kommersialisering van die universiteit hou verband met die kommersialisering van die samelewing. In ŉ toenemende mate het stoflike besittings ŉ maatstaf geword waarvolgens mense hulle lewens inrig. Goudzwaard se kritiek teen die ideologie van materiële welvaart sal leidinggewend wees, wanneer ons die ekonomistiese universiteit wat Kerr beskryf, wil kritiseer. Goudzwaard gee ons ŉ dieper insig in die wortel van die probleem wat ten grondslag lê van die kommersialisering van die universiteit. Die mite dat die kommersialisering van die samelewing in die belang van almal is, word deur Goudzwaard weerlê.

## 6.4 Ideologiekritiese beoordeling

### 6.4.1 Die ideologie van materiële welvaart

Die ideologie van materiële welvaart gaan daarvan uit dat die beginsels van die vrye mark op alle terreine van die lewe toegepas word. Hiermee saam word die vrye mark as ŉ waardevrye

meganisme beskou wat in die beste belang van almal op elke aspek van die samelewing toegepas moet word (Venter, 2006a). Goudzwaard merk egter verskeie teenstrydighede binne die vrye mark stelsel op. Dit laat hom die vraag vra of die Westerse strewe na materiële welvaart nie ideologies beïnvloed is nie.

> *"The paradoxes that have surfaced in our own time appear to be extensions of what we have just described. Behind their obvious economic irrationality we now recognize their hidden ideological logic. How else, other than as the outcome of a vigorous, living ideology of material progress and expansion, can one understand why decision makers pursue and promote strictly market-driven economic growth where it clearly makes no real sense? Only an ideological compulsion can explain why societies that already experience unparalleled wealth intensify the pressure of commercialization in noneconomic sectors. And only by it can we comprehend the strange prioritization of finance and financial markets in a society where one would expect the significance of money to gradually decrease" (Goudzwaard, 2007:96).*

Die verskeie paradokse waarna Goudzwaard hier verwys is hoe die Weste verskeie probleme probeer oplos deur ekonomiese groei te stimuleer. In die proses word daar dikwels meer skade gedoen. Goudzwaard bespreek die paradoks van armoede, bejaardesorg, tyd, en die omgewing. Daar sal kortliks na elkeen van die paradokse verwys word. Die navorser se vermoede is dat die ekonomistiese universiteit self ʼn paradoksale bestaan het.

Wanneer armoede gehanteer word deur net meer ekonomiese groei in ʼn land te stimuleer, word die wortel van die probleem nie gehanteer nie. Daar was volgens Goudzwaard (2007:87) ʼn geweldige toename in armoede in Amerika omdat hierdie benadering gevolg is. Wat die versorging van bejaardes betref word dié tipe dienste al hoe meer onbekostigbaar, terwyl daar eintlik ʼn verbetering behoort te wees soos die standaard van lewe in ʼn land styg. Die tendens word daaraan toegeskryf dat bejaardes as lopende uitgawes beskou word, en dat hulle nie meer ʼn bydrae het om te lewer tot die groei van die ekonomie nie (Goudzwaard *et al.*, 2007:91). Terwyl meeste ekonomiehandboeke sê dat welvaart meer vrye tyd meebring, word die teenoorgestelde waargeneem. Die werkplek se eise word al hoe strenger met die gevolg dat baie meer gevalle van uitbranding en werkverwante stres na vore kom. Wat die versorging van die omgewing betref, sou daar verwag word dat daar as gevolg van verskeie internasionale ooreenkomste, beter tegnologie, en selfs meer beskikbare hulpbronne, ʼn verbetering moes wees. Die teenoorgestelde word egter waargeneem. Klimaatverandering, besoedeling, en die beskadiging van die omgewing bly toeneem (Goudzwaard *et al.*, 2007:87-88).

Die irrasionaliteit van al die paradokse kan volgens Goudzwaard toegeskryf word aan die ideologie van materiële welvaart. Die slaafse navolging van die ideologie verduidelik hoekom bejaardes afgeskeep word, hoekom die omgewing beskadig word en hoekom baie mense slawe

van tyd geword het. Dit wil voorkom of die samelewing materiële welvaart nastreef sonder om die vernietigende gevolgde daarvan te besef.

Die feit dat baie druk op nie-ekonomiese sektore van die samelewing geplaas word om te ekonomiseer, skryf Goudzwaard aan die ideologie van materiële welvaart toe. Die nie-ekonomiese sektore verwys na instansies waar die winsmotief nie 'n primêre funksie is nie. Dit sal instansies insluit soos die skool, die kerk, ouetehuise, die universiteit, ensovoorts. Met die toenemende druk wat op die samelewing toegepas word om te kommersialiseer, het kerke, sport, bejaardesorg, en ook universiteite al hoe meer daarna begin streef om soos winsgewende organisasies te werk te gaan (Venter, 2006a:139).

### 6.4.2 Tirannie van die vrye mark

Wanneer die beginsels van die vrye mark op ander lewensterreine afgedwing word, het ons hier te doen met die totaliserende uitwerking van die mark op elke faset van die lewe. Venter (2006a:139) waarsku teen die gedagte dat die vrye mark as 'n neutrale of waardevrye stelsel beskou moet word. Hoewel die vrye mark teen die totalitarisme van staatbeheer gekant is, het die vrye mark 'n totalitarisme van sy eie ontwikkel (Heyns, 2013:20). Die beginsel van minimale insette en maksimale uitsette word vandag afgedwing op elke faset van die samelewing, insluitend die universiteit.

Bellah noem dit *"the tyranny of the bottom line"* waarmee hy die koue en kliniese toepassing van markbeginsels op die universiteit in die oog het.

> *"There are several ways in which the tyranny of the bottom line drives decisions. When the university is seen simply as part of the economy, then the normal pressures for market efficiency set in, and the consequences are nowhere more ominous than in the sphere of personnel decisions" (Bellah, 2006b:414).*

### 6.4.3 Totalitêre invloed van die vrye mark op die universiteit

Volgens Bellah lê 'n groot gevaar daarin om die ongebreidelde vryemarkgedagte te aanvaar. Die vryemarkstelsel vertoon in sy ongebreidelde vorm totalitêre eienskappe. Waar die universiteit kommersialisering omhels sonder enige beperkinge, word die universiteit blootgestel aan die totalitêre en tirannieke oorheersing van die mark en die universiteit stel daarmee sy eie bestaan in gevaar.

> *"It is not only the state, however, that can be coercive, but the market as well. When the market is not moderated by responsible government and the operation of a variety*

> *of nonmarket mechanisms throughout society, then the market can become very coercive indeed, can become totalitarian. I think this is what is happening to our society generally and to higher education in particular" (Bellah, 2006:411).*

Die kommersialisering van die universiteit as instansie word op ’n persoonlike vlak deur dosente en studente beleef. Dit wat Kerr vyftig jaar terug gesê het van dosente en studente het realiteit geword in die meeste hoofstroomuniversiteite van vandag. Ter wille daarvan dat die studie nie in die lug hang nie, sal daar gekyk word na die wyse waarop die kommersialisering van die universiteit studente en dosente raak.

### 6.4.4 Invloed op dosente

Die dosent moes volgens Kerr al hoe meer die eienskappe van ’n entrepreneur begin aanneem. Dit is vanselfsprekend dat dosente se lewe al hoe meer veeleisend geword het sedert die geweldige toename van studente waarvan Kerr in 1960 gepraat het. Dieselfde dosent moes immers al hoe meer kennis produseer deur middel van navorsing, terwyl daar nog in baie gevalle groot voorgraadse klasse onder sy toesig was. Die veranderinge aan die universiteit het hul invloed laat geld op die dosente.

Die gemeenskap wat voorheen tussen dosente bestaan het, word ernstig bedreig deur die ekonomistiese universiteitsmodel. Dosente wat voorheen mekaar se kollegas was, word deur administratiewe maatstawwe gedwing om eerder mekaar se vyande (kompetisie) te word. ’n Voorbeeld hiervan is wanneer die universiteit vanuit ’n ekonomistiese perspektief gedwing word om die beginsel van *ekonomie van skaal* toe te pas. Dit beteken op grondvlak dat die maksimum uitsette deur elke dosent gelewer moet word (Venter, 2006b:358).

Gepaard met die neiging onder universiteite om dosente te verminder, en dat daar dikwels begin is met die dosente wat die minste uitsette lewer, is dit verstaanbaar dat kompetisie tussen kollegas hoogty vier. Dosente is vandag nie meer ’n gemeenskaplike groep wat saam-worstel en -stry om die waarheid te dien nie. Hulle is eerder ’n groep individue wat elkeen streef na oorlewing in die harde akademiese wêreld. Venter (2006a:138) verbind hierdie stryd met die Darwinistiese stryd van oorlewing wat ten grondslag lê van die ideologie van ekonomisme. ‘n Deel van die stryd om oorlewing is om meer uitsette te lewer as kollegas, wat noodwendig tot ’n verswakking van kwaliteit van navorsing moet lei. Nie alle dosente het dieselfde gawes nie. Die publikasies van die dosente wat die meeste publiseer, is nie noodwendig die beste publikasies nie. Die gevoel wat ’n mens vandag kry is dat akademici vandag nie meer *lewe* nie, maar eerder verwikkel is in ’n stryd om *oorlewing.*

Dit is verstaanbaar dat akademici hulle vandag in toenemende mate hulle teen die kommersialisering van die universiteit uitspreek. Moser (2014) skryf ŉ artikel met die opskrif *"Overuse and abuse of Adjunct Faculty Members Threaten Core Academic Values".* In die artikel wys hy hoe dosente se akademiese vryheid vandag deur vrees bedreig word. Hier moet ons onthou dat ideologieë daardeur gekenmerk word dat hulle vrees inboesem. Moser (2014) skryf hoe dosente bevrees is, omdat hulle weet dat hul werk op die spel is as hulle nie volgens administratiewe maatstawwe presteer nie. Die gevolge hiervan is dat akademici se kritiese stem teenoor die kommersialisasie van die universiteit stilgemaak word, omdat hulle nie teen hul werkgewers in opstand wil kom nie.

Hoewel die kommersialisering van die universiteit die vryheid van akademici aansienlik kan ondermyn, spreek Heyns (2013:20) sy kommer uit dat akademici nie hierteen in opstand kom nie. Die rede hiervoor is dat hulle ter wille van eie finansiële voordeel eerder die kommersialisering van die universiteit ondersteun.

Hoewel die ekonomistiese universiteit uitsette op ŉ ekonomistiese wyse evalueer, is dit nie die manier waarop kwaliteit geëvalueer kan word nie. Die fakulteit of dosent wat die meeste uitsette lewer, is nie noodwendig die fakulteitlid of dosent wat vir die universiteit die waardevolste is nie. Dit mag wees dat die kommersialisering van kennis uiteintlik tot die ongeloofwaardigheid van universiteitsgrade lei. Moser (2014) noem dat baie studente vir wie hy klas gee onseker is of hulle ŉ werk gaan kry nadat hulle afgestudeer het. Sy gegradueerdes verwys na hulself op ŉ spottende wyse as die "*pre-unemployed".* Deur die besigheidsmodel onbeperk na te streef mag die universiteit sy eie grootste vyand word, omdat die kwaliteit en geloofwaardigheid van universitêre onderrig in die proses geweldig skade aangedoen word.

Op dieselfde wyse waarop die staat deur middel van groot navorsingstoelae die universiteit omgekoop het om sy eie agenda voorop te stel, word akademici aangemoedig om net te publiseer wat finansiële voordeel vir die universiteit inhou. Dit bring mee dat akademici niks meer as akademiese marionette word wat moet doen wat die administrasie van hulle verlang nie.

Heyns spreek sy kommer uit dat universiteite die vermoë kan verloor om die totaliteit van die skepping te bedink. Wanneer universiteitsopleiding verskraal word tot beroepsafrigting ter wille van deelname in die ekonomie, kan die gevolg daarvan wees dat die universiteit die vermoë verloor om studente te leer om kreatief te wees (Venter, 2006b:377ff) en met ŉ globale visie te dink (Heyns, 2013:22). Dit bring ons by die invloed wat die ekonomistiese universiteitsmodel op studente het.

### 6.4.5 Invloed op studente

ŉ Verdere nadelige gevolg van die kommersialisering van die universiteit is die nadelige uitwerking wat dit op die verhoudings tussen dosente en studente het. Waar die student as ŉ kliënt van die universiteit beskou word, het dit ŉ negatiewe uitwerking op die student se begeerte om te leer. Ons weet ook dat Kerr (1963b:33; 1982:242; 1995:147) op verskeie plekke na studente as kliënte verwys. Die gevaar bestaan dat die studente hulself begin beskou as kliënte en dat hulle die primêre verantwoordelikheid in die leerproses na die dosent verskuif.

Bellah (2006b:414) maak die opmerking dat die beginsel van verbruikersoewereiniteit vandag deur studente aangeneem word, juis omdat hulle hulself as kliënte van die universiteit begin beskou. Hy vra die vraag*: "If we are simply supplying a market product, why shouldn't the consumer be sovereign?".* Wanneer kennis tot ŉ produk gereduseer word en die student tot ŉ kliënt verlaag word, lei dit noodwendig daartoe dat die student altyd reg is. Waar die kliënt in besigheidsterme altyd reg is, sal die student as verbruiker homself bo die dosent verhef. Dit bring mee dat daar baie druk op dosente geplaas word om te sorg dat die produk wat hulle aan die studente verskaf altyd van uitnemende gehalte is. Bellah meen egter dat daar ŉ geneigdheid is om die dosent se verantwoordelikheid binne die ekonomistiese universiteit te oorbeklemtoon terwyl die student se eie verantwoordelikheid onderbeklemtoon word. Dit is volgens hom nie bevorderlik vir onderrig nie.

Buiten die feit dat studentesoewereiniteit nadelig is vir onderrig, skep die universiteit vir homself ŉ groot probleem deur studente as kliënte te beskou. Waar iemand in die sakewêreld ŉ produk koop en ontevrede is daarmee, kan hulle die produk teruggee. Waar die universiteit sy graad as ŉ produk verkoop, moet die universiteit nie verbaas wees as studente verwag dat hulle sonder veel insette ŉ graad moet kry nie. Die volgende aanhaling van Bellah illustreer hierdie punt verder.

> *"I was disturbed, but not surprised, when a few years ago I heard that a student in the Stanford Business School had, after the first couple of class meetings, shouted at a very able young sociologist the school had hired, 'I didn't pay $40,000 dollars to listen to this bullshit,' and then walked out of the class. But I have recently heard of a couple of instances where undergraduates at state institutions, in arguing about a grade, said to the instructor, 'I'm paying for this course,' as though they felt they weren't getting the value paid for" (Bellah, 2006b:416).*

Uit die bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat, hoewel dit finansiële voordeel vir die universiteit meebring, die kommersialisering van die universiteit ten koste van dosente en studente gedoen word.

Dit bring ons by die volgende gevolgtrekking. Net soos Goudzwaard aangedui het dat daar bepaalde teenstrydighede of paradokse teenwoordig is binne die Westerse strewe na materiële welvaart, is daar verskeie paradokse wat kop uitsteek wanneer die universiteit besigheidsmodelle slaafs nastreef.

## 6.5 Gevolgtrekking

### 6.5.1 Paradoksale universiteit

Dieselfde irrasionaliteit wat Goudzwaard bemerk in die Weste se strewe na materiële welvaart kan ons opmerk in die strewe na die kommersialisering van die universiteit. As al die negatiewe gevolge van die kommersialisering in ag geneem word, maak dit logies nie sin om die universiteit volgens markbeginsels te bestuur nie, maar die feit dat kommersialisering wel slaafs nagestreef word, kan slegs aan ideologiese beïnvloeding toegeskryf word. Voorbeelde wat genoem kan word is die minagting van die geesteswetenskappe en die voorkeur vir nagraadse studie bo voorgraadse onderrig. Hiermee saam het die "*tyranny of the bottom line*[12]*"* uiters nadelige gevolge vir die universiteit as instansie, sowel as vir dosente en studente.

ŉ Verdere paradoks waarop Heyns (2013:11) wys is dat die voorstaanders van die ekonomistiese universiteit na die ekonomiese insinking weer begin pleit vir groter ondersteuning van die staat. Die rede hiervoor is dat besighede hulle navorsingsbegroting aansienlik moes sny. Aan die een kant word universiteite aangemoedig om meer te kommersialiseer, maar aan die ander kant plaas die ekonomistiese model geweldige druk op die universiteit in tye van ekonomiese druk. Besighede is geneig om na hul eie belange om te sien wanneer dit met hulle swaar gaan, en dan ly navorsingsprojekte by die universiteit hieronder. Heyns noem dit ŉ ekonomistiese paradoks.

### 6.5.2 Grand narrative van ekonomisme

Dit is ironies dat die pluralistiese universiteit geen beswaar maak teen die "*grand narrative"* van ekonomisme nie. Binne die pluralistiese universiteitsidee wat Kerr voorstaan, het die ideologie van ekonomisme byna ongemerk die norm geword waarvolgens die meeste besluite op bestuursvlak geneem word. Dit is ironies dat Kerr, wat teen alle totaliserings gekant was, ŉ

---

[12] Dit verwys na 'n opmerking wat Bellah gemaak het by punt 6.6.2. Wat hiermee bedoel word, is dat ekonomiese maatstawwe as die beginselgronde vir alle besluite geneem word. Die "tyranny of the bottom line" verwys na die praktyk dat daar nie meer gevra word of iets reg of verkeerd is nie, maar eerder of dit wins maak of nie.

slagoffer word van die totalitêre heerskappy van die ekonomie. Dit lei daartoe dat Kerr uitkom by ŉ reduksionistiese opvatting van die universiteit.

### 6.5.3 Reduksionistiese opvatting van die universiteit

Wanneer een aspek van die werklikheid verabsoluteer word ten koste van die ander aspekte van die werklikheid, lei dit noodwendig tot ŉ reduksionisme[13] (Clouser, 2005:269-302). Die logiese aspek van die werklikheid wat tuishoort by die universiteit, word dan oorheers deur die ekonomiese aspek van die werklikheid. Deur die ekonomiese aspek van die werklikheid te verabsoluteer word ekonomiese eienskappe aan instansies en mense toegeken wat neerkom op ŉ verskraling van die werklikheid. Studente is tog baie meer as kliënte. Studente kan tog nie as soewereine gebruikers bepaal wat in die klas moet gebeur nie. Die universiteit is tog baie meer as ŉ industrie en die dosent tog baie meer as ŉ entrepreneur of ŉ marionet.

As verder in ag geneem word dat dit vandag byna ondenkbaar is om te dink aan ŉ universiteit wat nie winsgewend bedryf word nie, wys dit ons hoe geweldig kragtig die ideologie van ekonomisme se invloed op die universiteit is. Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat Kerr se universiteitsbeskouing wel in ŉ groot mate deur die ideologie van ekonomisme beïnvloed is.

---

[13] Hoewel Clouser poog om ŉ nie-reduksionistiese teorie van die samelewing te verdedig is wat hy in dié verband sê ook van toepassing op die universiteit. Hoofstuk 12 van Clouser se boek "The Myth of religious neutrality" handel oor "A non-reductionist theory of society".

# 7. SAMEVATTING

Die sentrale bevinding wat in hierdie studie gemaak word, is dat Kerr se pluralistiese begronding van die universiteit ruimte laat vir die ontwikkeling van verskeie ideologieë. Die teenwoordigheid van die ideologieë van voortdurende vooruitgang, nasionalisme en ekonomisme dui daarop dat die pluralistiese universiteitsmodel nie waardevry is nie. Die pluralisme het in Amerika in dieselfde tyd ontstaan as die sekularisme (Ringenberg, 2006:113-144). Dit verduidelik hoekom die pluralistiese universiteitsidee wat Kerr voorstaan enige religieuse begronding van die universiteit verwerp.

Binne die sekulêre vakuum word die pluralistiese model die ideale teelaarde vir die ontstaan van verskeie ideologieë. Die Amerikaanse universiteit het sedert sy ontstaan vanuit ŉ Puriteinse vertrekpunt vasgehou aan die eenheidstrewe van die universiteit. Met die sekularisme se opkoms is die religieuse vertrekpunt as ŉ bedreiging van die universiteit se vooruitgang beskou en bestry. In hierdie tyd is meeste voormalig-Protestantse universiteite gesekulariseer, waaronder Harvard en Yale genoem kan word.

Die Amerikaanse Universiteit is verder aansienlik beïnvloed deur staatsubsidies sedert die *Land Grant Movement* en haar betrokkenheid by oorlogsnavorsing tydens die Tweede Wêreldoorlog. Na die Tweede Wêreldoorlog het die universiteit betrokke gebly by oorlogsnavorsing omdat die Koue Oorlog aangebreek het. Die langdurige oorlogsituasie het die universiteit daartoe gelei dat nasionale diens sedertdien as ŉ kerntaak van die universiteit beskou is.

Na die skielike einde van die Koue Oorlog het betrokkenheid in die sakewêreld die universiteit se betrokkenheid in sake van nasionale belang stelselmatig vervang. Vandag word staatsbeheer nie as die grootste gevaar vir die universiteit beskou nie, maar eerder die kommersialisering van die universiteit. Kerr het vir die universiteit se betrokkenheid in die sakewêreld ruimte gemaak deur die geweldige toename in studentegetalle in die 1960's te probeer oplos en deur vir die eerste keer in die geskiedenis kennis op ŉ groot skaal te produseer. Die gevolge hiervan was egter baie nadelig vir dosente en studente.

Die wyse waarop Kerr die groot veranderinge geregverdig het, was deur te argumenteer dat voortdurende verandering noodsaaklik is vir oorlewing in die tersiêre wêreld. Hy moes eers die idee van ŉ "*universitas magistrorum et scholarium"* as oudmodies verklaar voordat hy al die veranderinge aan die universiteit - waarvoor hy ŉ pragmatiese regverdiging gebied het - as geldige alternatiewe kon stel. Saam met hierdie verandering het die universiteit sy kritiese stem teenoor die samelewing verloor.

In hierdie studie is bevind dat Kerr se universiteitsidee nie waardevry is nie, maar wel 'n definitiewe voorkeur het vir verskeie ideologieë. Die ideologieë werk mekaar nie teë nie, maar werk saam met mekaar om 'n totalitêre doel te bereik. Dus begin Kerr met 'n pluralistiese model, maar eindig hy met verskeie totalitêre ideologieë. 'n Totalitarisme wat hy met alle mag wou vermy.

Die vraag bestaan nou of 'n duidelike begronding van die universiteit se taak en roeping nie juis nodig is om die tipe ideologieë teen te werk nie. Wanneer die universiteit die staat en die sakewêreld toelaat om haar roeping vir haar te bepaal, lei dit uiteindelik daartoe dat die universiteit afstand doen van haar unieke taak om aan die staat en die sakewêreld die waarheid te verkondig. Die Nederlandse spreekwoord kan sekerlik hier gebruik word: *"wiens broodt men eet, diens woord men spreekt."* Wanneer die universiteit in diens van die staat is, word dit al hoe moeiliker vir die universiteit om die staat tot orde te roep wanneer die staat verkeerd optree. Dieselfde kan oor die universiteit se intieme betrokkenheid by die sakewêreld gesê word.

Dit bring ons uit by die laaste vraag. Het Kerr nie juis deur die universiteit van haar historiese wortels te beroof, ook die universiteit uiters vatbaar gemaak om misbruik te word deur allerlei partye nie? Kerr (1963c:xi) skryf in 1963 sy voorwoord baie optimisties *"for it is not the misuses of the university that will mainly concern us"*. Dit is egter juis die moontlike ideologiese misbruik van die universiteit wat vir die doeleinde van die studie van belang was. Dit is juis die moontlike misbruik van die universiteit deur die staat en sakewêreld wat verskeie denkers laat nadink oor die rigting waarin die universiteit vandag beweeg.

In die studie is daar slegs gepoog om aan te toon dat religieuse pluralisme as begronding vir die universiteit uiters problematies is. Verdere studie is egter nodig om alternatiewe moontlikhede te ondersoek. Hoe behoort die universiteit vandag teenoor die staat en die besigheidwêreld te staan? Is samewerking enigsins moontlik sonder om die eie taak van die universiteit prys te gee? Is dit werklik wenslik om mega-universiteite te hê? Moet daar nie eerder gestreef word na kleiner gemeenskapgesentreerde universiteite waar daar werklik gemeenskap tussen dosente en studente moontlik is nie? Wil studente nommers wees of wil hulle eerder name hê?

Dalk is die beginpunt dat daar eers ondersoek ingestel word oor wat die universiteit eermalig was. Dit wil immers voorkom of studente verlang na dit wat die universiteit eers was. In hierdie verband word daar afgesluit met die woorde van Mario Savio:

> *"It's been said that we have been revolutionary, and all this sort of thing. In a way that is true. We have gone back to a traditional view of the university. The traditional view of the university is a community of scholars, of faculty of students ..." (Savio, 1964a).*

Vandag is meeste universiteite eintlik multiversiteite. Moet ons nou eerder die naam van die universiteit verander, of moet ons dalk weer die eenheid wat daar lank gelede tussen leermeester en student was, gaan opsoek? Moet ons die multiversiteit totaal onkrities omhels, of moet ons eerder weer streef na ’n gemeenskap van dosente en student? Dalk is dit juis die verlore gemeenskap wat as ’n beginpunt kan dien in ons soeke na die ware universiteit?

## BIBLIOGRAFIE


Adrian, W. 2003. Christian Universities in historical perspective. *Christian Higher Education,* 2(1):15-33.

Anon. 1960. The Donohoe Higher Education Act. http://www.ucop.edu/acadinit/mastplan/donahoe.htm. Date of access: 21 June 2014.

Anon. 1960b. A Master Plan for Higher Education in California, 1960-1975. Sacramento: California State Department of Education. http://www.ucop.edu/acadinit/mastplan/MasterPlan1960.pdf. Date of access. 21 June 2014.

Anon. 1965. We want a university. (*In* Haberkern, E., *ed.* Berkeley: The new student revolt. Introduction by Mario Savio. Berkeley: Centre for sosialist history. p. 217-226). http://csh.gn.apc.org/BerkeleyStudentRevolt.pdf. Date of access. 21 June 2014.

Bellah, R.N. 2006. The Robert Bellah Reader, edited by R.N. Bellah & S.M. Tipton. London: Duke University Press.

Bernstein, M.A. 2012. The uses of the university: After fifty years: Introduction. *Social Science History,* 36(4):473-479.

Bragg, D. & Laanan, F. 2010. Clark Kerr 1911-. (*In* Palmer, J., Bresler L. & Cooper D., *eds*. Fifty modern thinkers on education: From Piaget to the present day. New York: Routledge. p. 290).

Bybel. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika. .

Clouser, R.A. 2005. The myth of religious neutrality: an essay on the hidden role of religious belief in theories. Revised edition. Notre Dame: University of Notre Dame Press.

Duvenhage, S.C.W. 1977. Die Universiteit en die studente in Christelike perspektief. *Instituut vir die bevordering van Calvinisme,* 121:1-19.

Etzkowitz, H., Webster, A., Gebhardt, C. & Terra, B.R.C. 2000. The future of the university and the university of the future: evolution of ivory tower to entrepreneurial paradigm. *Research Policy,* 29(2):313-330.

Fink, L. 2008. Corporatization and What We Can Do about It. *The History Teacher,* 41(2):229-233.

Flexner, A. 1930. The Idea of a Modern University. Oxford University Press.

Furht, P., Aalo, V., Agarwal, A., Cardei, I., Cardei, M., Erdol, N., et al. 2013. Creating Entrepreneurial University. *ICERI2013 Proceedings*: p. 2853-2862.

Garnsey, E. 2007. The Entrepreneurial University: The idea and Its Critics. In Yusif, S. & Nabeshima K. (Eds.), *How universities promote economic growth* (pp. 227-238). Washington DC: World Bank. http://www.usp.ac.fj/worldbank2009/frame/documents/publications_global/383330universi101official0use0only1.pdf. Date of access: 21 June 2014.

Goosen, D. 2011. Die teoretiese lewe. Perspektiewe vanuit die tradisie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 51(4):490-506.

Goudzwaard, B. 1984. Idols of our time. Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press.

Goudzwaard, B., Vander Vennen, M. & Van Heemst, D. 2007. Hope in troubled times: A new vision for confronting global crises. Grand Rapids: Baker Academic.

Hawkes, D. 2003. Ideology: the new critical idiom. London: Routledge.

Heyns, M.F. s.j. Waanbeelde: Uitstaande betekenisse van die ideologie-begrip. Potchefstroom: Ongepubliseerde klasdiktaat.

Heyns, M.F. 2013. The Economistic university: a brave new paradigm? *Phronimon,* 14(2):1-24.

Holmwood, J. 2012. Markets Versus Publics. *Harvard International Review,* 34(2):12-15.

James, W. 1925. Pragmatism: a new name for some old ways of thinking. New York: Longmans, Green and Co.

Kennedy, E. 1978. Destutt de Tracy and the Origins of 'Ideology'. Philadephia: American Philosophical Society.

Kennedy, E. 1979. "Ideology" from Destutt De Tracy to Marx. *Journal of the History of Ideas,* 40 (3):353-368.

Kerr, C. 1963a. The future of the city of intellect. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 65-93).

Kerr, C. 1963b. The idea of a multiversity. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 1-34).

Kerr, C. 1963c. Preface, 1963. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. xi-xii).

Kerr, C. 1963d. The realities of the Federal Grant University. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 35-64).

Kerr, C. 1963e. The uses of the university. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 1-93).

Kerr, C. 1972a. Reconsiderations after the revolts of the 1960's. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 97-113).

Kerr, C. 1972b. The Uses of the University, with a ‘Postscript—1972’. Harvard University Press Cambridge, Massachusetts.

Kerr, C. 1982. Attempted Reforms that failed. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p.113-140).

Kerr, C. 1994. Abraham Flexner's Universities. *Society,* 31(4):40-47.

Kerr, C. 1995. Commentaries on the Golden Age of the Research University. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 141-163).

Kerr, C. 2001a. The "City of intellect" in a Century of the Foxes? (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. 198-228).

Kerr, C. 2001b. The Gold and the Blue: Volume 1 & 2. California: University of California Press.

Kerr, C. 2001c. Preface, 2001. A new century for higher education. (*In* Donald, A., *ed.* 2001. The uses of the university. 5th ed. Cambridge: Harvard University Press. p. vii-xi).

Kerr, C., Gade, M.L. & Kawaoka, M. 1994. Higher Education Cannot Escape History: Issues for the Twenty-first Century. New York: State University of New York Press.

Lange, M.M. 2011. Progress. *Stanford Encyclopedia of Philosophy,* (Spring):1-37. http://plato.stanford.edu/archives/spr2011/entries/progress. Date of access: 21 June 2014.

Lyotard, J.F. 1984. The postmodern condition. Translated by Geoff Bennington and Brian Massumi. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Malate, R.F. 2011. Impact of Corporatization on Higher Education. *Liceo Journal of Higher Education Research,* 7(1):137-149.

Mattingly, P.H. 2012. Clark Kerr: the unapologetic pragmatist. *Social Science History,* 36(4):481-497.

Meijer, J.M. 2010. Tussen hamer en aambeeld: Deel 2. Pretoria: Boekenhout.

Mok, K.H. 2013. The quest for an entrepreneurial university in East Asia: Impact on academics and administrators in higher education. *Asia Pacific Education Review,* 14(1):11-22.

Moser, R. 2014. Overuse and abuse of Adjunct Faculty Members Threaten Core Academic Values. http://chronicle.com/article/OveruseAbuse-of-Adjuncts/143951/ Date of access: 17 June 2014.

Mouw, R. & Griffioen, S. 1993. Pluralisms and horizons: An Essay in Christian Public Philosoply. Grand Rapids, Michigan: William. B. Eerdmans Publishing Company.

Newman, J.H. 1852. The Idea of a University defined and Illustrated in Nine Discources Delivered to the Catholics of Dublin [Kindle vers.] Available: www.amazon.com

Popma, J. 1969. Universiteit: idee en praktijk. Amsterdam: Buijten en Scipperheijn.

Ringenberg, W.C. 2006. The Christian college: a history of Protestant higher education in America. 2nd ed. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Savio, M. 1964a, Mario Savio, leader of the Free Speech Movement at UC (Berkeley) 1964. http://youtu.be/hlYk-WoBEEg. Date of access: 14 June 2014.

Savio, M. 1964b. Mario Savio: Sproul Hall Steps, December 2, 1964. http://www.lib.berkeley.edu/MRC/saviotranscript.html. Date of access: 14 June 2014.

Savio, M. 1965. Introduction. (*In* Haberkern, E., *ed.* Berkeley: The New Student Revolt. California, Alameda: Centre for Socialist History. p.1-9). http://csh.gn.apc.org/BerkeleyStudentRevolt.pdf. Date of access: 14 June 2014.

Schrum, E. 2012. To "Administer the Present". *Social Science History,* 36(4):499-523.

Soo, M. & Carson, C. 2004. Managing the Research University: Clark Kerr and the University of California. *Minerva: A Review of Science, Learning & Policy,* 42(3):215-236.

Stellingwerff, J. 1971. Inleiding tot de Universiteit. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.

Stoker, H.G. 1967. Oorspring en rigting. Band 2. Kaapstad: Tafelberg.

Stuart, M.C. 1980. Clark Kerr: Biography of an action intellectual. University of Michigan. Ongepubliseerde doktorsgraad.

Stumpf, S.E. 1966. Socrates to Sartre: A History of Philosophy. New York: McGraw Hill Book Company.

Thrift, N. 2013. Global university summit: Universities and Economic Growth. http://www.gus2013.org/files/9513/6938/2184/Global_University_Summit_-_pre-Summit_report.pdf Date of access: 16 June 2014.

Van der Walt, B.J. 1999. Visie op die werklikheid: Die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouding en filosofie. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS).

Van der Walt, B.J. 2013. How not to internationalize and perhaps secularize Christian Higher Education. Paper presented at the Conference for Internationalizing Christian Higher Education. Grand Rapids, Michigan. Calvin College.

Venter, J.J. 1978. De taak van de universiteit in historisch perspectief. (*In* Bruggemann-Kruijff, A.T., Voorsluis B. & Zijlstra O.K., *reds*. De taak van de Universiteit: wijsgerige opstellen over de universiteit. Assen: Van Gorcum).

Venter, J.J. 2006a. Competitiveness, rational audits, materialistic values: university in context. (*In* Kuçuradi, I. & Güzel. C., *eds*. 2007. The proceedings of the twenty-first World Congress of Philosophy. Ankara, Turkey: Philosophical Society of Turkey.

Venter, J.J. 2006b. A creative humane university – coping with the business model. *Koers : Bulletin for Christian Scholarship,* (2-4):357.

Vollenhoven. 2005. Wijsgerig woordenboek. Amstelveen: De Zaak Heas.

Wright, R. 2004. A short history of progress. Toronto: House of Ananzi.

Yusuf, S. 2007. University-industry links, policy dimensions. (*In* Yusuf, S. & Nabeshima, K., *eds*. How universities promote economic growth. Washington: World Bank p. 1-26). http://www.usp.ac.fj/worldbank2009/frame/Documents/Publications_global/383330Universi101OFFICIAL0USE0ONLY1.pdf. Date of access: 21 June 2014.

Yusuf, S. & Nabeshima, K. 2007. How universities promote economic growth. World Bank Publications. http://www.usp.ac.fj/worldbank2009/frame/Documents/Publications_global/383330Universi101OFFICIAL0USE0ONLY1.pdf. Date of access: 21 June 2014.